REWO

Jou finansiële rewolusie

# DIE KRAG VAN RUS

GARY KEESEE

LUSIE

Liewe vriend in Christus

Dit is ons gebed dat hierdie leerhulpbron vir jou 'n seëning en bemoediging sal wees! Deel gerus hierdie materiaal met jou vriende, familie en lede van jou kerk. Jy kan ook na *FLNFree.com* gaan om addisionele kopieë en nog gratis leringe in jou taal af te laai.

God is lief vir jou en Hy het 'n asemrowende plan vir jou lewe! Ons lewens is ten goede verbeter to ons geleer het hoë God se koninkryk funksioneer en ons vertrou dat dit dieselfde vir jou sal doen!

Met liefde in Christus

Gary en Drenda Keesee



NS. Onthou om na ons gratis webtuiste, *FLNFree.com* te gaan om meer leringe in jou taal af te laai.

REWO

Jou finansiële rewolusie

# DIE KRAG VAN RUS

GARY KEESEE

LUSIE

Your Financial Revolution
*The Power of Rest*, Afrikaans
Copyright © 2024 by Gary Keesee

Originally published in English
Copyright © 2018 by Gary Keesee
ISBN: 978-1-945930-03-4

Gary Keesee Ministries,
P.O. Box 779, New Albany,
OH 43054, USA
GaryKeesee.com

This book is a FREE GIFT from Gary Keesee Ministries and is
NOT FOR SALE

Jou finansiële rewolusie
*Die krag van rus*, Afrikaans
Kopiereg © 2024 deur Gary Keesee

Oorspronklik in Engels gepubliseer
Kopiereg © 2018 deur Gary Keesee
ISBN: 978-1-945930-03-4

Gary Keesee Ministries,
Posbus 779, New Albany,
OH 43054, VSA
GaryKeesee.com

Hierdie boek is 'n GRATIS GESKENK van Gary Keesee Ministries en is
NIE TE KOOP NIE

Bybelaanhalings uit die *Nuwe Lewende Vertaling* (NLV) © 2006,
Christelike Uitgewersmaatskappy. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.
Ander Bybelvertalings sluit in die *Bybel in Afrikaans* (1953- en 1983-vertaling),
*Die Bybel vir Almal,* en 2020-vertaling © Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou; *Die Boodskap* © 2000,
Christelike Uitgewersmaatskappy. Gebruik met toestemming.
Alle regte voorbehou.

Ek wil hierdie boek aan my vrou, Drenda, opdra want dit was haar bemoediging, haar passie vir die dinge van God en haar liefde vir haar gesin en vir my wat my al hierdie jare geïnspireer het. Saam het ons bewys dat drome werklik waar word!



# INHOUD

**INLEIDING** .......................................................... 9

**HOOFSTUK 1:** RUS – die fondament .......................................... 15

**HOOFSTUK 2:** Wetlike reg .................................................... 29

**HOOFSTUK 3:** Die koninkryk is jou antwoord ............................ 49

**HOOFSTUK 4:** Ek het 'n belangrike sleutel
van die koninkryk gevind! .................................. 71

**HOOFSTUK 5:** Om te vlieg is beter as om te loop ........................ 85

**HOOFSTUK 6:** Daar is meer in die lewe as om
rekeninge te betaal! .......................................... 105

**HOOFSTUK 7:** Dit is onmoontlik! ............................................ 119

**HOOFSTUK 8:** Die dubbele deel .............................................. 131

**HOOFSTUK 9:** Meer as genoeg! ............................................... 145

**HOOFSTUK 10:** Die geheimenis van die dubbele deel ............... 169

**EINDNOTAS** ........................................................................ 195

# INLEIDING

Die dag wat ons die plaashuis verlaat het, was ’n bittersoet dag. Ons het amper nege jaar in daar die ou, klein, afgeleefde plaashuis gewoon, en nou was ek besig om die laaste bokse uit te dra na ons paneelwa. Ek was op pad na ons nuwe huis wat ons self gebou het – ’n 700 vierkante meter Georgiaanse huis wat op 22 hektaar pragtige Ohio-plaasgrond gebou is, met 8 hektaar woud en moeras rondom dit. Dit was ’n droom wat net ’n paar jare tevore onmoontlik sou gelyk het.

Maar selfs al het ons die plaashuis verlaat, was ek baie lief vir daardie ou huis. Ja, selfs met die gebreekte vensterrame, die vuil kelder en die konstante byaanvalle wat ons ondervind het terwyl ons daar gewoon het. So baie herinneringe het in my gedagtes opgekom. Twee van my vyf kinders is in daardie sitkamer gebore.

Ons het baie goeie tye daar gehad, maar ook baie tye van finansiële stres en hopeloosheid. Daar was so baie dinge wat ons moes leer. Alhoewel dit moeilik is om jou in te dink, het ons toe ons nege jaar tevore daar ingetrek het, maar net $300 dollar per maand huur betaal. Albei ons karre was stokoud, met honderde duisende kilometers op die meter, en tog was daar retensieregte op albei. In daardie stadium het dit gelyk of ons aan almal geld geskuld het. Ons het tien kredietkaarte gehad wat almal op die limiet en gekanselleer was; twee lenings by

finansieringsmaatskappye; natuurlik twee motorpaaiemente; skuld aan die belastingdienste; tienduisende wat ons aan ons familie geskuld het; en so het die lys aangegaan. Ons het ’n lewe van finansiële oorlewing geleef – partykeer amper alles wat ons besit het verpand net om kruideniersware te kan koop. Ons besittings was baie oud en gebreek, en ons het dit so aangekoop.

Ons verskriklike finansiële situasie van daardie tyd het maar min hoop gelaat vir ’n blink toekoems. Om die waarheid te sê, ek het nie veel hoop gehad dat dinge sou verander nie. Ek was lief vir my gesin, ek het ’n beeldskone vrou gehad, maar ek was besig om hulle deur finansiële hel te sleep!

Ek het antidepressante gebruik, paniekaanvalle gekry en vrees het my daaglikse lewe oorgeneem. Kom ons sê maar ek was nie die gelukkigste mens nie. Ek het lewensversekering verkoop, op kommissie geleef, en was vinnig op pad na nêrens nie. Ons was stadig maar seker besig om dieper in die skuld te raak totdat daar geen ander skuldoplossings was nie. Dit was op hierdie punt wat ek emosioneel ineengestort het. Paniek en vrees het my gedagtes oorheers. Ek was selfs bang om my huis te verlaat, wat natuurlik nie goed is vir kommissieverkope nie.

My vrou het gedink sy gaan haar man verloor, en die vrees om ons vier kinders alleen groot te maak, het by haar gespook. Maar sy is ’n sterk gelowige in die krag van gebed en het nie opgegee nie. Ons het saam gebid en toe werk gemaak om die beginsels van God se koninkryk te ontdek. Soos wat ons God gesoek het vir antwoorde en beginsels, het die hoop in ons harte gegroei en ons het die een wonderwerk na die ander begin sien toe ons dit wat God ons gewys het, begin toepas.

Ek het een aand ’n bepalende oomblik gehad toe God my gewys het dat ek my eie maatskappy in die finansiële sektor moes begin waar

ek mense sou help om uit die skuld te kom en om hulle die beginsels wat Hy my gewys het, te leer. In daardie stadium het dit baie snaaks gelyk dat ek mense sou wys hoe om uit die skuld te kom terwyl ons self nog soveel skuld gehad het. Ons het hieroor gebid, maar die Here het vir ons gesê dat soos wat ons uitgestap het en Sy beginsels aan ander begin leer, ons ons eie vryheid sou vind. Dit was ’n stap van geloof om die maatskappy te begin, want ons het geen idee gehad hoe om dit te doen nie. Maar ons het volhard. Die maatskappy het gegroei en die geld wat dit ingebring het, het ons gesin binne twee en ’n half jaar uit die skuld gehad. Ek sal in die volgende hoofstuk meer oor ons maatskappy vertel, maar weet vir nou dat dit ons lewens drasties verander het! Daar is geen manier hoe ek kan verduidelik hoe dit voel om vry te wees nie, hoe dit gevoel het om by ’n motoragentskap in te stap en kontant vir ’n nuwe kar te betaal nie. Hoe dit gevoel het om ons nuwe huis te ontwerp, bou en te betaal nie. Wat ons ondervind het, was ver bo enigiets wat ons sou kon uitdink.

Ja, die plaashuis het baie herinneringe gehad. Toe ek die laaste boks uit die huis gaan haal het, het my vrou in die klein eetkamertjie gestaan. Sy het met trane in haar oë na my gekyk. Dit was nie trane van hartseer nie; dit was trane van vreugde en emosie soos sy onthou het wat God ons alles daar geleer het. Ek het ook teen die trane geveg toe ek ’n laaste keer deur die kamers geloop het en met gemengde emosies onthou het wat daar gebeur het. Ons was besig om ’n hoofstuk in ons lewens af te sluit en was op pad na ’n nuwe gebied. Wat was nou op die horison? Die reis het ons geneem van depressie, met geen hoop nie, na ’n toekoms vol hoop. Toe ek met die laaste boks uitstap, het ek gestop en met ’n glimlag teruggekyk na die huis. “Nee, ek sal jou nie mis nie. Ek het nou ’n beter plek.”

Dit was beslis opwindend om in ons nuwe huis in te trek. Maar die beste van ons reis was dat daar uiteindelik rus was! Ek kon aan my toekoms dink en nie net oor hoe om die rekeninge te betaal nie. Deur die jare was dit 'n werklike droom om in Sy rus te leef! Dat ons motors betaal was, is rus. Om skuldvry te wees, is rus. Om my betaalde droomhuis op 22 hektaar te hê, is rus. Die glimlag op my vrou se gesig wanneer sy gaan inkopies doen en nie oor geld bekommerd is nie, is rus. Om alles wat ons nodig het, te besit en genoeg geld te hê om honderde duisende dollar aan ander te gee en om die Evangelie te bevorder, is rus. Maar die grootste verandering in my lewe is heel waarskynlik om nie elke dag wakker te word met die druk en vrees wat my lewe in daardie vroeë jare oorheers het nie. Om weer te kan droom van goeie goed en nie oor hoe om die volgende week te oorleef nie, is rus.

**SOOS WAT ONS GOD GESOEK HET VIR ANTWOORDE EN BEGINSELS, HET DIE HOOP IN ONS HARTE GEGROEI EN ONS HET DIE EEN WONDERWERK NA DIE ANDER BEGIN SIEN TOE ONS DIT WAT GOD ONS GEWYS HET, BEGIN TOEPAS.**

Ja, die dag toe ek die laaste bokse in die paneelwa ingepak het en na ons nuwe huis gery het, was bittersoet. Maar glo my, die soetheid van die rus wat ek en Drenda ontdek het, het die bitter gedagtes om daardie herinneringe agter te laat, so oorweldig dat ons weer soos twee klein kindertjies gevoel het, en ons het saam gelag en gedroom.

Ek weet wat jy dink. Ek wens ek het dit gehad. Ek wens ek kan dit ondervind en lag, droom en in staat wees om op iets anders as die rekeninge te fokus. En alhoewel jy dit in hierdie stadium van die boek

moeilik mag vind om dit te glo, kan ek jou verseker dat dit wat ek en Drenda ontdek het, net so beskikbaar vir jou is as wat dit vir ons was. My gebed is dat soos wat ons ons storie met jou deel, jy bemoedig sal word om God se wette en beginsels in jou eie lewe toe te pas.

**WAT EK EN DRENDA ONTDEK HET, IS NET SO BESKIKBAAR VIR JOU AS WAT DIT VIR ONS WAS.**

Dit is regtig nie moeilik nie; jy moet eenvoudig die krag van rus ontdek!

*Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig.*
– Matteus 11:28–30, 1953-vertaling

## HOOFSTUK 1

# RUS – DIE FONDAMENT

**RUS** – om geplaas of ondersteun te word om in ’n gespesifiseerde posisie te bly, ’n geval of tydperk van ontspanning of om op te hou om aan ’n inspannende of stresvolle aktiwiteit deel te neem (Google).

Is jy moeg? Voel jy meeste dae oorweldig en of jy nooit opvang nie? Is jou behoefte aan geld die dryfveer agter jou besluite oor waar, hoe en hoe lank jy werk? Lyk dit of jy nooit uit die skuld gaan kom nie? Voel dit of jy in die spreekwoordelike gejaagde lewe leef? As dit jy is, is jy nie alleen nie.

Het jy al ooit ’n hamsterwiel gesien? Ek is seker jy het al, maar net in geval jy nie het nie, dit is ’n wiel wat jy in ’n hamsterhok plaas. Die hamster kan op die wiel klim en hardloop en hardloop totdat hy moeg is. Maar daar is net een probleem met die wiel. Maak nie saak hoe vinnig of hoe lank die hamster hardloop nie, wanneer hy moeg is, klim hy af en hy is op presies dieselfde plek waar hy begin het. Niks het verander nie. Hy kan met genoegdoening die sweet van sy harige klein gesiggie afvee; maar niks is bereik om sy posisie in die lewe te bevoordeel nie; hy is steeds in die hok opgesluit en het geen vryheid nie. Dit is die gevolgtrekking vir so baie, indien nie die meeste nie, mense in hulle finansiële lewe. Hulle werk die hele week hard en val uitgeput in ’n kortstondige afleiding oor die naweek, maar wanneer Maandagoggend

kom, is hulle op presies dieselfde plek as die vorige week. Al wat hulle gedoen het, is om nog 'n week te oorleef.

Dit was vir nege lang jare die prentjie van my lewe. Ek het 15 tot 18 uur op 'n dag ingesit, ek was toegewyd, het hard gewerk, maar nadat ek my tiende, rekeninge en belasting betaal het, was daar niks oor nie. Ek het gewoonlik 'n tekort gehad aan wat ek benodig, en het stadig die gewoonte begin om te leen om te oorleef. Wanneer die finansiële druk toegeneem het, het ek net nog harder gewerk, maar dit was tevergeefs. Wanneer ek gestop het en my vooruitgang beoordeel het, was ek steeds besig om agteruit te beweeg.

Dit het natuurlik gelei na heelwat emosionele gevolge. Die ontmoediging en vrees waarmee ek elke dag geworstel het, het stadig maar seker my gedagtes en fisieke liggaam beïnvloed. Paniekaanvalle, intense vrees en verlamming het my liggaam stadig begin oorneem. Die dokters kon nie vasstel wat fout was nie. Vrees het my gedagtes so oorgeneem dat ek nie geweet het of ek sou lewe of sterf nie. Vir amper nege jaar lank het ek uit pandjieswinkels geleef en geld by familie geleen! Op daardie tydstip was daar niks meer om te verpand nie, en daar was min van my selfbeeld oor. Ek was klaar. Jy kom my selfbeeld met 'n skoppie en borsel opvee, en daarmee saam die vreugde wat in die lewe oor was.

Die krediteure het tou gestaan om my te dagvaar, en dit is toé dat dit gebeur het. Terwyl hopeloosheid elke asemteug omvou het, het die oproep gekom. Dit was soos enige ander van die vroegoggendoproepe: "Mnr. Keesee, soos jy weet, skuld jy ons kliënt X soveel geld. Wanneer dink jy kan jy betaal? Wel, mnr. Keesee, dit is wat jy die laaste drie keer gesê het. As jy nie binne drie dae betaal nie, gaan my kliënt jou dagvaar vir skuld. Verstaan jy, mnr. Keesee? Drie dae. Totsiens."

Dit het my soos ’n ton bakstene getref. Dit is nie dat ek reeds geweet het hoe erg ons finansiële situasie was nie. Ek het nie geld gehad nie. Alles wat ek besit het, was gebreek. My yskas was leeg. My pragtige gesin het langs die vuurherd geslaap om bietjie hitte te kry, want daar was nie geld vir verwarmingsolie nie. Ek kon nêrens heen gaan nie. My vriende en familie was moeg om te help. Ek het verward die trappe opgeklim na my slaapkamer toe en oor die bed gaan lê. Ek het gehuil en na die Here uitgeroep vir hulp.

Ek dink ek was verras oor hoe vinnig die Here geantwoord het. Dit was nie ’n hoorbare stem nie, maar ’n stem het skielik uit my gees en met krag in my gedagtes gekom. Die eerste ding wat die Here vir my gesê het, was dat die gemors waarin ek was, niks met Hom te doen gehad het nie. Ek veronderstel Hy het dit gesê omdat ek verward was oor hoekom Hy, uit my perspektief, ons nie gehelp het nie. Ons het ’n wonderlike kerk bygewoon, was vryggewig wanneer ons kon, en het ons tiendes die meeste van die tyd betaal. In plaas daarvan het Hy gesê die rede dat ek in hierdie gemors was, was omdat ek nooit geleer het hoe Sy koninkryk werk nie. Hy het gesê dat Sy koninkryk nie werk soos die aardse ryk ten opsigte van geld nie, en ek sou Sy koninkrykstelsel oor hoe om finansies te hanteer, moes aanleer as ek wou vry kom.

Ek onthou ek het die trappe afgehardloop en Drenda gegryp en vertel dat die Here pas met my gepraat het en dat die antwoord Sy koninkryk was. Ons was natuurlik effens verward, want ons het gedink ons verstaan wat Sy koninkryk was. Ons het, soos ek genoem het, ’n wonderlike kerk bygewoon, ons was albei lief vir God en ons het geweet ons is op pad hemel toe. Maar soos ons binnekort sou uitvind, ons het eintlik bitter min geweet van Sy koninkryk en hoe dit werk.

Ek was opgewonde dat God met my gepraat het en dat Hy die antwoord geopenbaar het – Sy koninkryk. Ek het dit nie verstaan nie,

maar ek was bemoedig. Die realiteit was dat ek nie 'n idee gehad het wat die Here bedoel het met die woord *koninkryk* nie. Ek sou uitvind dat die antwoord waarna ek en Drenda so gesmag en gesoek het, wel in daardie een woord was.

Ek en Drenda het daardie dag hande geneem en gebid. Ons het eerstens bely voor God dat ons nie die tyd geneem het om Sy Woord werklik te leer ken en uit te vind hoe Sy koninkryk werk ten opsigte van finansies nie. Tweedens het ek aan Drenda bely dat ek, as hoof van die gesin, ons in hierdie gemors gekry het. Ons het albei gebid en saamgestem dat ons sou leer hoe die koninkryk werk, en 'n ander lewe sou leef as wat ons die vorige nege jaar geleef het.

Die beste manier om te beskryf wat gebeur het, is om te kyk hoe 'n ligskakelaar werk. Loop by 'n kamer wat donker is, in en sit eenvoudig die skakelaar aan. Lig! Jy kan sien. Dit is hoe dit was toe God ons begin leer het oor Sy koninkryk. Dit was asof iemand 'n ligskakelaar aangesit het, en ons kon dinge sien wat ons nooit voorheen gesien het nie. Ons het begin verstaan dat die koninkryk van God 'n regering is met wette wat nooit verander nie. Ons het besef dat ons daardie wette kon leer en by God se krag en wysheid kon inskakel om die welvaart wat ons nodig gehad het, te skep.

Ons was baie opgewonde, maar steeds effens verward. Daar was heelwat wonderlike stories wat plaasgevind het terwyl God ons begin leer het hoe Sy koninkryk werk. Ek gaan nie al daardie stories hier vertel nie, omdat ek dit reeds in my vorige boek in hierdie reeks, *Jou Finansiële Rewolusie: Die krag van getrouheid*, vertel het. Jy kan 'n kopie hiervan by *garykeesee.com* kry. Jy moet ook my boek, *Faith Hunt*, kry – dit neem jou terug na die begin toe God my begin leer het om voorsiening te oes deur jag. Maar om 'n lang storie kort te maak, kom ek gee een voorbeeld hier.

Soos ek jou vertel het, het ons verdrink in skuld en het geen manier gehad om daar uit te kom nie. Belastingskuld, pandjieswinkels, tien kredietkaarte wat op limiet en gekanselleer was, en drie lenings teen 28% rente. Ons het geld geskuld aan die tandarts, droogskoonmaker, ons ouers en ons vriende. Jy noem dit, ons het hulle geld geskuld. In die natuurlike was daar geen hoop nie. Dit het nie goed gegaan met my finansiële verkope nie, selfs al het ek hard gewerk. Maar nou, nadat ek gesien het hoe die koninkryk wonderbaarlike dinge gedoen het (weereens, lees die stories in die boeke wat ek hierbo genoem het), was ons bemoedig dat die koninkryk ons antwoord was. Ons het geen idee gehad hoe nie, maar ons was oortuig daarvan dat ons op die regte pad was.

Toe gee God my een nag ’n droom en wys my dat ek by my huidige maatskappy, waar ek vir nege jaar gewerk het, moes bedank en my eie besigheid – en hoor hier: om ander mense te help om uit die skuld te kom! – moes begin. Ek weet, dit klink belaglik, nè? Ek bedoel, as ek geweet het hoe om uit die skuld te kom, sou ek dit jare tevore gedoen het. Maar dit is presies wat Hy gedoen het. Ek was eintlik ’n bietjie geskok. Ek het geen idee gehad hoe om my eie besigheid te begin of wat dit behels het nie. Maar ’n maatskappy om mense te help om uit die skuld te kom? Ek het self nodig gehad dat iemand mý vertel hoe om dit te doen!

Terwyl ek hieroor begin bid het, het ek ’n lewensveranderende ervaring met die Heilige Gees gehad oor presies hoe dit sou gebeur. Dit het gebeur by een van my kliënte wat ek gaan sien het oor versekering. O, ek het vergeet om jou te vertel ek was in die finansiële dienste industrie en het versekering en sekuriteit verkoop terwyl hierdie alles gebeur het. Ek weet, dis amper soos ’n loodgieter met ’n lekkende kraan wat almal se probleme oplos behalwe sy eie. Alhoewel ek stadig besig was

om te faal in hierdie posisie, was die ondervinding en kennis wat ek die vorige nege jaar opgedoen het, baie belangrik vir dit wat God nou vir my sou wys.

Ek het saam met my kliënt en sy vrou by hulle kombuistafel gesit en deur my gewone voorlegging gewerk. Dit was basies 'n kort opsomming wat bepaal het waar hulle finansieel getrek het deur verskeie vrae te vra en 'n datavorm in te vul. Hierdie data is primêr gebruik om te bepaal hoeveel lewensversekering hulle nodig gehad het. Terwyl hulle deur hulle lys van skuld gewerk het, het albei ontsteld geraak en die vrou het begin huil terwyl hulle beskryf het hoe hopeloos hulle albei gevoel het.

Al twee het voltyds gewerk en het elke maand 'n tekort gehad.

Omdat ek self vir nege jaar so geleef het, en noudat God my en Drenda begin leer het oor die koninkryk, kan jy jou indink hoe jammer ek vir hulle gevoel het. Nes ek en Drenda was hulle Christene met geen kennis van hoe die koninkryk werk nie. In daardie stadium kon ek nie veel oor die koninkryk verduidelik nie, behalwe vir die paar aanvanklike dinge wat God ons reeds geleer het. Ek het dit met hulle gedeel en, natuurlik, het ek van die wonderlike stories gedeel wat ons in ons situasie gebeur het.

Dit was baie duidelik dat lewensversekering nie hulle grootste probleem was nie. Ek het 'n rukkie geneem om te verduidelik hoe God besig was om ons te leer oor die koninkryk, maar ek het gesmag na iets wat ek aan hulle kon bied om werklike finansiële antwoorde vir hulle situasie te kan gee.

Daardie aand, in die kantoor, was ek besig om my dag af te sluit en het deur my normale hoop lêers en boodskappe wat ek moes antwoord, gewerk toe 'n gedagte skielik by my opgekom het. Wat as ek verby

die lewensversekering-probleem kyk en na hulle hele finansiële prentjie kyk? Was daar iets wat ek kon doen? Wat as ek begin soek vir geld? Wat ek daarmee bedoel is, wat as ek goedkoper maniere kon kry om te doen wat hulle reeds doen? My doel sou eenvoudig wees – vind goedkoper maniere om te doen wat hulle reeds doen en gebruik dan die geld wat ek kon vind vir hulle kontantvloei en skuld. Dit het soos 'n eenvoudige voorstel geklink, maar ek het niks van enige ander finansiële veld behalwe lewensversekering geweet nie. En dit was in die dae voor die internet. Die navorsing wat ek sou moes doen, sou ek op die outydse manier moes doen – per telefoon en die geelbladsye.

Ek het die hele week hieraan gewerk en het die volgende week 'n afspraak met die kliënt gehad. Ek was verras deur hoeveel geld ek elke maand kon losmaak soos wat ek deur elke finansiële area gewerk het. Teen die tyd wat ek klaar was, was die totale bedrag honderde dollar elke maand. Met my finansiële sakrekenaar het ek al hulle skuld bymekaargetel en toe die losgemaakte geld aangewend by hulle normale maandelikse paaiemente. Toe ek die finale som klaargemaak het, het ek na die antwoord op die skerm gestaar – 6.2 jaar. Die antwoord van 6.2 jaar was die totale tyd wat dit my kliënt sou neem om al sy skuld af te betaal, en dit sluit sy huisverband in, en sonder dat sy inkomste verander. Ja, jy het reg gelees, sonder dat sy maandelikse inkomste verander. Ek was geskok en oortuig dat ek 'n fout gemaak het, en daarom het ek die berekening oor en oor gedoen totdat ek seker was ek het die regte antwoord gehad. Kon dit wees? Hoekom het almal dit nie geweet nie?

Ek het vinnig nog 'n paar kliënte se lêers gegryp wat naby was en daardeur geskandeer, en dieselfde resultate gevind. Elkeen van hulle kon binne vyf tot sewe jaar uit die skuld wees, en dit sluit hulle verbande in en sonder dat hulle maandelikse inkomste verander. Dit was

nou al laat en ek het my berekeninge klaar gemaak en opgepak. Maar op pad huis toe was ek opgewonde. As dit wat ek uitgevind het waar was, en al my berekenings het aangedui dat dit so was, dan was hierdie groot, regtig groot!

Ek was nuuskierig om te weet hoe my kliënt hierop sou reageer. Ek het besluit om die syfers op 'n eenvoudige een-bladsy-voorlegging uit te tik vir my opkomende afspraak met hom. My oogmerk was om eenvoudig vir hulle hoop te gee. Ek sou niks daaruit baat nie, en ek het geweet 'n moontlike lewenspolis was hoogs onwaarskynlik. Maar ek het ook geweet hulle sou wou hoor wat ek uitgevind het. Ek het die volgende week weer deur my berekeninge gewerk en ek was seker ek was reg.

Toe ek die deurklokkie lui, was ek senuagtig en versigtig optimisties. Nadat ons by hulle kombuistafel gaan sit het, het ek hulle vertel wat ek die hele week met hulle syfers gedoen het. Ek het stadig saam met hulle deur die syfers gewerk, verduidelik hoe ek die vrygemaakte kontant gekry het, en ook vir hulle die besigheidsname en nommers gegee wat hulle sou moes kontak. Ek kon agterkom dat hulle opgewondenheid groei soos wat die losgemaakte kontant gegroei het. Maar toe ek by die gevolgtrekking kom dat hulle vry van skuld in 6.2 jaar sou wees, hulle huisverband ingesluit en sonder dat hulle inkomste verander, het hulle albei begin huil – die keer van vreugde. Die trane het by hulle wange afgeloop en hulle het heeltyd gesê hoe geskok hulle was met die resultate. Hulle het opgespring en my gedruk, en daardie aand het ons dit behoorlik gevier.

Kom ons wees eerlik: Gaan die belastingman jou vertel hoe om minder belasting te betaal? Gaan die bankier jou vertel hoe om nie rente te betaal nie? Nee, die stelsel is ontwerp om jou geld weg te vat, nie om dit te beskerm nie. Ek het geweet dat dit wat ek ontdek het,

aan elke familie in Amerka geleer moes word! Daardie aand het 'n dramatiese impak op my gehad, en ek wou dieselfde doen vir elke kliënt wat op my pad sou kom.

Gewapen met daardie inligting en met die bevestiging van die droom wat God my gegee het, het ek en Drenda die lewensversekeringsmaatskappy waar ek gewerk het, verlaat en ons eie besigheid begin deur te doen wat ons vir daardie kliënt gedoen het. In daardie vroeë jare het ons ons maatskappy "Faith-Full Family Finances" genoem. Die naam het duidelik gesê waarvoor ons gestaan het – as jy die koninkryk en geloof verstaan, sal jou finansies vol wees. Ek erken dit was nie 'n goeie naam vir die maatskappy nie – probeer dit tien keer na mekaar sê – maar dit het gewerk. Ons het later die naam na "Forward Financial Group" verander, en dit is vandag nog so en staan steeds sterk.

Om eerlik te wees, was ons persoonlike finansies nog nie uitgesorteer nie. Ons moes steeds die skuld betaal met ons nuwe besigheid, maar ons het geweet ons het die spoor gevind waarop ons moes loop. Terwyl ons ons nuwe maatskappy gestig het, was ons terselfdertyd opgewonde en effens senuagtig. Ons moes baie leer oor hoe om 'n besigheid op te stel en te bedryf, maar die grootste uitdaging was hoe om geld te genereer terwyl ons dit doen. Ons struikelblok was dat ons nie gedink het ons kan nie, en ons wou mense nie geld vra om hulle te help om uit die skuld te kom nie. Dit was 'n groot hekkie en ons het lank daaroor gebid en na opsies gekyk. En sonder om in detail te gaan, het die Here vir ons 'n wonderlike strategie gegee hoe om die besigheid op te stel en dit so te plaas dat dit geld sou genereer sonder om die kliënt 'n fooi daarvoor te vra.

Die volgende ding was om 'n manier te vind om die omslagtige handberekeninge wat ek gedoen het met my kliënt se data, vinniger

te maak. Ek het geweet ek sou 'n pasgemaakte rekenaarprogram moes skryf om te doen wat ons gedoen het, maar ek het niks van rekenaars geweet of hoe om iemand te vind wat sou weet hoe om dit te doen nie. God het weereens asemrowende werk hierin gedoen. Ek het 'n oproep ontvang van iemand wat van ons gehoor het. Hy wou, as 'n kliënt, sien wat ons doen. Hy het gehou van wat ons gedoen het, en terwyl ons gepraat het, het ek agtergekom hy is 'n rekenaarprogrammeerder en het sy eie maatskappy op die kantlyn gehad. Ek het met hom oor ons behoefte gepraat, en hy het entoesiasties gesê hy wil ons help met dit wat ons doen. Ek het vir hom gesê ons maatskappy was nog net in die beginstadium en het nog nie die fondse gehad om hom te betaal vir die werk wat hy aangebied het nie, selfs al het hy aangebied om dit teen 'n reuse afslag te doen. Maar hy wou steeds die werk doen en het gesê ek kan hom betaal wanneer die geld inkom. Dit is wat ons toe gedoen het.

Die mense was gaande oor ons besigheid. En hoekom nie? Dit was gratis, en mense het daarvan gehou om geld te ontdek om uit die skuld te kom. Die besigheid het vinnig gegroei en ons was in staat om binne twee en 'n half jaar skuldvry te wees. Ons het vinnig meer as 300 verteenwoordigers gehad wat ons plan regoor die land gedeel het. En behalwe dat ons kontant vir ons motors kon betaal, kon ons ook ons droomhuis bou en betaal. Ons maatskappy het gegroei en ons in staat gestel om oor die jare honderde duisende dollars te gee om die Evangelie te ondersteun en mense te help.

Die "skuldplan", soos ons dit noem, word vandag nog, 30 jaar later, steeds gebruik. Die maatskappy het, oor die jare, gegroei in sy missie.

Ons het voortgegaan om, ná die finansiële ineenstorting van 2001 en natuurlik die 2008 ineenstorting waar miljoene mense 50 tot 80% van hulle spaargeld vir aftrede verloor het, te fokus op beleggings vir

aftrede. Ons het veilige beleggingsopsies ondersoek en daardie aspek van ons besigheid in 2001 afgeskop. Ek kan met trots sê dat van die meer as een honderd miljoen dollar wat ons tans vir ons kliënte bestuur, nie een van hulle 'n sent van hulle beleggings tydens die afgelope 16 jaar se finansiële chaos in ons land en in die wêreld verloor het nie. En net soos met ons skuldplan, is daar aanvanklik en jaarliks nie 'n fooi, geen administrasiefooi of makelaarsfooi van toepassing vir ons beleggingskliënte nie. As jy moeg is daarvan om met jou aftreegeld te dobbel, kan jy die Forward Financial Group by 1-(800)-815-0818 of *Forwardfinancialgroup.com* vir meer inligting kontak.

Is dit nie wonderbaarlik nie? 'n Eenvoudige idee van die Heilige Gees het ons lewens vir altyd verander! Ja, ons moes die pad stap, maar God het vir ons gewys waar om te stap. "Hoe het dit gevoel om skuldvry te wees, Gary?" Vrede! Rus! Dink daaroor. Ons het uit finansiële disfunksie gekom na geheel en al skuldvry, en het kontant vir ons motors, huis en alles anders wat ons nodig gehad het, betaal. Vir nege lange jare was ek elke minuut van die dag onder ekstreme druk. Ek het geen rus gehad nie. Dit het nie saak gemaak watter dag van die week dit was en of dit 'n vakansie was nie. Ek het geen vrede gehad nie. My finansiële kwessies het my oral gevolg. As gevolg van ons finansiële toestand moes ek konstant vernedering en verleentheid deurmaak. Op die hoogtepunt van my wanhoop was vrees my konstante metgesel, paniekaanvalle en antidepressante 'n manier van lewe.

Met al die finansiële veranderinge en natuurlik met alles wat ons nodig gehad het in plek, sal jy dalk geneig wees om te dink dat ons persoonlike finansies op sigself die oorwinning was. Ja, dit was 'n groot oorwinning om uiteindelik die dinge te hê wat ons nodig gehad het, maar die grootste opgewondenheid was om te sien hoe God se koninkryk

werk. Ek en Drenda het oor en oor gesien hoe die koninkryk funksioneer, en het dikwels gesê: "Het jy dit gesien?"

Net soos 'n ligskakelaar wat aangeskakel word, is alles duidelik in die lig; jy kan sien. Om te kan sien nadat jy blind was en geen antwoorde gehad het nie, is 'n wonderlike ervaring. Om ons ware skat, die koninkryk van God, te ontdek, was eenvoudig fantasties. En om dit eenvoudig te beskryf: Vir die eerste keer in my lewe was daar rus!

Die drama het gestop! In die verlede, wanneer 'n motorband sou bars, was dit 'n groot emosionele krisis. "Waar gaan ons die geld kry? Is daar nog iets oor op een van die kaarte?" Maar vandag, as die motor om een of ander rede ingee, sal ek eenvoudig vir my vrou vra: "Watter kleur wil jy hierdie keer hê?" Geen drama, geen paniek, geen skuld nie, net rus. Ons kan voortgaan met ons opdrag en ons doel. Dit is nie meer net oorlewing nie, dit is oor die LEWE!

**'N EENVOUDIGE IDEE VAN DIE HEILIGE GEES HET ONS LEWENS VIR ALTYD VERANDER! JA, ONS MOES DIE PAD STAP, MAAR GOD HET VIR ONS GEWYS WAAR OM TE STAP.**

*"Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie? Kyk na die wilde voëls: hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?*

– Matteus 6:25–26, 1983-vertaling

Oor die afgelope 36 jaar het ek saam met duisende mense by hul kombuistafels gesit en hulle finansies op 'n baie persoonlike vlak bespreek. Ek het met skare van duisende regoor die wêreld gepraat, en die een ding wat ek oral vind, is dat almal op soek is na rus!! Almal sien uit na die naweek, die vakansie of aftrede – om te stop en te rus.

Verskeie onlangse studies wat ek gelees het, het bevind dat 70% van Amerikaners nie van hul werk hou nie, en van die 70% is 20% nie verbind tot hul werk nie en hulle haat dit. Hoekom sou hulle opdaag by iets wat hulle haat? Watter soort stres ervaar hulle om daagliks met soveel emosionele pyn te lewe? Om dit reguit te sê: Hulle is slawe. (Ons almal was. Ons het grootgeword in 'n wêreld waar die enigste manier om te floreer is om genoeg geld te hê om opsies te kan hê. Maar vir die meeste mense is dit bloot nie die geval nie.) Hulle drome om te floreer verflou stadig na 'n lewe van oorlewing en hulle bevind hulself in hulle 30's, 40's en selfs 50's in beroepe wat geen voordele inhou nie.

**'N LEWE VAN FINANSIËLE STRES . . . WAS NIE GOD SE PLAN AAN DIE BEGIN NIE, EN DIT IS OOK NIE GOD SE PLAN VIR JOU VANDAG NIE.**

'n Onlangse statistiek sê dat 69% van die Amerikaanse bevolking nie eers een duisend dollar in spaargeld het nie[1]. Die stres en emosionele trauma waaronder die meeste mense leef, verdraai hulle sin van identiteit en selfwaarde. Drome word op die rak geplaas vir dringende behoeftes en 'n dowwe ontnugtering neem oor. Die vreugde is weg.

Ek onthou die dag toe ek met 'n pastor oor finansies gepraat het. Hy het gesê hy is baie lief vir die bediening en die mense, en dat hy elke dag met opgewondenheid wakker geword het, net tot hy sy finansiële posisie onthou het. Hy het vir my gesê dit was soos 'n groot swart wolk

wat die sonlig afsny soos wat ontmoedigende gedagtes gevorm het en hom aan 'n oorlewingsmentaliteit, finansiële hopeloosheid en visielose slawerny gevange gehou het.

Die lewe is vervang daarmee om te sien hoe ander wen. Hollywood het biljoene gemaak om vir die massas te wys hoe ander mense op die grootskerm wen. Mense kan hulleself nie persoonlik sien wen nie en vind 'n paar minute van ontsnapping uit hulle slawerny deur te kyk na perfekte mense wat perfekte lewens op die grootskerm lewe.

Sport trek tans biljoene dollar elke jaar uit toeskouers regoor die wêreld. In 2017 het die NFL meer as 7.8 biljoen ingebring; die Super Bowl 'n geraamde 15.5 biljoen; en dit is net met een wedstryd![2 3] Mense geniet dit vreeslik om hulle gunstelingspan na oorwinning te skree.

Maar wat ons moet verstaan is dat ons almal geskape is om te wen – om in die stryd, die wedstryd te wees en om uiteindelik te wen. Finansiële hopeloosheid is vir die meeste mense die norm, nie die uitsondering nie – daarom is die enigste ontsnapping om die lewe waarvan ons droom te leef deur die lewens van ander. Wat is die verlokking om die lotery te wen? Waarom was die TV-program, *Who Wants To Be A Millionaire*, so gewild? Waarom is geldmaakskemas steeds vandag 'n versoeking? Die antwoord? RUS! Almal is moeg om te hardloop, almal is moeg om wakker te word met die gewig daarvan om voorsiening te vind en wat hulle drome steel. Maar om 'n lewe van finansiële stres te leef, is nie iets nuut nie; dit is al so lank as wat die mens op aarde is in die omtrek. Maar dit was nie God se plan aan die begin nie, en dit is ook nie God se plan vir jou vandag nie.

## HOOFSTUK 2

# WETLIKE REG

Sonder hoop – dit is hoe ek ons lewens sou beskryf vóór ons verstaan het hoe om te rus. Nege jaar is 'n lang tyd om in finansiële chaos en stress te leef. Ek kan onthou hoe ek menige kere oor die 35 hektaar plaas uitgekyk het wat ons vir $300 per maand gehuur het. Ons kon skaars die huurbedrag, wat baie goedkoop was, bekostig, en ek het gewonder of ons ooit in staat sou wees om grond soos dié te besit.

Die eienaar was van plan om 'n gholbaan daar te bou en wou net gehad het iemand moes daar bly om na die eiendom om te sien totdat hulle die projek kon begin. Die projeksie was omtrent drie tot vyf jaar verder. Die ou plaashuis was "voetstoots" verhuur en hulle sou nie vir enige herstelwerk in daardie tyd betaal nie. Ons het dit geneem en na ons geverf en behoorlik skoon gemaak het, het die ou huis sy eie unieke bekoring gehad. Ons plan was om vir drie jaar daar te bly en dan te trek, maar in ons agtste jaar was ons steeds nie naby daaraan om enigiets te besit nie.

Ná God met my oor die koninkryk gepraat het, het ons begin om die beginsels en wette van die koninkryk te bestudeer en toe te pas, en dinge het begin verander. In die begin toe ons finansies begin verbeter het, was ons so opgewonde oor die kleinste oorwinnings. Ek kan onthou toe ons 'n skottelgoedwasser vir die ou plaashuis gekoop en ek en Drenda só opgewonde daaroor was, veral sy! En alhoewel ek ook af

en toe met die skottelgoed uitgehelp het, was ek ook besig met die besigheid. Met vier kinders in die huis, was sy altyd besig om skottelgoed te was. Toe ons die skottelgoedwasser gekoop het, kan ek onthou dat ek iets gesê het soos: "Kan jy glo ons het pas kontant vir ons skottelgoedwasser betaal?" Ek weet jy dink dalk: "Nou wat is nou so wonderlik om 'n skottelgoedwasser te koop?" Wel, om dit in perspektief te plaas, moet jy na die ander toestelle in ons plaaskombuis kyk. Beide ons stoof en yskas was avokadogroen en 25 jaar oud. Daarom, in vergelyking, was die aankoop van 'n nuwe skottelgoedwasser vir ons 'n groot oorwinning.

Ek het in die vorige hoofstuk gedeel hoe God my 'n droom en 'n plan gegee het om 'n besigheid te begin wat die antwoord op ons finansiële chaos sou wees. Jy dink dalk: "Ek wens God wil vir my so iets sê." Die goeie nuus is dat Hy begeer om dit te doen, maar daar is dinge wat jy moet weet oor hoe die koninkryk funksioneer voor jy toegang tot daardie soort hulp kan verkry. Die leiding wat ek daardie dag in die droom gekry het, het net gebeur as gevolg van dit wat God ons oor Sy koninkryk geleer het en was 'n direkte resultaat van die toepassing van dit wat Hy ons gewys het. Alhoewel ek die koninkryk in groot detail in my vorige boek gedek het, moet ek dit weer hier hersien om vir ons 'n platform te gee vanwaar ons kan werk.

Mense vra my wat ek bedoel met God se koninkryk. Ek het geen kennis van God se koninkryk gehad nie, al was ek 'n Christen. Ek het geweet ek gaan hemel toe wanneer ek sterf, maar ek het geen begrip gehad van die koninkryk van God en hoe dit funksioneer nie. Om hierdie konsep te verstaan, moet jy verstaan wat die woord *koninkryk* beteken. Letterlik beteken dit die koning se eiendom. 'n Koning se koninkryk opereer deur die woord van die koning. Sy woorde word die wet wat sy eiendom en die lewens van die inwoners bestuur. 'n Ander konsep wat 'n koninkryk

behels, is dat 'n skare van 'n miljoen mense nie 'n koninkryk maak nie. Koninkryk dui 'n regering aan met wette wat die koning se wette op elke wettige burger van daardie koningkryk afdwing. Hierdie konsep dat God 'n koninkryk met vasgestelde wette het wat aan elke wettige burger van Sy koninkryk beskikbaar is, blyk nutteloos in die Christelike godsdiens te wees. Die meeste Christene glo dat God besluit watter gebede Hy beantwoord of aan wie Hy guns bewys. Hulle glo dat as hulle vir lank vas en meer geestelike werk vir God doen, hulle meer guns by Hom sal hê.

*Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God.*
– Efesiërs 2:19, 1983-vertaling

Jy is nie net 'n burger van Sy koninkryk nie, maar ook 'n lid van Sy eie huisgesin, 'n seun of dogter van die Koning. Galasiërs 4 maak dit duidelik wat dit vir my en jou beteken.

*Hiermee bedoel ek: Solank as die erfgenaam nog minderjarig is, verskil hy niks van 'n slaaf nie, alhoewel hy die eienaar van alles is. Maar hy staan onder die beheer van voogde en bestuurders, tot die tyd aanbreek wat deur sy vader bepaal is. Net so is dit ook in ons geval: Toe ons nog minderjarig was, was ons as slawe onderwerp aan die elementêre beginsels van die wêreld; maar toe die tyd vervul is, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, sodat Hy dié onder die wet kon loskoop, sodat ons as sy kinders aangeneem kon word. En omdat julle sy kinders is, het God die Gees van sy Seun uitgestuur tot in ons harte, die Gees wat roep: "Abba, Vader!" Jy is dus nie meer slaaf nie, maar seun; en as jy seun is, is jy ook erfgenaam deur God.*
– Galasiërs 4:1–7, 2020-vertaling

Jy, as ’n seun of dogter, is ’n erfgenaam van die hele boedel, en as burger van Sy koningkryk het jy wetlike regte! Laat dit vir ’n oomblik insink – jy het reeds alles. Daar is niks wat jy moet doen wat jy nie reeds het nie. Hou dus op huil en smeek. Jy kan nie smeek vir iets wat jy reeds het nie. God maak nie ’n geval-vir-geval-besluit oor wie Hy wil of nie wil help nie. Enigeen wat ’n seun of dogter van God is, het reeds Sy hulp.

**GEVOELENS IS LEKKER EN EK HOU DAARVAN OM GOD SE TEENWOORDIGHEID TE VOEL, MAAR WANNEER DIT BY WETLIKE SAKE KOM, HOEF EK NIE GERED TE VOEL OM GERED TE WEES NIE. DIT IS ’N WETLIKE KWESSIE.**

Kom ek vergelyk dit daarmee om ’n burger van die VSA te wees. As jy ’n burger is, het jy reeds die ondersteuning van die VSA-regering om dit wat die wet sê, af te dwing. Hierdie voordeel is in jou burgerskap ingesluit. Daarom kan jy nie lank genoeg vas en bid om Sy hulp te kry nie; Hy het dit gratis vir jou gegee deur dit wat Jesus gedoen het. Dus, geniet dit. Jy besit dit!

> *Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom ’n plek in die hemel gegee, sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het.*
>
> – Efesiërs 2:6–7, 1983-vertaling

Die frase “en ons saam met Hom ’n plek in die hemel gegee” praat van jou wetlike posisie in God se koninkryk. Jesus sit aan die regterkant van die Vader, en net so doen jy omdat jy in die liggaam van Christus is. Jy is dus saam met Jesus ’n mede-erfgenaam van alles wat God het. Ek

weet dit is ongelooflik om daaraan te dink, maar dit is waar. Jy het dit alles; jy is familie, en dit is die familiebesigheid! Maar omdat die duiwel alles wat jy is en besit, probeer wegsteek, leef die meeste mense, selfs Christene, gebonde deur die aardse vloekstelsel van oorlewing!

Die sleutel wat my lewe verander het, is toe ek besef dit was en is 'n regering met wette en dat ek, as burger, wetlike regte en voordele in die koninkryk het. Gevoelens is lekker en ek hou daarvan om God se teenwoordigheid te voel, maar wanneer dit by wetlike sake kom, hoef ek nie gered te voel om gered te wees nie. Dit is 'n wetlike kwessie. Ek hoef nie te voel ek is 'n burger van die VSA om een te wees nie. Ek weet reeds dit is 'n wetlike saak as gevolg van die feit dat ek daar gebore is. Wanneer jy regverdig voor God is en jou lewe is gegrond op die wet in plaas van hoe jy voel, verander dinge!

*En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil. En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het.*
– 1 Johannes 5:14–15, 1953-vertaling

Dink vir 'n oomblik oor hierdie Skrifgedeelte; dit is een van my gunstelinge. Indien ek enigiets volgens Sy wil vra, weet ek Hy hoor dit! Dit verwys nie na die oudioklankgolwe wat jy met jou ore hoor nie. Dit is 'n wettige stelling. Dink aan 'n regter en sy hofsaal. As 'n regter besluit om 'n saak aan te hoor, beteken dit hy het ingestem om die saak af te handel volgens dit wat die wet sê. In ons geval, omdat ons volgens die wette van die Koning gevra het, weet ons reeds Hy sal Sy eie wet toepas. Daarom is ons oortuig van die uitkoms; ons hoef nie te raai nie.

Die VSA is byvoorbeeld nie ’n koninkryk nie want dit het nie ’n koning nie, maar dit funksioneer deur wette wat gelyk en beskikbaar is aan elke wetlike burger. God se koninkryk word soortgelyk deur wette regeer en dit is aan elke burger sonder partydigheid beskikbaar. Die verhale wat ons in die Bybel lees is nie net daar om ons te amuseer nie, maar om daardie wette aan ons te illustreer sodat ons dit kan leer en gebruik. Jesus het die frase “die koninkryk van God is soos” verskeie kere gebruik wanneer hy aan mense verduidelik het hoe die koninkryk funksioneer. Jesus het na die koninkryk verwys wanneer hy die gelykenisse vertel het, met ’n visuele prentjie van hoe die wette werk of om te identifiseer hoekom iets gebeur het. Weereens, vir een of ander rede, het mense geen konsep dat God se koninkryk wette het wat die funksionering daarvan bestuur nie. Baie dink dat God enigiets kan doen wat Hy wil wanneer Hy wil net omdat Hy God is. Ek stem saam dat God die mag het om enigiets te doen wat Hy wil, maar Hy word beperk deur Sy eie wette. Ek besef dit mag dalk vir jou vreemd klink, maar om my punt te illustreer, kom ons kyk na Markus 6.

*Toe sê Jesus vir hulle: “’n Profeet word oral geëer behalwe in sy tuisdorp en deur sy familie en sy huisgesin.” Vanweë hulle vyandigheid kon Hy daar in Nasaret geen besondere wonder verrig nie, behalwe dat Hy sy hande op ’n paar siekes gesit en hulle gesond gemaak het. Hy was absoluut verstom oor hulle ongeloof.*

– Markus 6:4–6, NLV

Terwyl jy hierdie verse gelees het, moes daar ’n paar goed vir jou van die bladsy af gespring het wat jou bietjie insig in die funksie van die koninkryk gee.

**Hy <u>kon nie</u> enige wonderwerke verrig nie . . .**

Eerstens, baie Christene het nog nie eers hierdie Skrifgedeelte gesien nie en sal dadelik met jou argumenteer as jy sou sê daar is situasies in die Bybel waar Jesus nie kon genees nie en dat jy verkeerd is. Maar, soos jy kan sien, kon Hy nie. Sodra jy verstaan dat die koninkryk funksioneer deur wette, kyk jy dieper na hierdie verhaal. Vir die meeste Christene sal die standaardbegrip wees dat Jesus gekies het om hulle nie te genees nie. Dit sou logies wees indien jy geen begrip het van die wetlikheid van die koninkryk nie. As jy weet dat Jesus die krag gehad het om te genees en tog nie het nie, sonder ’n begrip van wetlike jurisdiksie, sal jy natuurlik tot die gevolgtrekking kom dat Hy gekies het om nie te genees nie. Wat anders sou dit wees?

Jy het dalk al gehoor hoe iemand sê: “God het toegelaat dat hierdie gebeur het” of “God weet die beste” of “God het dit alles onder Sy beheer” of iets soortgelyks wanneer iemand na teëspoed verwys waardeur hulle of vriende van hulle gaan. Vir die algemene Christen is dit waar dit eindig. Omdat hulle nie koninkryk se wette ken nie en nie weet wat Jesus eintlik verhinder het nie, is die enigste gevolgtrekking wat hulle kan maak dat dit nie God se wil was om hulle te genees nie. My liewe vriend, die Bybel sê nie Hy het gekies om nie te genees nie. Dit sê Hy kon hulle nie genees nie as gevolg van hulle tekort aan geloof. Wanneer jy besef dat die verhindering vir genesing in hierdie verhaal nie God se begeerte was om dit so te doen nie, maar dat daar geestelike wette van jurisdiksie was wat die krag van God gekeer het.

Jy sal nou besef dat daar wetlike redes in ander verhale was oor hoekom die krag van God die jurisdiksie gehad het om Sy wil en begeerte in ’n situasie te bring of nie, net soos met hierdie een. Daarom is dit

uiters dringend dat jy uitvind hoe hierdie wette in die koninkryk werk. Eendag wanneer jy 'n hemelse aanraking nodig mag kry, wil jy nie hê dat die hemelse krag 'n kortsluiting het nie, maar eerder die vryheid het om die wil van God in jou lewe te produseer. En dit is presies hoekom ek hierdie boek te skryf.

Om werklik jou reis te begin, sou ek aanbeveel dat jy met 'n skoon bladsy in jou gedagtes begin en besef dat jy al die ou godsdienstige antwoorde wat jy jou lewe lank al hoor oor hoekom God iets doen of nie doen nie, uitgooi. Ek hoop jy weet nou dat jy die algemene verduideliking wat gewoonlik gegee word wanneer verwys word na hoekom klein Johan jonk gesterf het, "God weet die beste, Hy is in beheer", moet verwerp. Nee, jy moet WEET hoekom Jesus nie kon genees nie en dat die wette die vloei van God se krag in die aardse ryk bestuur. Jy moet die antwoord op die vraag "Hoekom het Jesus nie genees nie?" ken. Die meeste mense sal aanstoot neem oor die feit dat ek die antwoord op daardie vraag hier gee. Maar ek vertel jou net wat die Bybel sê, en laat ek herhaal dat jy absoluut die antwoord op daardie vraag MOET ken.

**SY BELOFTES GEE ONS 'N BELOFTE VAN GENESING, HERSTEL, FINANSIËLE TOENAME EN SOVEEL MEER – NIE OM DIE VERMOË TE HÊ OM DEUR MOEILIKHEID OF RAMPE TE WORSTEL NIE.**

Die eenvoudige en kort antwoord oor waarom Jesus nie in daardie verhaal kon genees nie, is dat die hemel nie die wettige jurisdiksie gehad het om dit te doen nie. Daardie jurisdiksie word deur die geloof van 'n mens wat ten volle oortuig is oor wat die hemel sê, in die aardse ryk toegestaan. Alhoewel ons albei sal saamstem dat Jesus die mag en begeerte

het om mense te genees, kon Hy nie. Jesus Homself het gesê dat dit nie 'n swakheid aan Sy kant was nie, maar dit was omdat die mense nie geloof gehad het nie. Skryf dit neer! Dit is 'n belangrike sleutel! Geloof!

Ek het in my vorige boek baie tyd bestee om te verduidelik wat geloof is, hoe dit werk, hoekom ons geloof benodig, waarom God geloof nodig het, hoe ons geloof verkry, en hoe ons weet ons is in geloof. Om te sê dat jou begrip van die mees basiese wet van die koninkryk is belangrik, stel dit saggies. Dit is lewe en dood!

Ek het onlangs 'n nuusbrief van 'n bekende Christelike bediening ontvang. Die inhoud daarvan was ongelukkig tipies van wat meeste Christene glo. Kom ek deel van die inhoud hier.

Dit begin met 'n wonderlike woord van **Deuteronomeum 31:6:**

*Wees sterk en vol moed; wees nie bevrees en word nie verskrik vir hulle nie; want dit is die HERE jou God wat saam met jou trek; Hy sal jou nie begewe of verlaat nie. (1953-vertaling)*

Dit gaan dan soos volg voort . . .

"Waarom stop God nie terrorisme en swaarkry nie? Hoekom laat Hy dit toe dat mense sterf? Die vrae is baie en die waarheid is dat ons bloot nie al die antwoorde het nie. Ons weet nie hoekom God toelaat dat sekere goed gebeur nie. Wat ons wel weet, is dat God se liefde perfek is. Sy weë is ver bo ons weë. Ons moet op Sy beloftes vertrou wat ons vertel dat Hy ons nie meer sal gee as wat ons kan hanteer nie, maar wat ook al Hy ons gee, Hy sal elke tree van die pad saam met ons wees."

VERKEERD, VERKEERD, VERKEERD! Om die waarheid te sê, die Bybel sê presies die teenoorgestelde.

*Geen versoeking wat meer is as wat 'n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan.*
– 1 Korintiërs 10:13, 1983-vertaling

Sy beloftes gee ons 'n belofte van genesing, herstel, finansiële toename en soveel meer – nie om die vermoë te hê om deur moeilikheid of rampe te worstel nie. Perfekte liefde bied oplossings. Ek kan voortgaan, maar dit is ongelukkig wat die meeste mense oor God glo. Hoe kan iemand selfs net dink dat God, wie se liefde perfek is, 'n mens kanker sal gee of weier om hulle te genees wanneer hy die krag het om dit te doen, gaan my verstand te bowe. Wanneer hulle gevra word hieroor, weereens, is hulle antwoord dat Sy weë nie ons weë is nie. Is jy ernstig? Ons het nie perfekte liefde nie, maar ons sal dit nooit aan ons eie kind doen nie! Inteendeel, Hy maak Sy weë baie duidelik in Sy Woord.

Die nuusbrief het geïmpliseer dat wat Hy ook al aan ons gee, Hy elke stap van die pad by ons sal wees soos wat ons daardeur sukkel. Gaan God ons iets gee wat sleg is? Nee. Waar die Bybel vir ons sê dat Hy ons nooit sal begewe of verlaat nie, beteken dit God is daar om om met Sy beloftes te ondersteun! My liewe vriend, hierdie doktrine dat God ons vyand is, is nie van God af nie. Dit verteenwoordig nie die God wat ek dien nie, en ek hoop jy sal dit ook nie verdra nie. As jou kerk hierdie soort gemors preek, moet jy dadelik daar weggaan!

God is liefde en die Woord sê liefde stel nooit teleur nie. Wat wel faal, is God se jurisdiksie, Sy vermoë om op die aardse ryk in te tree en wat deur ons geloof geproduseer word. Weereens is hierdie 'n wetlike kwessie, nie 'n hoendervleiskwessie, 'n gevoelskwessie of enigiets anders

nie. Dit is eenvoudig ’n wetlike kwessie wat jy moet ken. Omdat die mens jurisdiksie op die aardse ryk het, kan God nie net doen wat Hy wil nie – soos wat ek reeds gedeel het. Jou ooreenstemming met die hemel, jou geloof, is nodig om die hemel die jurisdiksie te gee om die krag van God in daardie situasie te bring en geregtigheid te produseer. Vriend, jy **moet** weet wat geloof is en hoekom dit nodig is om van God te kan ontvang.

In geval jy nie my vorige boek (*Jou Finansiële Rewolusie: Die krag van getrouheid*) gelees het nie, kom ek hiersien kortliks wat geloof is. Alhoewel jy kan aanneem dat amper elke Christen wat die woord *geloof* gebruik, sal weet wat dit is, kan jy verkeerd wees. Ons moet ’n geskiedenisles hê om ’n lewensbelangrike koningkrykkonsep oor wetlike jurisdiksie te kan verstaan.

Kom ons kyk na **Romeine 4:18–21:**

*Teen alle hoop in het Abraham met vaste hoop geglo dat hy nog die stamvader van baie volke sou word op grond van God se belofte: "Jou nageslag sal so baie wees soos die sterre aan die hemel." En Abraham se geloof het nie verswak nie, al het hy baie goed besef dat sy eie liggaamlike vermoëns alreeds gedaan was – hy was al omtrent 100 jaar oud – en dat sy vrou Sara nie meer kinders kon hê nie. Abraham het nie getwyfel aan God se belofte nie; inteendeel, sy geloof het sterker geword en so het hy die eer aan God gegee. Hy was absoluut daarvan oortuig dat God enigiets kon doen wat Hy beloof het. (NLV)*

Abraham is bekend as die vader van ons geloof. Hy was ten volle oortuig dat God die krag gehad het om te doen wat Hy beloof het. Om ten volle oortuig te wees, in ooreenstemming met God, is wat geloof

genoem word. Sonder daardie ooreenstemming, kan God nie in die aardse ryk beweeg nie. Jy mag dalk vra: "Waarom sou God enigeen nodig hê wat Hom sal toelaat om iets te doen of Hom verhinder om te doen wat Hy wil? Hy is God." Om daardie vraag te antwoord, moet ons gou terugkyk na die begin, in Adam se tyd.

*U het hom 'n weinig minder as die engele gemaak; met heerlikheid en eer het U hom gekroon en hom oor die werke van u hande aangestel. Alle dinge het U onder sy voete gestel. Want in die onderwerping van alle dinge aan hom het Hy niks uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie. Maar nou sien ons nog nie dat alle dinge aan hom onderwerp is nie.*
– Hebreërs 2:7–8, 1953-vertaling

Hierdie verse verwys na Adam en Eva met die skepping. Let op daar was niks op die aarde wat nie onder hulle wetlike jurisdiksie was nie. Adam is op die aarde geplaas om die aarde te regeer met gedelegeerde outoriteit namens die koninkryk van God. Hy het die hele aarde regeer.

*En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.*
– Genesis 1:26, 1953-vertaling

Weereens sien ons dat Adam oor die aarde met die gedelegeerde outoriteit en met heerlikheid (die salwing of krag) en eer (die posisie van gesag) geregeer het. Daar was niks wat nie onder sy eienaarskap was nie. Om die waarheid te sê, as jy deur die skeppingsverhaal lees, sal jy sien Adam het al die diere benoem en hy was oor die hele planeet. Soos

ons almal weet het Adam sy gesagsposisie oor Satan, wat Eva mislei en Adam verlei het om hoogverraad teen God se regering te pleeg, verloor. Paulus sê in 2 Korintiërs 4:4 dat Satan, deur Adam se verraad, die god van hierdie wêreld geword het. Hy het nie gesê hy was 'n god nie, eerder die god van hierdie wêreld, wat beteken hy het die wetlike geestelike gesag hier. Alhoewel die mens steeds op die aarde gewoon het, was hy dood vir God. Die mens se gees, wat geskep is om in eenheid met God se Gees te loop, was nou van Hom geskei. Die mens het volgens sy eie sin, sy gedagtes, wil en emosies, begin wandel.

*Toe bring die duiwel Hom op 'n hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld in 'n oomblik se tyd. En die duiwel sê vir Hom: Ek sal U al hierdie mag gee en hulle heerlikheid, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil. As U my dan aanbid, sal alles aan U behoort.*

– Lukas 4:5–7, 1953-vertaling

Jy sal opmerk dat die duiwel sê dat die posisie wat hy oor die aardse ryk hou, aan hom "**oorgegee**" is. Ons weet natuurlik dat die een wat dit vir hom gegee het, die een was wat dit aan die begin besit het – Adam. Dit is belangrik. As die duiwel onwettig in die aardse ryk ingebreek het, sou hy dadelik en gewelddadig uitgegooi gewees het. As jy kan dink aan 'n polisie-offisier wat vra vir ondersteuning, sal jy 'n goeie idee hê waarom ek sê die duiwel sou uitgegooi word. Die kenteken wat die offisier dra impliseer dat die hele algehele krag van die VSA-regering daar is om sy woorde te ondersteun.

Die kroon wat Adam gedra het (sy posisie) en in beheer namens die regering van God, het al die krag van God gehad om hom te ondersteun. As gevolg van Adam se posisie op die aarde, het die duiwel absoluut

geen jurisdiksie in die aardse ryk gehad nie. Hy was deur Adam en Eva oorheers. Die duiwel se enigste wettige manier om jurisdiksie in die aardse ryk te verkry, sou vereis dat Adam sy kroon afhaal, en die duiwel het geen outoriteit gehad om dit te doen nie. Die enigste een wat die kroon van Adam se kop kon afhaal, was Adam self. Dit is hoekom die duiwel sy plan van misleiding moes implementeer. Wat was die misleiding? Die duiwel het geïmpliseer dat God nie vertrou kon word nie en nie hulle beswil op die hart gehad het nie. Hy het Eva oortuig dat daar voordeel was daarin om God nie te gehoorsaam nie en dat God se wette haar en Adam teruggehou het van iets wat voordelig was.

**Die duiwel moes Adam en Eva laat glo hulle moes in hom glo en hulself in ooreenstemming met hom en nie God nie, moes bring.**

In eenvoudige terme: Dit is geloof. Geloof kan gedefinieer word as om "ten volle oortuig" te wees van wat God sê. Adam en Eva het God se betroubare Woord weggegooi en in plaas daarvan in ooreenstemming gekom met wat die duiwel gesê het. Hulle het toe op hulle oortuiging gereageer, wat hulle geregtigheid in die koninkryk van God nietig verklaar en die duiwel die wettige vastrapplek gegee oor die aangeleenthede van mense. Die gevolg? Adam, wat die outoriteit oor die aardse ryk gehad het, het God geestelik uitgeskop toe hy in ooreenstemming met die duiwel gekom het! Adam het sy kroon, sy plek van outoriteit, weggegooi om die duiwel te volg. Deur dit te doen het hy God uit sy lewe geskop. Baie mense sal sê: "Nee, dit kon nie gebeur het nie; Adam kon nie vir God uit die aardse ryk skop nie!" Maar ten opsigte van die

aangeleenthede van mense, het hy dit wel gedoen. Laat ek dit aan jou bewys. Kom ons kyk weer na **Genesis 3:17-19**. Nádat Adam gesondig het, het God na hom toe gegaan en gesê:

> *. . . vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet. In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer. (1953-vertaling)*

Let op dat dit sê: "vervloek is die aarde *om jou ontwil*."

Om vervloek te wees beteken eenvoudig die afwesigheid van God se teenwoordigheid en seëning. Dit was Adam, wat die outoriteit oor die aarde gehad het, wat God se wetlike jurisdiksie in die aardse ryk afgesny het. God sê basies: "Hey, Adam, my hande is afgesny as gevolg van jou dade. Ek kan jou nie help nie." Hy sê dan vir Adam sy oorlewing is nou in sy eie hande, met harde arbeid en pynlike inspanning. Ek noem dit die "aarde se vloekstelsel" van oorlewing. Dit is waar ons almal grootgeword het – in die koninkryk van oorlewing en vrees. Ons het geleer om bekommerd te wees en vrees het ons gedagtes oorheers sedert ons geboorte. Ek wil weer terugkom na hierdie teksverse om die aardse vloekstelsel verder te bespreek, maar vir nou wil ek seker maak jy verstaan hoe die duiwel toegang tot die aardse ryk gekry het. Weereens, hy moes 'n man of vrou op aarde vind wat die Godgegewe wetlike jurisdiksie in die aarde het om vir hom die deur oop te maak. Adam het daardie sleutel gehad en die duiwel het dit reggekry om Adam te mislei om daardie deur oop te maak. Kom ons kyk nou weer na Hebreërs 2:7–8:

*U het hom 'n weinig minder as die engele gemaak; met heerlikheid en eer het U hom gekroon en hom oor die werke van u hande aangestel. Alle dinge het U onder sy voete gestel. Want in die onderwerping van alle dinge aan hom het Hy niks uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie. Maar nou sien ons nog nie dat alle dinge aan hom onderwerp is nie.*

– Hebreërs 2:7–8, 1953-vertaling

Let op dat hierdie verse sê God het niks uitgesonder wat nie aan Hom onderworpe IS nie. Alhoewel hierdie verse na 'n gebeurtenis van lank terug verwys, gebruik dit die woord *is* in die teenwoordige tyd om die mens se huidige status op die aarde aan te dui. Alhoewel die mens sy geestelike gesag in die aardse ryk deur Adam se sonde verloor het, het die mens nie sy wettige okkupasie van die aarde self verloor nie, en daarom die gebruik van die woord *is*. As gevolg van hierdie wetlike stand wat die mens op aarde het, en as gevolg van die duiwel se wettige geestelike vesting oor mense, kan God nie net in die aardse ryk inbars en Sy eie Woord oortree nie, of die duiwel sal vuilspel uitroep.

God moet 'n man of vrou in die aardse ryk vind wat in ooreenstemming met Hom sal kom, wat die geestelike deur vir die koninkryk van God oopmaak om die wetlike jurisdiksie daar te hê. Net soos die duiwel deur die hekwagter, Adam, moes werk, moet God nou deur mans en vroue, die hekwagters van die aarde, werk om die koninkryk jurisdiksie hier te gee. Om jou hart en gedagtes ten volle oortuig te hê van dit wat die hemel sê, word geloof genoem. Geloof moet teenwoordig wees sodat die koninkryk van God hier jurisdiksie te hê. Ek gaan nie die tyd hier neem om te verduidelik hoe om geloof te kry of hoe om te weet of jy in geloof is nie. Dit word alles in my eerste boek in hierdie reeks gedek. Vir die doel van hierdie bespreking, wil ek seker

maak jy weet wat geloof is en hoekom dit nodig is vir die hemel om hier in die aardse ryk te beweeg.

Ek hoop jy het nou 'n beter begrip van hoekom Jesus nie enige wonderwerke in Sy tuisdorp "kon doen" nie – die mense daar het nie geloof gehad nie. Daarom het die hemel nie wetlike jurisdiksie gehad nie. Kom ek eindig hierdie bespreking met 'n Skrifgedeelte wat sal illustreer wat ek sê.

Almal het gehoor van **Romeine 10:10**:

> *. . . want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding. (1953-vertaling)*

Hierdie vers is deel van wat Christene die Romeinse pad noem, 'n deel van vier Skrifgedeeltes wat ons wys hoe om gered te word. Maar het jy al gestop en gedink oor die proses wat Romeine 10:10 jou wys? Dit is met jou hart waarmee jy glo of in ooreenstemming met die hemel kom. Jou hart wat in ooreenstemming met die hemel is, maak dit wettig vir die hemel om die aarde binne te kom. Hierdie vers sê wanneer jy die hemel glo, is jy geregverdig. Regverdigheid is die administrasie van die wet. Daarom, as jy in jou hart glo, gee dit jou wettige reg voor die hemel en aarde om te hê wat die hemel sê want dit gee die hemel wetlikheid in die aardse ryk. Maar let op, niks gebeur dadelik nie. Daar is 'n tweede gedeelte van hierdie vers: ". . . en met die mond bely ons tot redding." Jy sien, alhoewel jou hart in ooreenstemming met die hemel kan wees, wat dit wettig maak vir die hemel om die aarde in te kom, gebeur niks tot jy, 'n man of 'n vrou in die aardse ryk wat jurisdiksie oor die aardse ryk het, dit in die aardse ryk in vrystel nie. Hoekom? Want jy het die jurisdiksie hier; die hemel het dit nie sonder jou nie!

*Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind,*
*sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die*
*aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.*
– Matteus 18:18, 1953-vertaling

Basies sê dit dit wat ek pas oor gepraat het. Wat jy ook al op aarde bind, sal die hemel ondersteun, en wat jy op aarde ontbind, sal die hemel ondersteun. Die hemel kan dit nie sonder jou doen nie. Die hemel wag op jou en kan nie beweeg tensy ’n man of vrou wat in geloof of ooreenstemming met die hemel is, daardie gesag in die aardse ryk vrystel nie.

Om te verstaan hoe om die hemel se gesag en krag in die aardse ryk vry te stel, maak die verskil. Ek het dit in my lewe gedoen en dit het ook in die volgende e-pos wat ek ontvang het.

“Hallo. Ek en my man wil ons wonderbaarlike “geloofsjagstorie” met jou deel. In 2011 het ons in ons “droomhuis” gewoon, maar ons het van salaristjek tot salaristjek geleef, en partykeer ons kredietkaarte gebruik om kruideniersware te betaal en ons huis te verhit. Ons het oorleef maar nie floreer nie. Ek was die aanbiddingsleier in ons kerk, maar ons geloof was nie aan ons finansies gekoppel nie. Ek het jou program, *Fixing the Money Thing* op Daystar gesien en dit het my aandag getrek. Ek het die boek, *Fixing the Money Thing*, saam met die *Financial Revolution* CD’s bestel. Ons het gereeld na hierdie CD’s geluister en die boek aan mekaar voorgelees.

“Ons het geen idee gehad dat ons nie in geloof was nie! Ons het geweet dat, indien ons ons droomhuis wou behou, ons antwoorde nodig gehad het oor hoe geld in die koninkryk funksioneer. Ons het ’n saad van $200 in Faith Life Ministries gesaai (dit kon net sowel

$2,000 gewees het want dit was toe vir ons baie geld!), en in ooreenstemming met God gekom om vir ons 'n nis in die markplein te wys wat ek tuis kon doen.

"God het vir ons 'n besigheidsidee gegee om met Goldendoodle-hondjies te teel. Ons het twee Goldendoodle-hondjies, Bella en Gracie, gekoop en hulle groot gemaak om Goldendoodle-hondjies te teel, en ons het met God in vennootskap gegaan. Ons het geweet ons kon nie klein hondjies maak nie. Ons het met ons twee doodles geteel, en in 2014 het ons 13 hondjies gehad om teen 'n markprys van $1,200 elk te verkoop. Hierdie jaar, 2015, het ons 63 hondjies gehad, ALMAL gesond. Deur ons hondjies te verkoop, is ons nou vry van al ons skuld, behalwe ons huis. En ons noodfonds is nou ook ten volle bevonds.

"Tot my verbasing het my ma ons gevra of ons haar twee Goldendoodles wil neem om mee te teel, aangesien sy wou aftree. God het ons met nog twee doodles geseën, gratis! En in Julie is my man bevorder tot hoërskool-superintendent by ons plaaslike hoërskool! In een jaar het ons inkomste verdubbel tot in die hoë ses syfers! GELOOFSJAG WERK! Ons het by die wette van die koninkryk ingetap. Nou saai ons in alle soorte koninkrykwerk en woon jou kerk elke Sondag aanlyn by vóór ons die aanbidding in ons plaaslike kerk lei. Dankie dat jy ons geleer het hoe die koninkryk funksioneer!"

– Karla

Dieselfde paartjie het hierdie week vir my 'n opvolg-e-pos gestuur.

"Gelukkige Paasfees! Hy het opgestaan! Ons wil graag 'n bywerking aan ons aanlyn-pastor Gary gee! Laat hom asseblief weet ons het hierdie jaar die geboorte van Jesus in Jerusalem gevier (en in kontant daarvoor betaal). Ons is ook geseën deur ons seun, Carter, wat in die

Jordaanrivier gedoop is en het die aand saam met Hillsong Australië by die See van Galilea aanbid! Sjoe!! Ons is so dankbaar ons het die gelding reggemaak!

"Ons het nou 121 hondjies. Ons moes die prys per hondjie na $2,300 elk verhoog want die waglys is te lank. Prys die Here."

– Karla

Dit is 'n perfekte voorbeeld van wat die koninkryk in jou lewe sal doen. Ek het Karla hierdie week geskakel ná ek die e-pos ontvang het en sy was SO opgewonde! Sy sê hulle sal hulle huis hierdie jaar kan klaar betaal. As jy na die eerste e-pos kyk wat sy gestuur het, het sy daardie tyd die volgende gesê (aangehaal uit die e-pos):

". . . ons het van salaristjek tot salaristjek geleef, en partykeer ons kredietkaarte gebruik om kruideniersware te betaal en ons huis te verhit. Ons het oorleef maar nie floreer nie."

Nou, net 'n paar jaar later, sal dit klaar betaal wees? Die koninkryk!

HOOFSTUK 3

# DIE KONINKRYK IS JOU ANTWOORD

Nou dat jy 'n basiese begrip het van hoe die koninkryk deur wette en beginsels wat nooit verander nie, funksioneer, wil ek begin fokus op die wette wat eintlik 'n impak op jou finansies, en uiteindelik jou rus het.

Maar vóór ons dit doen, wil ek sê hoekom ek hierdie boek *Die krag van rus* genoem het en wat ek met die woord *rus* bedoel in die konteks van finansies en die koninkryk. Verrassend genoeg het ek nie hierdie konsep ten opsigte van rus geskep nie, God het.

> *So is die skepping van die hemel en die aarde en alles wat daarin is, voltooi. Op die sewende dag was God klaar met alles wat Hy gemaak het en Hy het op die sewende dag na al sy werk gerus. God het ook die sewende dag geseën. Hy het bepaal dat dit afgesonder moet word van die ander dae omdat Hy op daardie dag gerus het nadat Hy sy skeppingswerk gedoen het.*
>
> – Genesis 2:1–3, NLV

Eerstens, laat ek dit duidelik maak: God het nie op die sewende dag gerus omdat hy moeg was nie. God raak nie moeg nie. Hy het gerus want, soos die teks sê, alles was voltooi en Hy was klaar. Hy het die mens aan die einde van die sesde dag van die skepping geskep om in die sewende dag te leef. Die sewende dag het geen gedagte van vrees,

oorlewingsdenke, siekte, en geen pynlike geboorte of sweet om voorsiening te skep, bevat nie. In stede daarvan sou Adam se gedagtes net op God, sy vrou, sy opdrag en doel wees. Alles wat hy sou nodig kry om sy opdrag en lewe te ondersteun, was voorberei en beskikbaar; God se plan was voltooi. Mense vandag droom om te hê wat Adam gehad het; 'n bestaan sonder bekommernis, met die vermoë om op hulle passies en verhoudings te fokus met geen bekommernis oor voorsiening nie. Ongelukkig het Adam gerebelleer, hy het God se voorsiening verloor en is sedertdien geforseer om te hardloop (pynlike inspanning en sweet) agter die dinge van die lewe aan.

*Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.*
– Matteus 6:32–33, 1953-vertaling

Die gewig om voorsiening te vind, is 'n gewigtige las en verdraai die mens se persepsie van lewe. Die verlokking van rykdom, om vry te wees van die pynlike inspanning en sweet wat oorlewing vereis, is waaroor mense droom. Om 'n miljoenêr te wees, het net betekenis deur die veronderstelde vermoë om die stres en gewig daarvan om voorsiening te vind, te verlig, en dit laat ons toe om op ons doel en opdrag te fokus. Die lotery is baie gewild want dit bied voorsiening met geen arbeid daaraan verbonde nie en

**AL DIE ANTWOORDE WAT JY NODIG HET OM TE FLOREER EN IN JOU OPDRAG TE BLY, WAT JOU TOELAAT OM JOU DOEL TE ONTDEK, IS IN DIE KONINKRYK GESETEL.**

’n ontsnapping uit die aardse finansiële vloekstelsel. Gou-rykwordskemas is volop in elke moontlike vorm en bombardeer ons e-posse en Facebook-inskrywings. Daarom, in die konteks van ons finansies, moet ons ’n vraag antwoord: Is daar ’n manier om terug te gaan na die sewende dag waar alles voltooid en heel en beskikbaar is? Die antwoord is ’n groot JA! Hoe dit gebeur en om die wette van die koninkryk wat hierdie soort resultaat sal lewer te verstaan, is die doel van hierdie boek. Ek weet jou ondervinding van die lewe of selfs die kerk en Christene mag dalk redeneer dat dit wat ek sê nie waar kan wees nie, want so baie Christene het die “armoede is heilig”-teologie omarm. Maar ek verseker jou al die antwoorde wat jy nodig het om te floreer en in jou opdrag te bly, wat jou toelaat om jou doel te ontdek, is in die koninkryk gesetel.

*“Geseënd is julle wat arm is, want*
*aan julle behoort die koninkryk van God.”*
– Lukas 6:20, 1983-vertaling

Die antwoord vir armoede is die koninkryk! Dit is die eerste vers waarna God my gelei het toe hy oor koninkryk finansiële wette begin leer het. Natuurlik, as jy hierdie konsep begryp, moet jy weet wat word bedoel met die konsep van die koninkryk, wat ek reeds genoem het. En ek dink jy moet ’n duidelike begrip hê van wat in die Tuin gebeur het toe Adam gesondig het. Kom ek gee ’n vinnige oorsig.

In die begin het Adam en Eva nie oor enigiets bekommer nie; geen siekte- en geen voorsieningskwessies het hulle gedagtes elke dag oorweldig nie. Al waaraan hulle elke dag moes dink was hulle opdrag, om God lief te hê, mekaar lief te hê en om die aarde en die Tuin wat God hulle gegee het, te versorg. Daar was geen vrees in hulle lewens

nie. Maar toe Adam verraad gepleeg het, het alles natuurlik verander. Soos ek gesê het, die duiwel het die god van hierdie wêreld geword, die mens was afgesny van God, en God is afgesny daarvan om jurisdiksie oor die mens te hê. Adam was in 'n nuwe realiteit oor hoe die lewe werk, geskok. Weereens, hier is die woorde wat God vir Adam gesê het ná hy gesondig het.

*. . . vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet. In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.*

– Genesis 3:17, 1953-vertaling

Pynlike inspanning, sweet, vrees, bekommernis en 'n oorlewingsmentaliteit is wat nou Adam en Eva se gedagtes oorweldig. Hulle doel, wat die plan was wat God vir hulle gehad het, was nou verlore in die resies en geveg om te oorleef. Adam se asemrowende opdrag, sy doel, is nou verstik deur die sorge van die lewe en die behoefte aan voorsiening. Hy verloor sy identiteit. Die enigste doel wat hy nou kan sien is om te oorleef, wat konstante inspanning en sweet vereis. Nie veel het verander van daardie dag af tot nou toe nie.

Vandag, as pastor, vind ek dat die grootste vraag wat mense my vra, is: "Wat is ek veronderstel om met my lewe te doen?" Die rede hoekom hulle vra is omdat, in die aardse ryk sedert Adam, is die soektog na voorsiening die doel waarteen alles anders gemeet word. Besluite word gewoonlik geneem op die basis van geld en nie doel nie. Geld en die behoefte daaraan kan mense forseer om werke te aanvaar wat hulle haat.

Die realiteit is dat die meeste mense nie ’n idee het wie hulle werklik is nie. Skryf hierdie neer: “ Todat jy God ken, sal jy nooit Sy ontwerp vir jou lewe ken nie. Hy is die Een wat jou geskep het.”

Mense is so honger om uit te vind wie hulle is. In die wêreld is hulle bloot ’n nommer, maar vir God is hulle ’n baie spesiale en unieke skepping met vaardighede en potensiaal wat niemand anders het nie. Maar omdat hulle God nie ken nie, en hulleself dus nie ken nie, soek hulle hul waarde in al die verkeerde plekke. Hulle laat die kultuur toe om hulle waarde te bepaal deur te aanvaar wat die kultuur sê. Maar die beeld wat die media voorhou en die spieël van die kultuur is alles bewegende skaduwees. Teen die tyd wat jy dink jy is in lyn met dit wat as aanvaarbaar beskou word, vind jy uit dit het verander en jy is reeds agter.

Ek onthou toe ons in Parys was en ek en Drenda in die straat af gestap het. Parys is natuurlik bekend vir modes; en daardie jaar se mode was net grys en swart. Elke winkelvenster was vol grys en swart klere. Toe ek in die straat af kyk, in albei rigtings, kon ek honderde mense sien stap. Ek was geskok om nie eers een stukkie kleur te sien nie. Elke mens, sonder uitsondering, was in grys en swart aangetrek. Daar was honderde mense wat almal dieselfde gelyk het. Wanneer was die laaste keer wat iemand vir jou gesê het grys is hulle gunstelingkleur? Maar daardie dag was die massas seker hulle gunstelinkleur was grys of swart.

Omdat die druk om voorsiening te vind so intens is en ons identiteit skeef trek na wat ons dink sal ons help om dit te vind en om aanvaar te word, het ek en Drenda ’n gesegde uitgedink wat ons vir jare al preek: “As jy nie die geld-ding herstel nie, sal jy nooit jou lotsbestemming ontdek nie!” Wanneer jy ’n slaaf van oorlewing is, laat dit jou met min tyd om ander opsies te ondersoek of skep. Die waarheid is, soos ek gesê het, maak mense die meeste van die tyd hulle besluite rondom die doel

om voorsiening te vind of op te gaar. Hulle gooi hulle passie weg vir ’n salaristjek en hulle visie vir voorsiening. Die feit is dat ons so onder druk is van ons oorlewingsingesteldheid van pynlike inspanning en sweet, dat ons opgehou het om te droom. Vrees hou ons drome gevange en die tekort aan voorsiening hou ons drome gevange na die onmoontlike.

Ek kon onthou toe my droom was om net genoeg petrolgeld te hê om by die huis te kom, wat nog te sê iets wat ’n lewensveranderende betekenis het. In daardie dae was daar geen wonderlike visioene op my radar nie. Net om die maandelikse huur te betaal, het al die verbeelding geneem wat ek kon bymekaarskraap. Ek sal erken dit is moeilik om verby oorlewing te kyk wanneer jy nie kos op die tafel het of enige ander finansiële kommer nie.

Toe Adam die koninkryk weggegee het, het ’n hele nuwe wêreld van dood, vrees, oorlewing en paniek sy lewe oorgeneem. Ek is seker ons almal weet hoe voel vrees. Ek kan ontelbare stories in my eie lewe onthou van paniek, skaamte en vrees toe ek deur nege lang jare van finansiële chaos geworstel het, en moes uiteindelik deel met paniekaanvalle en antidepressante. Lewe in die aardse vloekstelsel van oorlewing het almal van ons geleer om ’n negatiewe uitkyk op die lewe te hê. Party deel beter daarmee as ander, maar sonder Christus vertel hierdie negatiewe ingesteldheid ons aanhoudend dat ons nie goed genoeg is nie.

Het jy al gehoor iemand sê: “Moenie te veel verwag nie?” Terwyl ek grootgeword het, as ek ooit opgewonde was oor iets wat my pa gedink het verspot is, sou hy sê: “Jy sal eendag groot word.” As gevolg daarvan het ek my self gewoonlik nie toegelaat om oor enigiets te droom nie, behalwe oor dit wat my pa gedink het nodig was. Ek glo my pa het seer gehad omdat hy in ’n huis van alkoholisme grootgeword het, en dit was wat hy ook moes doen terwyl hy grootgeword het.

Om eerlik te wees, ons is almal professionele kwelpotte sedert ons geboorte. Vrees is die gemeenskaplike omgangstaal van die aardse ryk. As jy stop en daaroor dink, is die woord *nee* in ons ingetimmer van kleins af. “Nee, jy kan dit nie kry nie.” “Nee, sit dit terug.” “Nee jy kan nie soontoe gaan nie.” “Nee, ons kan dit nie bekostig nie.” Uiteindelik hou ons op om “Ja” vir enigiets te sê behalwe die periodieke ontsnapping na ’n aktiwiteit wat ons gedagtes verdoof van ons eintlike omstandighede, soos om te ooreet aan ons gunstelingkos.

Een studie skat dat die gemiddelde kind die woord *nee* of *moenie* meer as 148 000 keer in hulle lewe hoor, in vergelyking met net ’n paar duisend *ja*-boodskappe.[4]

Ek het onlangs ons jaarlikse Voorsieningskonferensie gehou en het ’n 2017 Ferrari, voorwaar ’n droomkar, op die verhoog geplaas. Die eienaar van die motor woon my kerk by en het kontant vir die motor betaal, wat na aan $400 000 was. Soos die mense in die saal ingekom het, het hulle die motor bewonder en daarna gestaar, en baie het nader gegaan om dit van naderby te beskou. Maar, alhoewel hulle die kar bewonder het, was die punt wat ek wou maak deur die motor op die verhoog te plaas nie om ’n leefstyl van materiële doelwitte te inspireer nie, maar om vir hulle ’n les te leer. Die mense het om die kar gedrom en almal het gesê hulle sou dit graag wou bestuur.

Ek het geweet die “nee”-opleiding wat hulle in die aardse vloekstelsel van pynlike inspanning en sweet het onderbewustelik geskree: “NEE, jy sal nooit so ’n kar besit nie! Nee, jy sal dit nooit kan bekostig nie; moenie eers daaraan dink nie.” As gevolg van die “NEE”-opleiding wat hulle gehad het, wat ons gehad het, het nie een van hulle dit eens oorweeg om ’n Ferrari te besit nie, want die nee-gesindheid kon dit nie sien of ontvang nie. Maar as ek elke uur die karre verander – van die duurste tot

die goedkoopste – sou daar uiteindelik ’n motor op die platform wees waar hulle sou dink en sê: “Ek hou van daardie een; ek moet een koop.”

Wat was die verskil? Dit het gegaan oor hoe hulle hulself sien, hulle potensiaal, en die koste van die motor. Ja, daar kon ’n paar gewees het wat vir hulself sou sê: “Ek sal eendag daardie een besit,” of daar was moontlik mense daar wat die geld gehad het en die kar anders gesien het. Maar ek is seker dat vir die massas, dit nie eers in hulle gedagtes was om so ’n kar te besit nie. Die miljoenêr wat kontant vir die kar betaal het, het in werklikheid ses Ferrari’s. In sy gedagtes is dit net ’n wonderlike motor. Toe hy die kar gesien het, het hy in sy gedagtes gesien hoe hy een besit en die proses begin om dit uit Italië te bestel, en dit toe by sy huis in die VSA laat aflewer. Dit was nie vir hom moeilik om op sy visie te reageer nie, want hy het die voorsiening gehad. Hier is ’n belangrike sleutel tot rus – voorsiening is pro-visie.

## Belangrike sleutel:

### <u>Voorsiening is pro-visie</u>

Sonder voorsiening is daar nie ’n visie nie; daar is net oorlewing. Die aardse vloekstelsel van armoede het ons drome en ons toekoms gesteel. Ek weet die Ferrari was ’n radikale illustrasie, maar dit het my punt gestaaf. Die mense daar het hulself nie eers toegelaat om te droom om so ’n motor te besit nie want hulle het dit gesien as onverkrygbaar. As hulle hulself net vir ’n oomblik toegelaat het om te droom om dit te besit, sou hulle opleiding in die aardse vloekstelsel skree: “Wat ’n mors van geld!” Maar wat as jy $25 biljoen kontant in jou bankrekening gehad het (ek probeer ’n punt hier maak)? Daardie motor sou so goedkoop

gelyk het dat jy een sou koop om net op naweke te gebruik. Dit is alles 'n saak van perspektief, en omdat die Woord van God sê elke belofte van God is "Ja" en "Amen" (dit sal so wees), moet jou perspektief verander om te dink soos God dink.

*. . . want al die baie beloftes van God in Christus Jesus is 'n volmondige "ja". Daarom is dit ook deur Christus se toedoen dat ons, om God te verheerlik, daarop "Amen" sê.*
– 2 Korintiërs 1:20, NLV

Volgens die woordeboek is die definisie van perspektief: 'n Spesifieke gesindheid teenoor of 'n manier om iets te beskou; 'n oogpunt, houding, verwysingsraamwerk of interpretasie. Basies is perspektief eintlik net hoe jy oor iets dink.

Hier is 'n konsep wat ek wil hê jy moet oordink. Adam was 'n prins voor hy vir die duiwel ingegee het. As jy hom ná daardie val gesien het, sou jy 'n arm man gesien het met 'n gesin wat nie so wonderlik was nie (Kain, sy seun, het sy broer Abel vermoor), en jy sou hom nie regtig 'n kans gegee het om enigiemand te wees nie. Maar wat jy nie sien het nie, is dat hy koningskap in sy are gehad het. Alhoewel jy hom nie in daardie kapasiteit sien nie, is hy eintlik geskep om te regeer. Dieselfde is waar van jou ook. Jy kan nie na jouself kyk gebaseer op waar jy woon, wat jy het of jou huidige omstandighede nie, en jou potensiaal daarmee oordeel nie. Jy moet kyk na jou geskepte potensiaal.

**JOU PERSPEKTIEF MOET VERANDER OM TE DINK SOOS GOD DINK.**

Ek kon onthou toe ek een keer deur moeilike omstandighede gegaan het en ek 'n paar kwessies ondervind het wat baie groter as ek was. Ek

moes 'n paar besluite neem wat baie meer geld sou kos as wat ek gehad het. Ek het gevoel ek weet wat God vir my sê om te doen, maar ek was huiwerig om dit te doen. Die Here het my in daardie tyd 'n droom gegee. Ek was op 'n perd bo-op 'n heuwel. Ek het 'n swaard in my hand gehad. Onder my, aan die onderkant van die heuwel was honderde, indien nie duisende nie, vyandige soldate op perde met hul swaarde omhoog teen my. Ek was heeltemal alleen op daardie heuwel en duidelik in die minderheid. In my droom het 'n stem gesê: "Gary, moet jouself nie onderskat nie!" Met dit het ek my swaard opgelig en met my perd die heuwel afgejaag reguit na die vyand toe. Die vyand, toe hulle my sien jaag, het ook, swaarde in die lug, by die heuwel opgejaag in my rigting. Soos ek na hulle toe gejaag het, het ek hard geskree: "THOR!"

Toe ek wakker word, het ek geweet die Here praat met my en moedig my aan, maar ek het nie geweet wat die woord *Thor* beteken nie. Daar is 'n man by my kerk wat vir 30 jaar 'n pastor was en wat baie tale bestudeer het. Ek het hom gevra of hy weet wat dit beteken en hy het gesê hy sal kyk. Hy het my die volgende dag geskakel en gesê Thor beteken seun van donderweer. Ek het hom bedank en was verwonderd oor wat die Here vir my sê. Vir die vyand klink ek soos donderweer! Wanneer ek praat, klink dit soos donderweer (krag) vir die vyand, tensy ek hom vertel hoe swak ek is.

Ek het in 2010 by ons heel eerste Voorsieningskonferensie gepreek en het hierdie verhaal vertel. Ná ek die storie vertel het, het ek afgesluit met dit wat die Here my in die droom vertel het: "Gary, wanneer die vyand jou sien kom, klink dit soos donderweer." Op daardie oomblik toe ek sê: ". . . klink dit soos donderweer", het 'n harde donderslag weerklink. Daar was geen reën nie, daar was geen vorige donderweer nie, en dit was die enigste donderslag wat daardie aand gehoor was. Die mense wat

daardie aand daar was, was geskok. Maar niemand was meer verheug as ek nie, want ek het geweet dit was God wat Sy "AMEN" geplaas het op wat ek gesê het, want dit was van toepassing op al Sy kinders. Terloops, die TV-kameras was daardie aand aan en as jy die gebeurtenis wil sien, kan jy dit hier gevind word: *https://youtu.be/rtx1XYJGIAg*.

Hier is die konsep wat jy moet verstaan.

**Slawe droom nie groot drome nie!**

Waaroor droom slawe? Om te stop. Hulle droom van die 5:00 uur terwyl hulle heeltyd na hulle horlosies kyk in die tweede helfte van die dag, wanneer hulle kan stop en huis toe gaan. Hulle droom van vakansie, aftrede, hulle droom om geld te hê sodat hulle kan stop. Slawe droom daarvan om te stop, nie om meer werk te skep nie! 'n Gesindheid of perspektief van slawerny bedink of skep nie werk nie; dit soek na 'n manier om nie te werk nie. 'n Slaaf is reeds oorweldig en sien bloot nie die potensiaal raak wat elke dag verbykom nie.

Om die kop en nie die stert te wees nie, moet jou ingesteldheid verander van 'n slaaf na 'n eienaar en skepper. Jy moet weer begin droom. Jy moet verby dit wat jy dink jy is, kyk, want alhoewel jy swak lyk in jou eie oë, klink jy vir die duiwel soos donderweer. Jy het koninklike bloed in jou are en jy moet so begin dink en optree.

Ek het 'n vriend wat 'n multimiljoenêr is. Hy besit baie pragtige huise, almal op die strand of naby riviere. Op 'n dag toe ek by hom gekuier het, het ons op die landingshoof tussen die bote gestap. Soos ons verby elkeen gestap het, kon hy elkeen se eienaar noem. Ek sal jou 'n voorbeeld gee van hoe die gesprek verloop het, maar ek maak net die name op, want ek onthou dit nie. My vriend se gesprek het so geklink:

"Hierdie boot behoort aan Billy Smith, wat Ohio Medical Services besit. Die volgende boot behoort aan John Rogers, wat die eienaar is van Rogers & Rogers, 'n regsfirma. Hierdie een behoort aan Ralph Tidewell, wat die oulike skoenwinkel in Oxfordstraat besit."

Ná ons verby sowat twintig bote gestap het, het ek besef elkeen was besit deur iemand wat 'n besigheid besit. Nie een van die bote is deur jou gewone Jan Alleman wat van nege tot vyf werk by die plaaslike roomysstalletjie, besit nie. Nou, ek het niks teen die plaaslike roomysstalletjie of die werkers daar nie. Ek gee net 'n voorbeeld van die soort mense wat ryk is.

Let asseblief op na wat ek sê. Dit gaan nie oor die geld wat hulle besit nie; dit gaan oor die ingesteldheid. Moenie die kar voor die perde span nie. Die meeste mense sal sê: "Ek wens ek het daardie soort geld." Wat hulle eintlik moet sê, is: "Ek wens ek het soos hulle gedink!" Hulle het 'n ander perspektief van die lewe en van hulleself.

Die meeste gesinne bereik nooit 'n inkomste wat beskou sal word as 'n oorvloedige inkomste nie. 'n Onlangse studie sê 51% van die VSA se arbeiders verdien minder as $30 000 per jaar.[5] Meer as die helfte van ons volk verdien minder as $30 000 per jaar?! As jy in jou twintigs is en net begin werk het, of jy is in 'n posisie wat jy wil regtig daar wees, en geld is nie jou eerste oorweging nie, is dit reg so, maar ek weet dit is nie waar vir meer as die helfte van ons volk nie. Ek weet hulle benodig meer geld. Vertrou my, in my 36 jaar in die finansiële dienste industrie, was ek al in duisende en duisende huise, en ek het dit eerstehands gesien.

So, waarom het hulle nie meer inkomste nie? Voor jy begin skree hoe onregverdig die lewe is of hoe jy 'n slagoffer is of enige ander nonsens, wil ek vir jou sê dit is oor twee redes. Die eerste is dat hulle vasgevang is in die aardse vloekstelsel van armoede en nie weet van God se koninkryk

en Sy beginsels van voorsiening nie. Tweedens het hulle ’n stinkende negatiewe manier van dink, óók as gevolg van die aardse vloek-opleiding wat hulle gehad het en omdat hulle nie ’n manier daaruit kan sien nie, selfs al is dit reg voor hulle. Basies kom dit neer op slawe wat ’n slawerny-gesindheid het, soos ek reeds gedeel het. Hulle sien nie geleenthede raak wanneer hulle na rus soek nie. Kom ons wees eerlik; sonder regte antwoorde, verloor mense hoop.

Kom ek gee ’n voorbeeld wat ek in my seminare gebruik. Kom ons sê ek vertel jou ek kan al jou geldprobleme oplos in net een maklike sin. Kry jou pen en papier gereed want ek waarborg dit gaan jou antwoord wees. Gereed? Okei, hier is dit: Verdien ’n netto inkomste van $5 miljoen hierdie jaar. Wanneer ek dit van die verhoog af sê, begin almal lag. Maar hoekom lag hulle? Want hulle kan nie sien hoe hulle daardie hoeveelheid geld kan verdien nie, en hulle dink ook nie dit is moontlik dat hulle ’n netto inkomste van $5 miljoen ’n jaar kan verdien nie.

Ek vertel hulle dan dat hulle nooit sal besit wat hulle nie kan sien nie. Ek herhaal dan die oefening, maar hierdie keer maak ek die bedrag aanhoudend minder: $200 000, $100 000, $70 000 of $40 000 ’n jaar. Uiteindelik sê ek vir hulle: “Ek gaan by ’n syfer uitkom waar jy gaan sê: ‘Oukei, maklik. Ek kan dit doen.’”

Dan vertel ek hulle ’n ander storie. Kom ons sê ek is ’n ryk sakeman in die uitvoerindustrie. Ek wil balle uitvoer na China, en ek benodig hulp om dit te verpak om te verskeep. Ek sê vir hulle dat ek hulle $500 sal betaal vir elke bal wat hulle verpak. As ons aanneem dat hulle 200 balle per dag kan verpak, sou hulle sowat $100 000 per dag verdien. Ek bied ook aan hulle ’n jaar-kontrak om die balle teen dieselfde tarief te verpak. Nou, as ek hulle sou sê hulle antwoord was om $5 miljoen netto inkomste in 12 maande te verdien, wat sou hulle antwoord wees?

"Maklik, geen probleem nie, jy kan maklik $5 miljoen dollar verdien teen daardie tarief."

Wat is die verskil? 'n Plan, dit is al. Die plan maak die verskil. Die God wat jou geskep het, ken die plan, en al wat jy moet doen, is om dit te hoor. So is dit met die koninkryk van God. Toe God my daardie droom gegee het om daardie besigheid te begin en my gewys het hoe om dit te doen, het my inkomste nie dadelik verander nie – maar in my binneste het ek geskree: "Dit is maklik! My geldprobleme is verby; ek het 'n plan!"

*Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee.*
– Jeremia 29:11, 1953-vertaling

God het planne dat jy voorspoedig sal wees! Wanneer jy ontdek God het 'n plan vir jou voorspoed, is die stryd halfpad gewonne! Luister, om die geld-ding reg te maak, is nie so moeilik nie. Voorsiening is pro-visie! Dit is regtig so eenvoudig. Die antwoord vir geen kruideniersware is om kruideniersware te hê. Die antwoord vir die behoefte aan 'n groter huis, is 'n groter huis. Die antwoord vir 'n betroubare kar is om 'n betroubare kar te besit.

Ek weet ek weerspreek myself hier, maar ek het vir jare 'n gebreekte kar gery. Jy kon my 'n kilometer ver sien aankom as gevolg van die rookstreep wat ek agtergelaat het. Ek weet hoe stresvol karprobleme kan wees as jy iewers moet uitkom. Ek weet ook hoe voel dit om by 'n motorhandelaar in te stap en kontant vir 'n nuwe kar te betaal. Raai wat? Geen stress, geen bekommernis meer nie. Waarom? Want my behoefte

is vervul en ek het vrede. Ek kan fokus op wat ek veronderstel is om te doen in plaas daarvan om met ’n motorkrisis te deel.

**AS BURGER VAN DIE KONINKRYK HET JY WETLIKE REGTE EN ELKE WET EN BEGINSEL IS NOU AAN JOU BESKIKBAAR.**

Die feit van die saak is dat die meeste mense met ware geldkwessies moet deel, selfs tot by die punt van stres vir die meeste van hulle lewe. Hulle werk dalk so baie ure om te oorleef dat hulle nie lewens het nie. Vriend, dit is nie God se wil vir jou lewe nie.

Soos ek vroeër gesê het, mense gooi hulle drome en passies weg vir salaristjeks by werke wat hulle haat. Slawe is gewoonlik nie gelukkige mense nie! Ongelukkig is dit waar mense leef, ongelukkig met waar hulle in die lewe is, met afsku en sonder hoop. Maar in realiteit is hulle net ’n perspektief-skuif weg van vryheid af, of om ’n plan te hê.

Kom ek gee jou ’n persoonlike voorbeeld. Baie van julle weet ek is lief vir jag, visvang, fietsry, stap, enigiets buite. Ek het in Ohio grootgeword in ’n klein plaasgemeenskap wat as Plain Township bekendstaan. Die dorp is so genoem want dit was op ’n vlakte geleë. Dit was natuurlik goed vir die boere, maar dit was nie die mooiste landskap nie. Ek het ingeteken op elke moontlike jag- en visvangtydskrif, *Outdoof Life*, *Sports Afield*, *Field & Stream* en ander. Ek het elke wonderlike storie oor visvang en jag in die wilde en pragtige berge in die weste en die lowergroen berge van die Appalachiese Vallei wat net ’n uur oos van my was, gelees. Tog het ek nooit daardie gebiede besoek nie. Ek was 40 jaar oud toe ek my eerste berg gesien het.

Hoekom? Ek het die geld gehad om te reis, my eie kar, die I-70 nasionale pad loop deur my tuisdorp en as ek wes sou gaan, het die pad deur die Rocky-berge geloop. Maar die waarheid is ek het nooit

daaraan gedink om soontoe te gaan of myself toegelaat om te dink: "Ek sal eendag soontoe gaan" nie. Ek het daardie plekke in die glansbladsye van 'n tydskrif bewonder, maar nooit daaraan gedink om te gaan nie. Wat my betref kon dit net sowel op die maan gewees het; dit was bloot nie 'n moontlikheid in my gedagtes nie. Ek was 40 toe ek uiteindelik na die weste gereis het, en ek kon nie glo wat ek my hele lewe lank gemis het nie. Nou het ek minstens een keer 'n jaar my berg-"fix". Vriend, daar is soveel meer daarbuite as wat jy nóú kan sien. Jy is meer as wat jy nóú kan sien! Daar is 'n ander perspektief in die lewe wat jy moet sien en ervaar.

**Wanneer jy begin verstaan en leer hoe God se koninkryk funksioneer en wat die koninkryk van God sê jy reeds het, sal jou perspektief verander!**

*So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie,*
*maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God.*
– Efesiërs 2:19, 1953-vertaling

As burger van die koninkryk het jy wetlike regte en elke wet en beginsel is nou aan jou beskikbaar. Dit was my en Drenda se probleem. Alhoewel ons Christene was en lief vir God, was ons burgers van God se koninkryk met geen kennis van die wette en beginsels van die koninkryk nie. As gevolg van ons beperkte perspektiewe wat die aardse vloekstelsel ons gegee het, het ons nie drome gehad nie. Maar kennis is mag.

In 'n hofsaal, byvoorbeeld, bewys 'n getekende huurkontrak jy het 'n wetlike reg om in jou huis te woon. Die kennis dat daar 'n getekende dokument is en dat jy toegang tot die reg het om jou wetlike reg om in

daardie huis te woon te bevestig, verskaf vrede en die gerusstelling. Op dieselfde manier gee kennis van dit wat God sê en wat die koninkryk vir jou het, jou die vertroue om alles wat wetlik joune is, op te eis. 'n Voorbeeld: Wat is die boer se voorspoed? Is dit geld? Nee. Is dit die saad wat hy saai? Nee. Dit is die kennis wat hy besit van die wette van saai en oes. Dit maak nie saak hoe arm hy is nie, hy weet hoe om ryk te word. Hy put eenvoudig uit die wette van die aardse ryk wat God ingestel het. Die proses van saaityd en oestyd kan oor en oor vir die boer produseer.

Hy verstaan die wette van oes en het volle vertroue daarin. Hy saai duisende dollar se saad in die grond, en tog is hy nie bang nie. Jy sal nie 'n boer vind wat langs sy trekker sit en huil oor al die geld wat hy in die grond gegooi het ná hy sy saad geplant het nie. Nee, hy sal nie oor die koste van die saad huil nie. Hy sal verseker wees van die wette wat die natuurlike aardse ryk bestuur. Kan hy vir jou sê hoe 'n saad groei? Ek twyfel, maar hy kan vir jou sê hy is op soek na meer grond om te bewerk. Dieselfde is van jou en my waar. Tensy ons die wette van die koninkryk ken en vertroue daarin het, kan ons nie die lewe wat God vir ons bestem het, geniet nie.

Een van die opwindendste stories wat ons in daardie vroeëre dae gesien het, het plaasgevind toe ek 'n oproep ontvang het van 'n man wat ek "Don" sal noem, en wat erge finansiële kwessies gehad het. Hy het gehoor ek help mense met hulle finansies.

Toe ek Don die eerste keer ontmoet het, het hy na my kantoor gekom en was baie ontmoedig en in die skuld. Op daardie tydstip het dit gelyk of niks vir hom reg verloop in sy lewe nie. Toe ek met hom begin praat, het ek uitgevind hy was drie of vier maande agter met sy huurgeld en ook op elke ander rekening wat hy gehad het. Daar was huweliksprobleme – sy vrou was keelvol vir hulle finansiële situasie en

het haar respek vir Don verloor, omdat hy nie vir haar en hulle vyf kinders kon voorsien nie. Die feit is, Don het respek vir homself verloor, en hy was vol vrae.

Die werk wat hy toe gehad het, het behels dat hy gesondheidsversekering in die staat Ohio verkoop het, maar sy tekort aan sukses was vinnig besig om hom op ’n rampspoedige finansiële pad te lei.

Maar ten spyte van alles wat teen Don getel het, het ek die potensiaal in hom gesien. Hy was gewillig om te leer en te werk. Daardie kragtige kombinasie het my nuuskierig genoeg gemaak om hom aan te stel en myself in die welvaart van sy toekoms te belê. Op die ou einde was dit ’n belegging wat groot dividende vir ons albei betaal het.

My jong maatskappy het pas ’n reis na Hawaii van een van ons verskaffers gewen, en ek het gevoel dit is ’n goeie tyd om Don te vertel van die koninkryk van God. Alhoewel Don ’n Christen was, het hy nie dieselfde begrip as ek gehad nie. En alhoewel ek op verskeie geleenthede probeer het om God se beginsels met hom op hierdie gebied te deel, het dit voorgekom of hy nie glo wat ek sê nie.

Ek het bly soek na ’n manier om Don se aandag te trek wat hom sou help om te besef dat hy ook sukses kan behaal as hy leer hoe God se koninkryk werk. Maar Don was so ontmoedig dat hy gesukkel het om in homself te glo en te glo dat verandering rêrig kon plaasvind. Ek het geweet hierdie Hawaii-uitstappie was my kans.

In die weke vóór ek en Don sou vertrek, het ons gepraat oor wat ons daar sou sien en doen. Daar was een spesifieke belangstelling wat Don se aandag behoorlik getrek het. Hy wou ’n blou marlyn in die pragtige waters van die Stille Oseaan vang. “Hawaii is die blou-marlyn-hoofstad van die wêreld,” het hy my opgewonde vertel. “Ek wou nog altyd ’n blou marlyn gevang het; dit was nog altyd ’n droom.” Ek het vir die

eerste keer in weke 'n glinstering in Don se oë gesien. Uiteindelik was daar iets wat hom opgewonde gemaak het, en ek het geweet daardie opgewondenheid sou die deur na 'n kragtige les oopmaak.

"Don," het ek gesê, "het jy geweet dit is moontlik om te weet, nie hoop nie, maar te wéét jy sal 'n blou marlyn in Hawaii vang as jy in die koninkryk van God intap?" Hy was verward maar nuuskierig en wou meer weet. Ek het voortgegaan met my verduideliking van die koninkryk en Markus 11:24 gekwoteer: "Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees" (1983-vertaling). Dit was vir Don amper te goed om waar te wees. Ek het tyd geneem om hom te help om die koninkryk te verstaan en hoe om sy geloof vry te stel. En so, vóór ons op ons vakansie vertrek het, het hy en sy vrou in ooreenstemming gebid en in geglo dat hulle die blou marlyn ontvang het. Hulle het ook 'n finansiële saad in die koninkryk van God gesaai vir hulle oes. Dit was iets wat die Heilige Gees my geleer het om te doen wanneer ek my geloof vrygestel het vir iets wat ek nodig gehad het.

Don het intussen alles gedoen wat hy geweet het om te doen om sy deel in die oes te ondersteun. Hy het navorsing oor beskikbare bote en pryse gedoen en uiteindelik geboek by 'n kaptein waaroor hy goed gevoel het. Alles was in plek, en ons was almal opgewonde om na die blou waters van Hawaii te gaan.

Die dag het aangebreek en terwyl ons in die boot geklim het, het ons opgewonde vir die kaptein vertel dat dit die dag was waarop ons 'n blou marlyn gaan vang. Maar alhoewel hy verwag het dat ons 'n suksesvolle dag sou hê om ander vis te vang, het hy ons verseker dat die kanse nie in ons guns was om daardie dag 'n blou marlyn te vang nie. Met twee bote wat elke dag uit op die waters was vir die voorafgaande vier maande,

het sy bemannings net een blou marlyn ingebring. Dit was omdat dit nog nie marlyn-seisoen was nie want marlyn was migreringsvisse. Ons het geweier om ontmoedig te word en hom respekvol gesê ons gaan een vang, en ons het ons toerusting gereed gekry.

Ná ses ure van sleeplynvisvang het ons nie eers een byt gehad nie, en ek was bekommerd dat die tekort aan aksie Don se geloof sou verswak. In my bekommernis het ek 'n vraag aan hom vanaf my stellasie op die dek bo hom geskree: "Don, kom ek vra jou 'n vraag. Wanneer het jy die blou marlyn ontvang? Wanneer dit opdaag of toe jy gebid het?" Don het selfversekerd geantwoord: "Gary, dis eenvoudig. Ek het ontvang toe ek gebid het." Ek was opgewonde en verseker toe ek sy antwoord gehoor het. Dit was toe dat ek geweet het Don het my instruksie ernstig opgeneem en dat hy vasbeslote was om daardie marlyn te vang.

Don se stok het minute later begin sing soos dit vorentoe gebuig het en die bemanning het gegil: "Vis aan!"

"Moenie te opgewonde raak nie," het die kaptein gewaarsku. "Dit is beslis 'n groot vis, maar nie 'n blou marlyn nie. Marlyne kom na die oppervlak en gee groot spronge in die lug. Hierdie vis bly diep." Die minute het voortgesleep soos wat Don met die vis, wat steeds nie na die oppervlak gekom het nie, geworstel het. So moeg soos Don was, was die vis nog moeër en het vinnig opgehou baklei. Ek en Don was verras toe hy daardie groot, pragtige blou marlyn ingekatrol het, maar almal anders op die boot was geskok.

Die foto van Don en sy vis is tot vandag toe in my kantoor as getuienis aan ander en 'n konstante herinnering vir my oor die realiteit van die koninkryk. Van buite af was dit net 'n vis. Maar vir Don het die marlyn soveel meer beteken. As die koninkryk vir die marlyn gewerk het, sou dit sekerlik vir alles anders wat hy in die lewe nodig gehad het,

werk. Vir Don was dit net die begin van sy besef van watter impak die koninkryk van God op sy lewe sou hê.

Hierdie is my gunstelingstorie, en ek is lief daarvoor om te sien dat mense werklike ervarings met die koninkryk van God het. En dit is wat ek vir jou ook wil hê!

HOOFSTUK 4

# EK HET ’N BELANGRIKE SLEUTEL VAN DIE KONINKRYK GEVIND!

Ons almal het verskillende soorte sleutels vir ons huise, motors en enigiets wat ons wil beskerm. Die sleutel gee ons toegang tot dit wat binnekant beskerm word, of die outoriteit om die item, soos ’n motor, te kan gebruik. In my lewe as ’n Christen in daardie nege lang jare van finansiële chaos en geen hoop nie, het ek geweet iets ontbreek, dat iets verkeerd was. Niemand het nodig gehad om my dit te vertel nie. Wat ek moes weet was wát verkeerd was en hoe om dit reg te maak.

Toe die Here met my gepraat het ná ek uitgeroep het om hulp terwyl ek oor my bed gelê het in die bouvallige plaashuis, het Hy my vertel dat my probleem was dat ek nooit geleer het hoe Sy koninkryk funksioneer nie. In daardie een sin het ek die sleutel gehoor, of moet ek sê die bron van sleutels wat nodig is – die koninkryk. God het vir my gesê die antwoord was Sy koninkryk. Ek het nooit die tyd geneem om te leer hoe Sy koninkryk funksioneer nie, maar as ek het, sou ek my antwoord vind. Toe God daardie dag met my praat oor my tekort aan koninkryk-begrip, het ek regtig geen idee gehad wat Hy met koninkryk

bedoel het nie. Maar ek het Hom hard en duidelik gehoor dat as ek sou leer hoe Sy koninkryk opereer, ek die antwoorde sou vind waarna ek gesoek het. Vir my was daar 'n belangrike sleutel in daardie algemene stelling: "Jy het nooit die tyd geneem om te leer hoe my koninkryk funksioneer nie!" Hierdie stelling het op sigself baie gesê en was natuurlik my eerste belangrike sleutel waarmee my lewe getransformeer is.

*Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors – tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die Here van die leërskare sal dit doen.*
– Jesaja 9:5–6, 1953-vertaling

Die begrip dat die koninkryk van God inderdaad 'n koningkryk is wat op die basis van regering en wette funksioneer, het my oë oopgemaak na 'n begrip van die koninkryk wat ek nooit voorheen geken het nie. Die wete dat die koninkryk van God gevestig is en gehandhaaf word deur regverdigheid (die administrasie van die wet) en God se geregtigheid (Sy wette), het vir my gewys dat alles in die koninkryk gebeur as 'n resultaat van 'n wet of beginsel van daardie koninkryk. Ek is dalk nie die skerpste potlood in die pakkie nie, maar ek was slim genoeg om te verstaan dat as die koninkryk op die basis van wette werk, ek daardie wette kon leer en op my lewe toepas. Soos wat God vir my en Drenda Sy wette begin leer en openbaar het, het ek besef dat elke verhaal in die Bybel sleutels bevat oor hoe die koninkryk werk en wat ek moes leer. Ek het elke verhaal in die Bybel anders begin lees: "Hoekom het dit gebeur? Hoekom het dit

nie gebeur nie?" Ek het elke storie met 'n gesindheid van "Watter beginsels word in die verhaal openbaar? Hoe het dit gebeur?" gelees.

Ek het myself 'n geestelike wetenskaplike genoem, en was verheug dat die Heilige Gees wet na wet aan my geopenbaar het. Ek was selfs meer verheug om te sien dat die wette wat ek ontdek het, in my eie lewe kon funksioneer, net soos in die Bybel. Mense vra my: "Gary, wat bedoel jy met die wette van die koninkryk?" Ek herinner hulle gewoonlik aan die wette wat hulle hier op aarde gebruik – swaartekrag, die wette van fisika en al die wette wat die natuur beheer.

'n Boer gebruik hierdie wette wanneer hy wil; hy bid nie dat dit werk nie. Hulle werk elke keer wat hy kies om hulle te gebruik. Hulle is aan almal beskikbaar wat hulle wil gebruik. Net so funksioneer die koninkryk van God met wette wat geleer kan word. Omdat dit wette is, verander hulle nooit nie, en hulle kan geleer word en op lewe in die koninkryk toegepas word.

Terloops, wanneer jy Christus aanvaar, is jy 'n burger van Sy koninkryk en die hele koninkryk is joune. Hierdie wette van die koninkryk kan ook deur jou geleer en gebruik word.

**SOOS WAT GOD VIR MY EN DRENDA SY WETTE BEGIN LEER EN OPENBAAR HET, HET EK BESEF DAT ELKE VERHAAL IN DIE BYBEL SLEUTELS BEVAT OOR HOE DIE KONINKRYK WERK EN WAT EK MOES LEER.**

"Oukei," sal mense sê, "ek verstaan daardie gedeelte, maar gee my 'n voorbeeld van 'n wet in die koninkryk." Daar is sommer baie wette. Eintlik het ek alreeds 'n paar genoem, soos die wet van regverdigheid, die wet van geloof en die wet van ooreenstemming, alhoewel ek hulle nie pertinent so in die hoofstukke genoem het nie.

Weereens, daar is baie wette, en al hierdie wette kan opgebreek word in funksie en toepassing, wat die dele is waarop ons wil fokus. Kom ek vertel ’n storie om te help illustreer wat ek sê.

Ek besit ’n vliegtuig, ’n Piper Mirage, wat ek gebruik om na byeenkomste te vlieg, kliënte te ontmoet, en om vir besigheid te reis. Ek het ’n rit beplan na Colorado om ’n konferensie by te woon en het die jaarlikse onderhoudsinspeksie wat deur die wet vereis word, versigtig om daardie rit beplan. As jy dit nie weet nie, elke vliegtuig wat in die VSA vlieg moet ’n jaarlikse onderhoudhersiening deurkom. My vlieënier moes die Mirage gaan oplaai en ons toe na die konferensie toe vlieg. Maar die dag vóór hy die vliegtuig moes gaan haal, het die werkswinkel geskakel en gesê hulle het per ongeluk die voorste medevlieënierswindskerm gebreek. Hulle sou dit gratis vervang, maar die proses sou drie dae neem voor die vliegtuig kon vlieg. Dit het beteken ek en Drenda moes met ’n kommersiële vlug na Colorado vlieg. Ek bedoel niks daarmee nie, maar ons verkies om met ons eie vliegtuig te vlieg wanneer ons kan. Ons was effens teleurgestel, maar het na die konferensie gegaan. Die plan was dat ons vlieënier ons met die terugvlug na Ohio sou oplaai.

Op die tweede dag van ons konferensie het ’n skielike haelstorm die gebied getref. Die haelstene was so groot dat dit die hele gebied beskadig het. In sommige gebiede het groot stukke hael deur die dakke gegaan. Honderde motors was onherstelbaar beskadig. Geboue en dakke is beskadig. Toe my vlieënier ons kom oplaai het, het hy by dieselfde vliegveld geparkeer waar hy die vliegtuig sou gelos het as ons aan die begin van die konferensie ingevlieg het. Ek kon amper nie die gesig glo wat voor my was nie. Elke vliegtuig wat daar geparkeer was, was totaal verwoes. My vliegtuig, deur God se genade, was nie daar nie en

dus nie beskadig nie. Dit is 'n asemrowende verhaal, maar hoe het dit gebeur? Ek bedoel, was dit net toevallig of was die vliegtuig nie daar nie as gevolg van 'n geestelike wet waaruit ek op die een of ander manier voordeel getrek het?

Wel, ek weet vir 'n feit dat dit die resultaat van 'n geestelike wet was wat ek in plek geplaas het, en ek sal dit binnekort met jou deel. As jy die wet verstaan, dupliseer jy die resultate wanneer dit ook al nodig is. In hierdie geval het ek 'n wet toegepas wat God my aan die begin geleer het toe Hy my begin oplei het in Sy koninkrykwette en funksies.

Kom ek wys jou die wet wat God my gewys het, dan sal ek jou wys hoe ek dit toegepas het. Onthou, elke verhaal in die Bybel toon jou iets oor die koninkryk en hoe dit werk. Ek noem myself 'n geestelike wetenskaplike. Wanneer ek die Bybel lees, soek ek altyd na wette wat iets veroorsaak het of gekeer het dat iets gebeur. Ons vind die verhaal wat verwant is aan hierdie les in Markus 6.

*Toe dit al baie laat was, het Jesus se dissipels vir Hom kom sê: "Dit is 'n afgeleë plek hierdie en dit is al baie laat. Stuur die mense terug sodat hulle op die plase in die omtrek en in die dorpies vir hulle iets te ete kan koop."*
*Maar Hy sê vir hulle: "Gee julle vir hulle iets om te eet."*
*Hulle antwoord Hom: "Moet ons met twee honderd mense se dagloon brood gaan koop om vir hulle iets te ete te gee?"*
*Hy vra vir hulle: "Hoeveel brood het julle? Gaan kyk."*
*Nadat hulle gaan kyk het, sê hulle: "Vyf, en twee visse."*
*Hy het hulle opdrag gegee om al die mense klompies-klompies op die groen gras te laat sit om te eet. Die mense het in groepe van honderd en in groepe van vyftig gaan sit. Toe het Hy die vyf brode en die twee visse geneem, na die hemel opgekyk en die seën gevra. Daarna het Hy die*

*brood gebreek en dit vir sy dissipels gegee om aan die mense voor te sit. Hy het ook die twee visse onder hulle almal verdeel. Al die mense het geëet en genoeg gekry. Hulle het nog twaalf mandjies vol bymekaargemaak van die stukke brood en die vis. Van dié wat van die brood geëet het, was net die mans vyf duisend.*

– Markus 6:35–44, 1983-vertaling

Hierdie is ’n wonderlike verhaal en illustrasie van hoe die koninkryk van God funksioneer. Vyf brode en twee visse voer 20 000 mense! Jy sê dalk: “Maar Gary, die Bybel sê daar was net 5 000 mans daar. Ja, dit doen, maar ek kan aanneem daar was ook vroue en kinders daar. Ek raai dus daar was ongeveer 20 000 mense daar.

Toe die dissipels na Jesus gekom het oor die kos-kwessie, wou Hy hulle iets oor die koninkryk geleer het en daarom het Hy gesê: “Gee julle vir hulle iets om te eet.” Wel, dit het hulle blykbaar geskok. Waar moes hulle soveel kos kry? Hulle reageer met die begrip van die enigste bron van voorsiening wat hulle ken – arbeid! Hulle sê: “Moet ons met twee honderd mense se dagloon brood gaan koop . . .?” Uit hulle perspektief van die pynlike inspanning en sweet van die aardse vloek, sou dit onmoontlik gewees het om die skare te voer.

Maar in die koninkryk maak ander wette van funksionering alle dinge moontlik. Jesus wil hulle help om verby die aardse vloekstelsel te kyk en ’n nuwe moontlikheid uit die koninkryk van God leer. Jesus vra hulle dan om te sien wat hulle beskikbaar het om die skare te voed. Hulle gaan kyk en antwoord dat hulle vyf brode en twee visse gevind het, maar hulle het geweet dat dit nie genoeg sou wees om te help nie. Jesus vra hulle dan vir die brode en vis. Hy hou dit in Sy hande, bid daaroor en seën dit. Hy gee dit dan terug aan Sy dissipels om onder die skare te verdeel.

Natuurlik ken jy die res van die verhaal; al 20 000 mense het geëet tot hulle vol was en tog was daar nog twaalf mandjies oor.

My vrae is: “Waarom het Jesus gevra dat hulle die brood en vis aan Hom bring voor Hy hulle aansê om dit uit te deel? Hoekom het Jesus nie net voortgegaan en die dissipels gevra om die kos uit te deel nadat hulle dit gevind het nie? Moes Jesus dit eers seën?” Die korrekte antwoord is dat Jesus die brood en vis eers moes seën. Jy sien, die brood en vis was in die aardse ryk onder die outoriteit en jurisdiksie van die mens toe Sy dissipels dit gevind het. In daardie toestand het Jesus geen jurisdiksie daaroor gehad nie. Maar toe die brood en vis gewillig na Hom gebring is, kon Hy dit seën. Die woord *seën* beteken om heilig te maak of af te sonder. Hier word nou ’n wet van die koninkryk openbaar.

**Toe Jesus die brood en vis geseën het, het die brood en vis van koninkryk verander.**

Basies het die jurisdiksie oor die brood en vis verander. God het nou die wetlike reg gehad om die brood en vis vir die mense te vermenigvuldig.

**As Jesus nie die brood en vis geneem en dit geseën het nie, sou dit nie vermenigvuldig het nie.**

Ons gebruik dieselfde wet wanneer ons ons kos seën, alhoewel ek dink die meeste mense besef nie wat hulle eintlik doen wanneer hulle oor hulle kos bid nie. Eenvoudig gestel, wanneer ons oor ons kos bid, verander dit van koninkryk, en laat dit God toe om ons te beskerm teen enige skadelike goed wat ons mag eet. Ek moet net ’n synota hier invoeg. As ons gewillig aanhou om gemorskos en dinge wat ons wéét

sleg is vir ons, te eet, sal ons oes wat ons saai. Maar as ons iets gevaarlik sou eet, iets wat ons nie geweet het ons skade kan aandoen nie, sou God se Woord ons beskerm het soos wat Hy my vliegtuig beskerm het. Ek praat nie van die ritualistiese gebed wat die meeste mense oor hulle kos bid nie. Maar as jy in geloof bid, God bedank dat hy siekte uit ons midde verwyder, geniet ons Sy beloftes as burgers van Sy groot koninkryk.

*As hulle iets dodeliks sou drink, sal dit hulle nie kwaad aandoen nie.*
– Markus 16:18, 2020-vertaling

In vandag se wêreld het ons die versekering van God se beskerming nodig om vir ons rus te gee. Daar is so baie dinge wat ons vrede op elke front kan steel, en dit sluit die kos wat ons eet, in. Glo my, jy kan verseker wees dat die duiwel ’n slinkse plan het om jou gesondheid en jou vermoë om effektief teen hom in die aardse ryk te wees, deur kos te steel!

Ons sien nog ’n voorbeeld daarvan om ons probleme, kwessies, ons gemoedsrus, eintlik alles in ons lewe onder die koninkryk se jurisdiksie te bring in Filippense 4:6–7.

*Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles*
*deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.*
*En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan,*
*sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus.*
– Filippense 4:6–7, 1953-vertaling

Wanneer ons oor iets bid, bring dit daardie probleem of kwessie onder die jurisdiksie van die koninkryk van God. Indien ons nie

daaroor bid nie, word God beperk. Daarom sê die Bybel bid sonder ophou (sien 1 Tessalonisense 5:17) en julle het nie want julle vra God nie (sien Jakobus 4:2).

Toe ek my vliegtuig gekoop het en wanneer ek enigiets koop, bid ek daaroor, lê my hande daarop en bring dit onder die jurisdiksie van die koninkryk van God om te bereik waarvoor die bedoel is, omdat dit die koninkryk van God en my opdrag dien. As gevolg hiervan is my vliegtuig buite die duiwel en sy trawante se bereik. Niks sal met my in daardie vliegtuig gebeur nie!

Omtrent 'n maand gelede het ek met die Mirage van Houston na Ohio gevlieg ná 'n konferensie. Dit was laat en ons het oor die donker platteland gevlieg. Donderweer het die naghemel in die verte aan ons linker- en regterkant verlig soos wat 'n storm oor die platteland beweeg het. Die stormfront het veroorsaak dat ons 'n verandering aan ons roete moes maak om weg te kom van die storm af, en as gevolg daarvan het ons meer brandstof gebruik as wat ons beplan het. Daarom, om seker te maak ons kom veilig tuis en om FAA-regulasies oor brandstofreserwes aanboord van die vliegtuig na te kom, het ons besluit om in Louisville, Kentucky te stop om brandstof op te laai. Ons het geland met ongeveer 100 liter aanboord, maar ons het nog 'n uur se vlieg gehad en wou nie met 'n tekort aan brandstof sit nie. Ons het by die vliegveld ingetrek en het hulle gevra om 75 liter in elke tenk in die vlerke te sit. Dit het ons na 250 liter geneem, meer as genoeg om die oorblywende afstand na Ohio te dek want die Mirage verbrand ongeveer 80 liter per uur.

Terwyl ons op die vliegveld gewag het, het die meisie by die toonbank vir ons gesê sy gaan solank die 150 liter oplui. Terwyl sy dit gesê het, het die persoon wat die brandstof ingekom met die papierwerk van die transaksie. Die meisie het dit by hom geneem, daarna gestaar en

gesê: "Iets is nie reg hier nie. Die syfers klop nie." Die man het vir haar gesê dat hy die brandstof ingegooi het en die syfers later sou regmaak. Sy het gesê "Oukei" maar steeds gesê die syfers is verkeerd, en dat sy nie vir my 'n kwitansie sou kon gee nie, maar dit vir ons sou e-pos. Ons het gesê dit is reg en saam met die man na die vliegtuig toe gestap. My vlieënier het die man gevra om te bevestig dat hy regtig 75 liter aan elke kant ingegooi het. Hy het gesê: "Ja, 75 liter aan elke kant."

Ons het weer opgestyg en omtrent 40 minute in ons vlug in, het die linkertenk skielik opgedroog. Ons was geskok; hoe kon dit gebeur? 'n Minuut later het die regtertenk ook opgedroog. Dit was middernag op 'n donker nag, en ons was ongeveer 15 000 voet in die lug, met geen krag nie. Wat het gebeur? Ons het pas brandstof ingegooi. Mense sal vir my sê: "Het jou vliegtuig nie 'n brandstofmeter nie?" Natuurlik het dit, maar ons vliegtuig se brandstofmeters beweeg stadig op wanneer ons brandstof ingooi. As jy al ooit 'n ouer Suburban bestuur het, sal jy moontlik verstaan waarvan ek praat. Hulle brandstofmeters reageer stadig op bygevoegde brandstof.

Daarom, in hierdie geval het die vlieënier direk gevra of hy brandstof ingegooi het en hoeveel hy ingegooi het. Ons het hom self met die brandstofwa by die vliegtuig gesien en dat hy brandstof ingegooi het. My vlieënier het sy omsigtigheidsondersoek gedoen – dat die brandstofwa brandstof in die vliegtuig gegooi het en twee keer dat 'n totaal van 150 liter in daardie vliegtuig gegooi is. Wanneer ons brandstof verifieer, stel ons 'n digitale brandstofmeter wat ons eintlike branstofverbruik tot op 'n tiende van 'n vyfliter bereken. Ons het gedink ons het alles van ons kant af gedoen om veilig te wees.

Ons het 'n noodgeval verklaar en moes by die groter Cincinnatilughawe insweef, wat nie 'n groot probleem was nie want ons was direk

bokant die lughawe toe ons tenks opdroog, maar dit was vir seker 'n bietjie opwindend. Ons het later uitgevind dit was die eerste vliegtuig waarvoor die man ooit brandstof ingegooi het. Hy het 7.5 liter in elke tenk ingegooi en nie 75 nie. Hy het nie geweet hoe om die meter te lees nie. Regtig? En al wat daardie nasionale maatskappy doen, is om brandstof in vliegtuie in te gooi – ongelooflik!

**DAAR IS WETTE IN DIE KONINKRYK WAT JY MOET LEER OM EFFEKTIEF, VEILIG EN OM VOORSIENING HIER IN DIE AARDSE RYK TE HÊ.**

Wat die vyand tot skade bedoel het, was nie regtig die kwessie nie, maar dit kon 'n groot probleem gewees het as ons enige ander plek op 15 000 voet sonder brandstof was. Maar weereens, die vyand kan nie vir my of daardie vliegtuig skade aandoen nie. Om te voorkom dat so iets weer gebeur, het ons intussen van ons prosedures verander wanneer ons brandstof ingooi. Ons verlaat nie die vliegtuig terwyl brandstof ingegooi word nie en ons monitor al die meters. Die insident kon katastrofies gewees het as ons laag en stadig was met ons nadering of in swak weer; maar, natuurlik, was dit nie want ek het 'n verbond van beskerming.

Albei hierdie insidente met my vliegtuig oor die veiligheid van die vliegtuig en ook van myself is die gevolg van my verbond, my wetlike regte in die koninkryk. Ek kan jou natuurlik die storie vertel van hoe ek daardie vliegtuig in die eerste plek gekry het, maar ek sal nie nou nie. Ek dink jy sien die punt – God is asemrowend!

Daar is wette in die koninkryk wat jy moet leer om effektief, veilig en om voorsiening hier in die aardse ryk te hê. Die duiwel haat ons, maar hy kan ons nie stop nie, prys die Here. Beskerming is ook rus, geen bekommernis nie en geen vrees nie! Dit is jou wetlike reg.

Terloops, die wet wat ek pas beskryf en gebruik het, is wat ek noem die wet van jurisdiksie, net in geval jy wonder.

Nóg 'n vers wat God my aan die begin gegee het oor die koninkryk was Lukas 6:20.

*Geseënd is julle wat arm is, want aan julle behoort die koninkryk van God.*
– Lukas 6:20, 1983-vertaling

Ek en Drenda het begin om dit wat God met die "koninkryk van God" bedoel in hierdie vers te bestudeer toe die Here die eerste keer dit vir ons gewys het. Weereens, Hy het ons gewys dat Hy 'n koning van 'n koninkryk is wat deur wette regeer en funksioneer. Kom ons kyk byvoorbeeld na ons suidelike grens. Duisende mense probeer om elke jaar by die VSA in te sluip. Hoekom? Is dit omdat hulle nie dieselfde pragtige natuurtonele het waar hulle woon nie? Nee, natuurlik nie. Hulle probeer om by die VSA in te kom as gevolg van die regering hier. Ons regering het wette wat mense se regte beskerm en baie vryhede toelaat wat nie in ander lande toegelaat word nie: eienaarskap van grond, die reg om jou eie besigheid te besit, die reg om te aanbid soos jy wil en vryheid van spraak. Alles hiervan is nie in baie ander lande beskikbaar nie.

Ons het alreeds baie gepraat oor die koninkryk van God, die grondslag van al die sleutels, beginsels en wette wat God aan ons as burgers gegee het. Jou kennis of tekort aan kennis van hierdie wette kan die verskil tussen lewe en dood, oorwinning of verlies wees. Ná nege jaar se uitmergelende finansiële vrees en die feit dat ek nou vry is, kan ek nie genoeg beklemtoon hoe belangrik dit is om te weet wat dit beteken om 'n burger van die koninkryk van God te wees en die belangrikheid om

al die wette en beginsels waaruit daardie koninkryk bestaan, te ken nie.

Die aarde bestaan al vir duisende jare en tog word baie van die dinge wat ons vandag geniet, nie verstaan nie. Ek wil byvoorbeeld hê jy moet jou voorstel hoe dit was op die vooraand van Kersfees in 1906 by Ocean Bluff-Brant Rock in Massachusetts. Iets het daardie dag gebeur wat die wêreld verander het. Reginald Fessenden het *Oh Holy Night* aan skepe op die see gespeel deur 'n radiogolf en uit Lukas 2 gelees. Dit was die wêreld se eerste radiotransmissie. Nou tel ons 'n selfoon op en kan met enigeen op die planeet praat sonder om daaroor te dink.

Of wat van Januarie 1879? Thomas Edison het die gloeilamp suksesvol uitgevind, en nou gebruik elke land op aarde hierdie wette van elektrisiteit en die wette wat die fisika beheer om elke aand te sien.

Wat van 17 Desember 1903? Die Wright-broers het die eerste vliegtuig suksesvol gevlieg, en nou klim ons in 'n moderne straalvliegtuig en vlieg oor die hele wêreld binne 'n paar uur. Die A380, die grootste kommersiële straalvliegtuig, weeg 545kg en kan meer as 800 mense vir 9 ure vlieg sonder om brandstof in te gooi en vlieg rofweg teen 965km per uur regoor die aarde. As mense in die 1800's so iets kon sien, sou hulle flou geval het. Maar nou is dit algemeen vir ons om 'n skakelaar aan te sit om die gloeilamp te laat skyn.

Die punt wat ek maak is dat al hierdie wette alreeds daar was, altyd daar, in die aardse ryk vandat die mens geskep is. Hulle was altyd beskikbaar vir die mens om te gebruik; hy het dit net nie gesien nie. Hy het die voëls gesien vlieg, die donderweer gesien, maar het steeds nie verstaan nie.

Dieselfde is waar van die Bybel. Godsdiens het grense gestel oor wat die Woord van God beteken. Ek en jy het vir jare gehoor dat al daardie dinge verbygegaan het, God doen nie meer wonderwerke nie. Die gawes

van die Heilige Gees was net vir die apostels, of Paulus se doring was 'n siekte. In realiteit is die Woord baie eenvoudig. Dit beteken presies wat dit sê. Maar die fondasie in die koninkryk is die eerste belangrike sleutel wat jy moet hê om al die ander deure oop te maak.

## Hier is nog 'n belangrike sleutel:

### Wette verander nie!

Los 'n klip en dit sal val. Hoeveel keer sal dit val? Elke keer! Die wet van swaartekrag verseker jou dat jy elke keer dieselfde antwoord sal kry. Dieselfde is waar van die koninkryk van God.

HOOFSTUK 5

# OM TE VLIEG IS BETER AS OM TE LOOP

Om te vlieg is beter as om te loop! Toe ek hierdie hoofstuk geskryf het, het ek teruggevlieg van ons vakansiehuis in Kanada in my eie vliegtuig, teen ongeveer 400km per uur op ’n hoogte van 23 000 voet. Ons het vir jare na Kanada gery van ons huis in Ohio af. Dit het ’n lang en uitmergelende 31 uur geneem om daar te kom. Ek sou die hele nag bestuur om die volgende dag daar te kom. Ja, daar was tye wat ons die reis verdeel het om in twee dae daar te kom, maar dan het jy ’n tweeweek-vakansie met vier dae van reistyd, en jy verloor baie van jou vakansietyd. Maar sjoe, ek was moeg as ons daar aankom, en dan moes ek die 31-uurlange terugtog weer na twee weke aanpak na Ohio.

Ek was nog altyd lief vir vliegtuie en het reeds my vlieëniersliseniesie sedert ek 19 jaar oud was, maar ek het nooit daaraan gedink om ’n vliegtuig te besit nie. Ek bedoel, het jy die prys van vliegtuie gesien? Maar hoe meer ek van die koninkryk geleer het, hoe meer het ek besef ek is die een wat daardie vliegtuig weghou met my “Nee” en armoedegedagtes. Ek besit nou eintlik twee vliegtuie, een wat ek vir pret vlieg, my eerste vliegtuig, en een wat ek gebruik om te reis. Soos ek in ’n

vorige hoofstuk genoem het, laat ons "Nee-opleiding" nie toe vir drome en moontlikhede nie. Ons sluit dit af nog voor dit begin het.

Ek het nooit voorheen daaraan gedink om 'n vliegtuig te besit nie. Ek kon bloot nie sien hoe dit moontlik sou wees nie. Vir jare het ek die vliegtuie wat ek gevlieg het, gehuur. Maar soos ek die wette van die koninkryk bestudeer het en sien hoe storie na storie in my lewe die koninkryk demonstreer, het ek besluit ek sou God glo vir my eie vliegtuig. Ek het nie in daardie stadium die geld daarvoor gehad nie, maar ek het 'n tjek geneem en in die memo-gedeelte geskryf: "Vir my vliegtuig." Ek het die presiese soort vliegtuig wat ek sou ontvang, neergeskryf. Ek en my vrou het daardie tjek in die koninkryk volgens Markus 11:24 gesaai, en geglo ek het dit ontvang toe ek gebid het. Dit is wat die Here my gewys het om te doen aan die begin. Ek het gesien hoe dit al vele kere in my lewe geproduseer het.

'n Paar weke later was ek by die dokter vir 'n roetine-ondersoek toe hy vir my sê: "Terloops, ken jy iemand wat belang sal stel om 'n vliegtuig te koop?" Ek was verras, want niemand het my dit nog ooit gevra nie. "Watter soort vliegtuig is dit?" het ek gevra. Hy het verduidelik watter soort vliegtuig dit was en my vertel dit was by die plaaslike lughawe as ek daarna wou gaan kyk het. Wonderbaarlik was dit presies die soort vliegtuig waarvoor ek gesaai het! Ek het by die lughawe gaan kyk, en dit was in 'n goeie toestand. Ek het geweet dit was my vliegtuig. Maar daar was een probleem; ek het nie die geld gehad om dit te koop nie. Ek het vir die dokter gesê ek stel belang en sou terugkom na hom.

'n Paar weke het verbygegaan en ek het 'n oproep van my broer, wat by my pa se restaurant gewerk het wat langs die gebou was wat ek besit het. Ek het pas 'n paar maande tevore eienaarskap van die gebou geneem. Ek was van plan om die gebou in 'n kantoorblok vir my finansiële

dienstemaatskappy te omskep. Die gebou het nie aan die kommersiële boukodes voldoen vir die doel waarvoor ek dit wou gebruik nie, daarom het ek geweet ek sou dit moes herbou. Ek het ’n bouer gekontak wat die planne opgetrek het, en ons het ’n kontrak geteken. Maar ons het besluit ons sou wag tot die lente voor ons begin bou, as gevolg van die weer. Die herstelwerk sou ’n algehele herbou van die gebou wees.

Die vorige eienaar van die gebou het my vertel die water was toegemaak vir die winter, daarom het ek nie eers nagegaan of dit so was nie. Die oproep van my broer het in laat Februarie gekom ná warm weer die wintersneeu begin smelt het. Hy het vir my gesê my gebou was verwoes en daar het water daaruit in die straat in afgeloop. Ek en hy het geweet wat dit beteken – die vorige eienaar het nie die water toegemaak soos hy gesê het nie. Toe ek die skade gaan ondersoek het, het die boonste vloer se badkamerpype, asook die onderste badkamer en kombuis se pype gebars en water het die gebou gevul. Al die stapelmure, die plafonne en die mure het van die stutte af geval.

Ek het eers gedink dit is ’n verskriklike ramp, maar my herstelplanne het bepaal dat al die stapelmure uitgehaal moes word en nuwe kamers gebou moes word. Die buitekant moes ook vervang word. Daarom, in realiteit, het die water nie die gebou beskadig nie. Enige skade wat plaasgevind het, het gebeur in areas wat in elk geval herbou sou word. Maar, toe ek die gebou gekoop het, het ek dit verseker. Die skade was ten volle gedek, en die versekeringsmaatskappy het my uitbetaal – en jy raai reg – dit het vir my vliegtuig betaal. Daardie vliegtuig, ’n Piper Warrior, is maklik om te vlieg en ek vlieg dit gereeld vir die plesier daarvan. Elke keer wat ek dit vlieg, verwonder ek my oor hoe fantasties dit is om in my klaarbetaalde vliegtuig te vlieg. Ek besit steeds daardie vliegtuig, en dit is al amper 20 jaar.

Alhoewel die gebeure in hierdie storie merkwaardig was, wil ek jou nie met ’n verkeerde perspektief los oor hoe dinge werk nie. Dinge verskyn nie altyd net skielik soos in hierdie storie nie. God kan jou na ’n geleentheid lei om geld te maak om vir jou vliegtuig te betaal, of Hy kan vir jou ’n baie goeie transaksie op een kry. Die ingesteldheid wat jy wil hê wanneer jy in die koninkryk in saai, is dat God vir jou die oes sal wys en ’n plan om dit tot uitvoer te bring. Die tweede ding om te sê is dat jy binne jou ontwikkelde geloof en vermoë sal bly. Ek het mense gehad wat gedink het dat omdat God vir hulle sou wys hoe om hulle motor af te betaal, hulle net sowel kan voortgaan om te saai vir ’n triljoen dollar. Jy het nie die geloof vir ’n triljoen dollar nie! Begin waar jy is en begin koninkrykwette toepas, en bou jou vertroue in die wette van die koninkryk en jou vermoë om te snap wat God jou wys.

Maar hier is ’n punt wat ek wil hê jy moet vang. Ek was vir meer as 20 jaar ’n vlieënier voor ek daardie vliegtuig gekoop het. Dink jy die wette van die koninkryk het 20 jaar vroeër gewerk? Natuurlik het dit. My begrip, of sal ek sê tekort aan begrip, het my nie toegelaat om te visualiseer dat ek ’n vliegtuig besit nie.

Die mens het vir duisende jare gesien hoe voëls vlieg, die wet van beweging funksioneer elke dag in helder daglig vir almal om te sien, tog het niemand dit raakgesien nie. Waarom sien jy dit nie? Dink daaroor.

Een van die verse wat God my in die vroeë dae geleer het oor rus in die voorsiening van die koninkryk was Spreuke 10:22.

*Dit is die Here se seën wat rykdom bring.*
*Hy gee nie hartseer daarmee saam nie.*
– Spreuke 10:22, NLV

Hierdie vers verwys terug na die vers en beginsel van Genesis 3:17 wat ek vroeër gedeel het.

*. . . vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet. In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.*
– Genesis 3:17, 1953-vertaling

Toe Adam die koninkryk verloor het, het hy die voorsiening van die koninkryk verloor en hy is agtergelaat met sy eie inspanning om te oorleef. Maar soos ek en jy reeds uitgevind het, kan ons bloot nie vinnig genoeg hardloop met pynlike inspanning en sweet om die vryheid te bereik waarna ons so ywerig smag nie. Maar nou is daar goeie nuus! Jesus het gekom om goeie nuus aan die armes te verkondig!

*Die Gees van die oppermagtige Here het op my gekom. Die Here het my gesalf om goeie nuus te bring vir arm mense.*
– Jesaja 61:1, NLV

Jesus is gestuur om goeie nuus aan die armes te verkondig. Wat sal goeie nuus wees vir die armes? Eenvoudig – hulle hoef nie gebonde te wees aan die tekort en armoede in die aardse vloekstelsel van voorsiening nie. Glo my, ná nege jaar van lewe, of sal ek sê oorlewing, met niks anders as skuld en stres nie, was hierdie Bybelvers goeie nuus, maar tog was dit verwarrend. Het dit regtig beteken wat dit sê? Sou dit nie wonderlik wees as dit regtig bedoel wat dit sê nie, dat die seëning van die

Here regtig op die een of ander manier welvaart in ons lewens bring? Ek moes regtig weet of dit waar was en hoe om dit te implementeer. Maar daar was een ding wat ek wel verstaan het, en dit was dat die vloek van pynlike inspannig en sweet net op oorlewingsvlak voorsien het – en oorlewing was bloot nie goed genoeg nie. Niemand wou meer vry van hierdie vloek wees as ek nie, maar ek het steeds geen idee gehad hoe om dit in my lewe te laat gebeur nie. Ek dink dit is hoe baie Christene leef – hulle lees God se beloftes maar weet nie hoe om dit aan te wend en dan in hulle eie lewens te laat manifesteer nie.

Soos ek dit begin studeer het en die Here my gelei het in my begrip van koninkrykbeginsels, het ek gelees dat Abraham baie ryk was. Stop! Wat van die aardse vloekstelsel; hoe het hy dit oorkom?

*Abram was baie ryk aan lewende hawe, silwer en goud.*
– Genesis 13:2, NLV

Hy het ryk geword – nee, die Bybel sê baie ryk – maar hoe? "Wel," sê jy dalk, "dit was omdat hy Abraham was." Nee, dit is nie, en hier is hoe jy jou koninkrykbegrip van die wet moet vang. Wette gee nie aandag aan wie jy is nie. Hulle maak nie onderskeid onder mense nie. As iemand, enigiemand van die Empire State-gebou af spring sonder 'n valskerm, maak nie saak hoe groot of klein daardie persoon is nie, sal almal die uiteinde weet. Die wet van swaartekrag sal elke keer funksioneer. Hoe het Abraham dan ten spyte van die aardse vloek gefloreer? Is daar leidrade in sy verhaal wat ons kan vind? 'n Deel van die antwoord kan in Genesis 12 gevind word. Hier het God aan Abram, wat later Abraham geword het, 'n belofte oor sy en sy afstammeling se lewe gegee.

*En die Here het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys. En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.*
– Genesis 12:1–3, 1953-vertaling

Die belofte was voorwaardelik in die opsig dat Abraham God glo en Hom gehoorsaam, en dit het groot geloof vereis om die bekende te verlaat en nie te weet waarheen hy gaan nie.

*Omdat Abraham geglo het, het hy gehoor gegee toe God hom geroep het om weg te trek na die plek toe wat hy as erfdeel sou ontvang. Hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom.*
– Hebreërs 11:8,1983-vertaling

Ons vind dat God wetlike toegang in die aardse ryk gevind het deur 'n man wat Hom geglo het, selfs al het dit nie sin gemaak nie. Abraham se geloof het God in staat gestel om hom persoonlik te seën. Maar later, as gevolg van Abraham se geloof, sou God ook met hom 'n verbond sluit oor sy nageslag. Moenie dink dit is vreemd nie. Onthou, dit is hoe die duiwel homself aan die begin toegang tot die aardse ryk verkry het. Adam, wat die wetlike jurisdiksie oor die aarde gehad het soos opgeteken in Hebreërs 2:7–8, het gekies om die duiwel eerder as God te gehoorsaam.

Abraham se geloof, wat die wetlike deur vir die hemel se invloed in sy lewe geopen het, het hom toegelaat om baie voorspoedig te wees. Hierdie voorspoed het na al Abraham se erfgename deurgegaan. Soos ek dit verder

bestudeer het, het ek voortgegaan en oor Josef, Abraham se agterkleinseun, gelees. Ek het 'n belangrike illustrasie en begrip van die koninkryk en hoe dit werk, gesien. Meer spesifiek, dit wat Spreuke 10:22 eintlik impliseer.

Om die toneel te skep, Josef se broers het hom gehaat en in slawerny verkoop aan slawehandelaars wat gereeld deur daardie gebied gereis het. Hulle het Josef na Egipte geneem, waar hy aan Potifar, 'n kaptein in die Egiptiese weermag, verkoop is. Dit is in die volgende teks waar ek 'n belangrike stuk van die legkaart gevind het oor Abraham se vermoë om te floreer tot die graad wat hy het.

> *En Josef is afgebring na Egipte; en Pótifar, 'n hofdienaar van Farao, die owerste van die lyfwag, 'n Egiptiese man, het hom gekoop uit die hand van die Ismaeliete wat hom daarheen afgebring het. En die Here was met Josef, sodat hy 'n voorspoedige man was; en hy het in die huis van sy heer, die Egiptenaar, gebly. En toe sy heer sien dat die Here met hom was, en dat die Here alles wat hy doen, in sy hand voorspoedig maak, het Josef guns in sy oë gevind en hom gedien; en hy het hom aangestel oor sy huis, en alles wat in sy besit was, aan hom oorgegee. En vandat hy hom aangestel het oor sy huis en oor alles wat in sy besit was, HET DIE HERE DIE HUIS VAN DIE EGIPTENAAR GESEËN TER WILLE VAN JOSEF; JA, DIE SEËN VAN DIE HERE WAS BY ALLES WAT SYNE WAS, IN DIE HUIS EN OP DIE VELD. En hy het alles wat syne was, aan Josef oorgelaat, sodat hy met sy hulp van niks kennis geneem het nie as net van die brood wat hy geëet het.*
>
> – Genesis 39:1–6, 1953-vertaling

Die teks sê duidelik dit was die seëning van die Here wat Josef se voorspoed veroorsaak het. Maar wat was of is die seëning van die Here?

Ek het opgelet dit was "die" seëning van die Here, nie "'n" seëning van die Here nie. Almal van ons sal van iets goed sê dat dit "'n seëning" was. Maar hierdie teksgedeelte verwys nie na 'n algemene goeie ding wat gebeur het nie. Dit praat van "die seëning".

Ek het besef dat die seëning van die Here was die verbond tussen God en Abraham en sy nageslag. Meer spesifiek, die seëning was die beloftes wat aan Abraham in daardie verbond gegee is. 'n Wettige ooreenkoms bevat die pligte en verpligtinge van albei betrokke partye, maar dit verskaf ook die voordele aan elkeen. In hierdie geval was die beloftes wat aan Abraham gegee is, die voordeelkant van die ooreenkoms. Die verpligting, om hierdie voordele te kan geniet, is om die Here se bevele en wette na te kom. Ek het ook duidelik gesien dat wat Josef ook al onder sy wettige jurisdiksie gebring het, ook onder dieselfde beloftes en voordele gekom het.

Toe maak Spreuke 10:22 meer vir my sin. Die beloftes wat God aan Abraham gegee het as 'n wettige ooreenkoms, het die aardse vloekstelsel van armoede omvergewerp. Die seëning wat aan Abraham gegee is, het dit wettig vir God gemaak om Abraham se nageslag met voorspoed en invloed, wat God eens vir die mens wou gehad het, te seën. Kom ons lees Spreuke 10:22 weer met ons begrip wat in hakies geskryf is.

## 'n Belangrike sleutel:

**<u>Dit is die Here se seën [die beloftes wat aan Abraham gegee is] wat rykdom bring. Hy gee nie hartseer daarmee saam nie.</u>**

Die frase "Hy gee nie hartseer daarmee saam nie" verwys na die aardse vloekstelsel van Genesis 3:17 – deur pynvolle inspanning en sweet. Die

Hebreeuse woord vir *hartseer* beteken ook harde arbeid! Sien jy dit? Die mens kan die aardse vloek-beperkings van pynvolle inspanning en sweet ontsnap deur die beloftes wat aan Abraham gegee is. O, ek weet wat jy dink: "Daardie beloftes is net aan Abraham en sy saad gegee." Ja, maar ek moet vir jou 'n ander Skrifgedeelte wys – Galasiërs 3:13–14.

*Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word – want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang – sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.*
– Galasiërs 3:13–14, 1953-vertaling

Nou, deur geloof, neem ons as gelowiges in Jesus Christus deel aan die seëning wat aan Abraham gegee is. Wat is die seëning wat aan Abraham gegee is? Ons vind 'n lys van die beloftes in Deuteronomeum 28.

*AS jy dan goed luister na die stem van die Here jou God om sorgvuldig te hou al sy gebooie wat ek jou vandag beveel, dan sal die Here jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde. En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van die Here jou God. Geseënd sal jy wees in die stad, en geseënd sal jy wees in die veld. Geseënd sal wees die vrug van jou liggaam en die vrugte van jou land en die vrug van jou vee, die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee.*
*Geseënd sal wees jou mandjie en jou bakskottel.*
*Geseënd sal jy wees by jou ingang, en geseënd sal jy wees by jou uitgang.*
*Die Here sal maak dat jou vyande wat teen jou opstaan, voor jou verslaan word; op een pad sal hulle teen jou uittrek en op sewe paaie voor jou uit vlug. Die Here sal die seën oor jou gebied in jou skure en in alles waar jy jou hand*

*aan slaan; en Hy sal jou seën in die land wat die Here jou God jou sal gee. Die Here sal jou vir Hom as heilige volk bevestig soos Hy jou dit gesweer het, as jy die gebooie van die Here jou God hou en in sy weë wandel. En al die volke van die aarde sal sien dat die Naam van die Here oor jou uitgeroep is, en hulle sal vir jou vrees. En die Here sal die goeie aan jou oorvloedig gee in die vrug van jou liggaam en in die vrug van jou vee en in die vrugte van jou land, in die land wat die Here aan jou vaders met 'n eed beloof het om aan jou te gee. Die Here sal sy goeie skatkamer, die hemel, vir jou oopmaak om die reën van jou land op die regte tyd te gee en om al die werk van jou hand te seën; en jy sal aan baie nasies uitleen, maar self nie hoef te leen nie. En die Here sal jou die kop en nie die stert maak nie, en jy sal net boontoe en nie ondertoe gaan nie as jy luister na die gebooie van die Here jou God wat ek jou vandag beveel om te hou en te doen, en jy nie regs of links afwyk van al die woorde wat ek julle vandag beveel, om agter ander gode aan te loop om hulle te dien nie.*

– Deuteronomeum 28:1–14, 1953-vertaling

Al hierdie beloftes, alhoewel in die Ou Testament, is nou joune om te geniet. Die verskil is dat in die Ou Testament die mense toegang daartoe verkry het deur wat hulle gedoen het, maar ons verkry toegang deur ons geloof in Jesus Christus onder die nuwe verbond. Ek en jy, as heidene, is ingeënt; en nou, deur Jesus Christus, deel ons in die seëning van Abraham. Maar ons het meer as net die fisieke seëning van Abraham, ons het die geestelike seëning van die nuwe geboorte. Ons het nou die fisieke, aardse seëning van Abraham, maar ons het ook die ewige seëning van die hemel en die Heilige Gees wat in ons, as seuns en dogters van God, woon. Onthou, net seuns en dogters kan die erflating

ontvang; slawe kan nie. Sonder die nuwe geboorte, alhoewel Abraham lief was vir God, het die Heilige Gees nie in hom gewoon nie, en kon hy ook nie die hemel binnegaan nie. Hy het natuurlik die hemel ontvang ná Jesus die prys van sonde betaal het.

Ek verstaan nou wat Spreuke 10:22 eintlik bedoel het waar dit sê God bring rykdom sonder enige hartseer. Hartseer in Hebreeus beteken harde arbeid, wat ek nou verstaan na die aardse vloekstelsel van pynlike inspanning en sweet verwys. Ek verstaan dat hierdie verbond, hierdie seëning van die belofte van God se hulp en Sy voordele, Abraham opgelig het uit die aardse vloek en veroorsaak het dat hy floreer. Ek besef dat die voordele van daardie seëning, soos gedefinieer in Deuteronomium 28, my duidelik wys dat ek moet floreer. Die uitwerking van hierdie beloftes was dat ek bestem was om die kop en nie die stert nie, die verlener en nie die lener nie, te wees. Dit is die wetlike reg van elke kind van God. Nes Josef het ek die seëning van God, en ek moet floreer. Ek het ook die erfenis van die hele koninkryk van God. As 'n seun is dit alles wettig myne.

Toe ek weer na die verhaal van Josef in Genesis 39 kyk, het ek duidelik gesien dit was Josef se sukses wat Potifar se aandag getrek het, en dit was ook sigbare sukses wat die aandag van die nasies van die wêreld getrek het en hulle 'n verskil in die mense van God laat sien het.

*En al die volke van die aarde sal sien dat die Naam van die Here oor jou uitgeroep is, en hulle sal vir jou vrees. En die Here sal die goeie aan jou oorvloedig gee in die vrug van jou liggaam en in die vrug van jou vee en in die vrugte van jou land, in die land wat die Here aan jou vaders met 'n eed beloof het om aan jou te gee.*

– Deuteronomium 28:10–11, 1953-vertaling

Daar is ’n ander groot leidraad in Genesis 39:6 wat ek gesien het en wat ek wil hê jy moet ook sien. Dit praat van Potifar: “En hy het alles wat syne was, aan Josef oorgelaat, sodat hy met sy hulp van niks kennis geneem het nie as net van die brood wat hy geëet het.” Ek het dit gesien! Hier was ’n voorbeeld van die res waarvan ons praat. Potifar moes homself oor niks anders bekommer nie as die kos wat hy geëet het. Dit impliseer dat die sukses wat Josef na sy huishouding gebring het, die seëning van die Here, het die resultate gebring wat Potifar toegelaat het om op sy opdrag te fokus en nie op oorlewing nie!

Ek en Drenda het ’n gesegde wat ons vir jare al gebruik: “As jy nie die geld-ding herstel nie, sal jy nooit jou lotsbestemming ontdek nie,” en jy sal nooit ontdek wie jy werklik is nie. Jy sal nooit jou nis, jou passie vind nie en nooit werklik gelukkig wees nie. Jy sal al jou besluite rondom oorlewing maak, geld vind of opgaar, iemand wees wat jy nie is nie, ter wille van ’n salaristjek. Hier sien ons die uitwerking van die seëning van die Here op Potifar, wat niks van die koninkryk van God geweet het nie. Deurdat hy sy goed onder Josef se sorg geplaas het, sy eiendom, is sy bekommernisse oorgedra onder die verbond wat Josef gedra het. Jy kan duidelik sien hierdie oordrag het in vers 5 van hoofstuk 39 plaasgevind.

*En vandat hy hom aangestel het oor sy huis en oor alles wat in sy besit was, het die Here die huis van die Egiptenaar geseën ter wille van Josef; ja, die seën van die Here was by alles wat syne was, in die huis en op die veld.*
– Genesis 39:5, 1953-vertaling

Hier sien ons weer hierdie oordrag van iets in die aardse ryk, wat onderworpe is aan die aardse vloekstelsel, onder die jurisdiksie van die koninkryk van God bring en drastiese veranderings vind plaas. Kom

ons wees eerlik: As God jou met Sy wysheid help, wat jou na die regte besluite lei en waarsku teen moontlike slaggate, kan enigeen floreer! Sien jy dit? Die seëning van die Here is joune!

Soos wat ek bestudeer het wat God my geleer het, was ek verward oor hoekom Josef geweldige sukses gehad het as gevolg van hierdie seëning, maar dat die meeste Christene wat ek vandag ken, sukkel om hulle rekeninge te betaal. Om finansieel vry te wees is nie iets wat baie van hulle dink moontlik is nie. Tog het ons 'n beter verbond gebaseer op beter beloftes as dié in die Ou Testament. Alhoewel ek die seëning van die Here duidelik verstaan het, het ek steeds nie geweet presies hoe daardie seëning die antwoorde produseer wat ek nodig gehad het nie – maar ek was besig om te leer en het meer en meer vryheid geniet soos wat ek dit wat God my geleer het, begin toepas en daarmee geëksperimenteer het.

Toe het ek my aandag na die Nuwe Testament gedraai en gekyk na Jesus en Sy bediening om meer te leer oor hoe die koninkryk van God situasies en omstandighede daar verander.

*Eendag was Jesus op die strand van die See van Galilea besig om te preek, en groot menigtes het na Hom toe gebeur om na die woord van God te luister. Hy het twee leë skuite aan die waterkant gesien waar vissermanne dit gelos het om hulle nette te was. Jesus het in een van die skuite geklim en die eienaar, Simon, gevra om dit 'n entjie in die water te stoot. Hy het in die boot gaan sit en die skares van daar af geleer. Toe Hy klaar gepraat het, het Hy vir Simon gesê: "Vaar nou dieper in en gooi julle nette uit om te vang." "Meneer," het Simon geantwoord, "ons het die hele nag hard gewerk en het niks gevang nie. Maar as u so sê, sal ons weer probeer." En hierdie keer was hulle nette so vol dat dit begin skeur het!*

*Hulle het hul maats in die ander skuit geroep om te kom help*
*en gou was albei skuite so vol vis dat dit amper gesink het.*
*Toe Simon Petrus besef wat gebeur het, val hy op sy knieë voor Jesus*
*en sê: "Here, gaan asseblief weg van my af – ek is 'n te groot sondaar."*
*Want hy was verbyster deur die groot visvangs, net soos die ander by hom.*
*Sy kollegas, Jakobus en Johannes, die seuns van Sebedeus, was net so verbaas.*
*Jesus het vir Simon geantwoord: "Moenie bang wees nie!*
*Van nou af sal jy mense vang!" En toe hulle aan wal kom,*
*het hulle alles net so laat lê en Jesus gevolg.*
– Lukas 5:1–11, NLV

Hier is 'n verhaal van hoe die koninkryk van God die aardse vloekstelsel een oggend in die lewens van die drie vissermanne omgedraai het. As jy die teks lees, vind jy dat Petrus, Jakosus en Johannes heelnag visgevang het soder om enigiets te vang. Tipies van die aardse vloekstelsel van pynvolle inspanning en sweet, het hulle heelnag gewerk met niks om te wys vir hulle arbeid nie. Maar wanneer Jesus uit die koninkryk van God en sy funksie put, vang dieselfde vissermanne so baie vis dat hulle bote amper sink!

Stop! Kom ons dink bietjie oor dit wat ons pas gelees het. Niks, geen vis nie, breek, verander in 'n oes wat twee bote amper sink? Tog lees mense hierdie verhaal en het dit al vir honderde jare gelees en hulle sien of dink nie dat dit vir hulle kan gebeur nie. Hoekom? Die gewone antwoord sal wees dat Jesus daar was en Hy het dit gedoen. Onthou die verhaal wat ek jou in Markus 6 gewys het waar Jesus nie die mense kon genees nie want hulle het nie geglo nie, en daarom het die koninkryk nie jurisdiksie gehad nie? Iemand moes die hemel jurisdiksie gee voor die hemel in hierdie situasie kon optree.

**“Meneer,” het Simon geantwoord, “ons het die hele nag hard gewerk en het niks gevang nie. Maar as u so sê, sal ons weer probeer.”**

Petrus het in ooreenstemming met die hemel gekom en die hemel het wettige toegan in hierdie verhaal gehad. Weereens sien ons hoe die aardse ryk deur die koninkryk van God getransformeer word. Verstommend, is dit nie, net soos mense vir duisende jare sien vlieg maar nie besef dat om te vlieg, moontlik is vir hulle nie en dit daarom nie ondersoek nie. Christene is vandag net so, hulle besef nie hulle hoef nie verlief te neem met leë nette nie maar dat hulle toegang het tot die hemel se krag om hulle te help om in die lewe te floreer. Die ding wat ek wil hê jy moet sien, is dat dieselfde mans wat kortgekom het die ouens is wat twee bote ontvang het wat so vol was dat dit amper gesink het!

My vriend, die verskil is die koninkryk, nie mense nie. Jy dink dalk jy het nie ’n toekoms nie, kom tekort, met niks wat uitwerk nie. Maar in realiteit, is al wat jy nodig het om jou lewe na ’n suksesverhaal te verander, die koninkryk. Ja, jy moet jou deel doen. Hulle moes weer uitgaan om vis te gaan vang – hulle moes die nette versorg en voorberei vir die vangs – maar enigiemand kan vis vang as God jou wys waar.

Luister, die aardse vloekstelsel van hardloop en sweet kan dit nie doen nie. Jy kan nie vinnig genoeg of lank genoeg hardloop om jou drome vas te vang nie. God het nooit bedoel dat jy jou op jou tande moet kners en jou eie sterkte gebruik om dinge gedoen te kry nie.

Deur te put uit die wette en beloftes van die koninkryk van God, kan ons vlieg in plaas van loop. Kom ek stel dit anders. Alhoewel die wet van swaartekrag steeds van toepassing is, kan ons vlieg deur te put uit ’n ander wet, die wet van beweging, en ’n heel ander manier van lewe geniet.

Onthou, wanneer jy Christus aanneem, is jy 'n burger van God se koninkryk. As 'n burger het jy wetlike regte; en as seun of dogter, het jy die reg tot 'n erfenis. Jou wetlike regte en voordele stel jou ver bo die aardse vloekstelsel van armoede, siekte en mislukking.

Stel jou voor hoe hierdie vers vir 'n Israeliet, wat sy hele lewe lank 'n slaaf was, sou klink. Om die waarheid te sê, het hulle almal slawerny geken vir so lank as wat hulle kon onthou. Hierdie is die woorde wat Moses tot die volk Israel gespreek het toe hulle uitgegaan het om die Beloofde Land binne te gaan.

*"Die Here jou God bring jou binnekort in die land wat Hy aan jou voorouers Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het. Dit is 'n land met groot en mooi stede, stede <u>waaraan jy nie gebou het nie</u>. Die huise is vol met goeie goed <u>waarvoor jy nie gewerk het nie</u>. Jy sal water skep uit putte <u>wat jy nie self gegrawe het nie</u>. Jy sal van wingerde en olyfbome eet <u>wat jy nie self geplant het nie</u>. Wanneer jy jou in die land versadig geëet het, sorg dan dat jy nie die Here vergeet nie. Dit is Hy wat jou van die slawerny [koninkryk van slawerny] in Egipte [die ander koninkryk] gered het.*

– Deuteronomium 6:10–12, NLV

As voormalige slawe was die enigste manier om iets gedoen te kry, die pynlike inspanning en sweet manier. Maar hier sê God vir hulle dat hulle eie arbeid nie sou verskaf wat hulle nodig gehad het nie. Hy het nie vir hulle gesê hulle sal nooit weer arbeid doen nie, maar dat hulle nie meer gebind sou wees aan 'n stelsel wat arbeid vereis het om net te kan oorleef nie. God sê dat hulle voorspoedig sal wees in die land waarheen Hy hulle sou lei.

Kom ons sluit hierdie hoofstuk af met nog 'n storie wat verder illustreer wat ek sê. Ek en Drenda stel nie vreeslik in motors belang nie. Party mense doen, en hulle kan jou van al die motors vertel wat hulle bewonder. Vir die een of ander rede, het ons net nog nooit in motors belang gestel nie. Moet my nie verkeerd verstaan nie. Ons hou van mooi goed, maar ons het nog nooit gesê ons moet 'n spesifieke motor besit nie. Ons koop gewoonlik 'n kar en bestuur dit vir ongeveer 10 jaar. Ons kyk natuurlik goed na ons motors en hulle lyk nooit soos ou karre nie, maar vir solank as wat hulle goed lyk en goed loop, is ons gelukkig.

**ALL WAT JY NODIG HET, IS DIE KONINKRYK OM JOU LEWE IN 'N SUKSESVERHAAL TE OMSKEP. JA, JY HET JOU DEEL OM TE DOEN.**

Maar 'n paar jaar gelede het ons kerk 'n paar Escalades gehuur vir 'n konferensie wat ons aangebied het. Ons het hulle gehuur om ons gaste mee rond te ry, en ons wou 'n goeie voertuig gebruik om dit te doen. Dit was nie die eerste keer wat ons dit gedoen het nie. Ons het dit nog altyd gedoen. Maar dit was die eerste keer wat ons een van hulle bestuur het terwyl ons dit by ons gehad het vir die geleentheid. Ek is nie seker hoekom ons die een bestuur het nie, maar ons het dit een aand huis toe bestuur. En weet jy wat? Ons het baie daarvan gehou. Ek en Drenda het gehou van hoe dit ry en hoe dit lyk.

Op daardie tydstip het ons 'n goeie Honda Pilot gery, maar die Escalade was vir seker so 'n stappie bo die Pilot. Dit was die platinum pêrelwit model en dit was die kort weergawe. As jy baie van hierdie Escalades weet, hulle kom in twee groottes, die lang een en die kort een. Ons het meer van die kort een gehou want dit het gevoel of dit beter hanteer, met 'n bietjie meer beweeglikheid. Terwyl ek die Escalade

bestuur het, het Drenda gesê: "Weet jy, ek hou hiervan; ek dink ons moet een kry." Ek het saamgestem. "Ons moet een kry wat net soos hierdie een is, die kort weergawe in pêrelwit." Ons het albei saamgestem.

Ons het niemand van ons gesprek vertel nie. Omtrent 'n maand later, terwyl ek gestap het om my koerant te gaan haal, het my selfoon gelui. Ek het die stem aan die ander kant van die lyn herken – dit was iemand wat ons kerk bygewoon het. Hy het gesê: "Hallo" en toe gesê hy wil vir my 'n Escalade koop. Ek was vir 'n oomblik uit die veld geslaan maar het gesê: "Wonderlik!" Hy het toe gevra watter kleur ek wou hê en ek het vir hom gesê ons hou van die pêrelwit een. Hy het gesê: "Ek sal jou bel wanneer ek vir jou een kry." Hy het my egter nie gevra of ek 'n kort een of die lang een wou hê nie. 'n Maand het verbygegaan en ek het gedink hy het dalk van die motor vergeet, maar toe bel hy en vra dat ons daar moet kom draai en dat hy die Escalade gereed het vir ons om te kom haal.

Toe ons daar kom, het die pragtige pêrelwit, kort weergawe Escalade daar gestaan. Dit was perfek op elke manier, sonder 'n skrapie, letterlik perfek. Ons het vir hom gesê ons hou baie daarvan. Hy het toe om verskoning gevra dat dit so lank geneem het en dat hy probeer het om 'n lang weergawe te kry, maar dat hy net 'n kort weergawe kon kry. Ons het gelag en gesê: "Ons wou die kort een gehad het." Ons het die kar huis toe gery en gedink ons is die rykste mense op die planeet in daardie motor. Maar weet jy wat? Daardie Escalades is al baie oud. Ek het nog nooit daaraan gedink om een te besit nie. Om hierdie verhaal behoorlik te verstaan, moet jy weet dat ek in die verlede al agt voertuie weggegee het, daarom het ek reeds saad in die grond gehad wat motors betref. Ek het net nooit gesê ek wil een hê nie.

N.S. Ek weet wat jy dink, dat hierdie dinge net met predikers gebeur. Wel, ek is al vir 36 jaar in die finansiële veld en het al met baie

predikers gepraat. Om jou die waarheid te sê, die meerderheid van hulle leef van die hand na die mond. Nee, hierdie dinge gebeur nie en het nog nooit gebeur met ons omdat ons die koninkryk verkondig nie. Om die waarheid te sê, ek was reeds uit die skuld toe ek my kerk begin het. Ek het my kerk begin om mense te vertel wat ek en Drenda ontdek het – die goeie nuus van die koninkryk!

HOOFSTUK 6

# DAAR IS MEER IN DIE LEWE AS OM REKENINGE TE BETAAL!

Dit het soos 'n kort oase gevoel in die storm van die lewe wat ek in die gesig gestaar het. Ons het omtrent 50 mense na ons ou plaashuis uitgenooi vir 'n middag langs 'n groot vuur, worsbroodjies en kameraadskap. Dit was in die jare van ekstreme stres met geen geld nie, net die sukkel om nog 'n week te oorleef. Ek het uitgesien na die geleentheid want ek was emosioneel moeg en het iets positief nodig gehad om op te fokus. Die aand was 'n groot sukses: Die kos was goed, baie van ons vriende het met hulle kinders gekom en almal het hulself geniet. Die huis was gepak, maar die volgende oomblik was daar 'n klop aan die deur. Ek het gedink dit was iemand wat laat was, maar toe ek die deur oopmaak het 'n werker van die elektriese maatskappy voor my gestaan. Hy het beleefd gesê hy was daar om die krag af te sit vir die onbetaalde rekening. Ek was geskok. My huis was vol gaste en die krag moes aan wees, bo en behalwe die verleentheid wat dit sou veroorsaak.

Ek het vinnig vir die werker gevra om vir ’n oomblik na die agterplaas te kom. Ek het hom gevra wat dit sou kos om die ligte aan te hou en hy het vir my ’n bedrag gegee. “Te hoog,” het ek gedink. “Kan jy dit bietjie laer maak?” Hy het vir ’n oomblik gedink en uiteindelik vir my ’n laer bedrag gegee. “Kan jy die tjek hou tot Dinsdag voor jy dit deponeer?” het ek gevra. Hy het gesê: “Geen probleem nie.” Ek het die tjek uitgeskryf. Daar was nie daardie Vrydag geld in die rekening nie, en ek het ook nie geweet of daar teen die Dinsdag geld in sou wees nie, maar ten minste het die krag vir die res van die naweek aan gebly. Ek kan nie onthou wat ek die Dinsdag gedoen het nie, maar het heel waarskynlik iets verpand.

Dit was een dag van ons lewe in finansiële disfunksie. Stel jou nou voor om nege jaar so te lewe! Lewe onder daardie soort stres stop alle visie en tap elke bietjie vreugde wat daar in ’n dag mag bring. Elke gedagte is op oorlewing gefokus, waar om geld te kry vir die volgende rekening. Het ek verlede week te veel gespandeer? Moet ek my sakrekenaar volgende keer saamneem winkel toe om seker te maak ek oorspandeer nie? Om altyd te dink oor hoe om iets die goedkoopste te doen – vriend, dit is nie lewe nie! Kyk na wat Matteus 6:25 sê.

> *“Daarom sê Ek vir julle, hou op om julle te bekommer oor julle daaglikse lewe – wat julle sal eet of drink; of oor julle liggame – wat julle sal aantrek. Is die lewe nie baie belangriker as kos nie? En is ’n mens se liggaam nie baie belangriker as klere nie?”*
>
> – Matteus 6:25, NLV

Jesus sê dat die dinge van die lewe nie lewe is nie! Alles hier in die lewe is om lewe te ondersteun, ons doel. Maar omdat Adam die voorsiening van die koninkryk verloor het, het die lewe onderstebo gedraai

en nou is alles wat lewe ondersteun belangriker as die lewe self. Mense het geen idee wat werklik leef is nie en hulle weet vir seker nie wie hulle regtig is nie. Vra enigeen wie hulle is en hulle sal jou vertel wat hulle doen. “Ek is ’n dokter, ek is ’n eiendomsagent,” ens. Nee, dit is nie wie jy is nie; dit is wat jy doen. Die mens het sy drome verloor. Wat ek bedoel is dat die mens nou droom oor hoe om meer geld te maak, maar het die droom van sy doel verloor. Maar omdat elke mens uniek geskape is met verskillende talente en vermoëns, bevind hy homself in ’n beroep wat nie sy passie is nie. Die lewe raak lang, uitgerekte weke met ’n gewag na vryheid oor naweke, of lang, uitgerekte lewens wat wag om af te tree.

Laat ek jou ’n vraag vra. As jy geen behoefte aan geld gehad het nie, meer geld as wat jy ooit in jou lewe kan spandeer, wat sal jy doen? Jy sal moontlik iets uitdink wat heeltemal anders is as wat jy nou doen. Soos ek voorheen genoem het, ek weet uit statistieke dat ten minste 70% van Amerikaners, wat gevra is of hulle van hul beroepe hou, geantwoord het hulle doen nie waarvan hulle hou nie. Ek wil hê jy moet verstaan dat dit hardloop agter rykdom aan is, hierdie druk om te presteer, en die konstante bekommernis oor môre was nooit aan die begin God se plan nie.

*En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape. En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip. Verder het God gesê: Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat op die hele aarde is, en al die bome waar boomvrugte aan is, wat saad dra. Dit sal julle voedsel wees. Maar aan al die diere van die aarde en al*

*die voëls van die hemel en al die kruipende diere op die aarde, waarin 'n lewende siel is, gee Ek al die groen plante as voedsel. En dit was so. Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en – dit was baie goed. En dit was aand en dit was môre, die sesde dag.*
– Genesis 1:27–31, 1953-vertaling

Die mens is op die sesde dag van die skepping geskep – aan die einde van die sesde dag om presies te wees. Hy is aan die einde van die sesde dag geskape want hy is geskep om saam met God op die sewende dag te wandel, die dag wat ons ken as die dag van rus.

*So is die skepping van die hemel en die aarde en alles wat daarin is, voltooi. Op die sewende dag was God klaar met alles wat Hy gemaak het en Hy het op die sewende dag na al sy werk gerus. God het ook die sewende dag geseën. Hy het bepaal dat dit afgesonder moet word van die ander dae omdat Hy op daardie dag gerus het nadat Hy sy skeppingswerk gedoen het.*
– Genesis 2:1–3, NLV

Die Bybel sê God het op die sewende dag gerus. Hy was nie moeg nie! Hy was klaar. Alles was voltooi. Alles wat die mens ooit op die aarde sou nodig kry, was reeds op die aarde toe die mens verskyn het. Vrede! Die mens het al die voorsiening gehad wat hy ooit sou nodig kry. Daar was geen bekommernis om rekeninge te betaal nie, geen bekommernis oor siekte nie. Hy het 'n perfekte liggaam en 'n perfekte vrou gehad. Die enigste ding waarop hulle gefokus het, was mekaar, God en hulle opdrag of doel. Adam was in beheer van die aarde; hy het daaroor geheers met die gesag en krag van die koninkryk van God. Maar ons weet reeds hoe

daardie verhaal geëindig het. Adam en Eva het verraad teenoor die koninkryk van God gepleeg en hulle posisie, voorsiening en doel verloor. Hulle doel het een van oorlewing geword. Bekommernis en vrees en die worsteling om te oorleef het nou hulle gedagtes oorheers. Soos Genesis 3:17 sê, dit het pynlike inspanning en sweet vereis.

**RYKDOM LOK ONS MET DIE MOONTLIKE ONTSNAPPING NA 'N PLEK VAN RUS – 'N PLEK WAAR ONS KAN FOKUS OP DIT WAT ONS REGTIG WIL DOEN, OM DOELGERIGTE LEWENS TE LEEF IN PLAAS VAN OORLEWING.**

## Adam het die sewende dag verloor!

Daar was nou geen rus nie, geen vrede nie. 'n Donker onvoltooidheid het sy lewe omvou, en Adam moes hardloop om vóór die vakuum te kom. Die mens het sedertdien in hierdie toestand van onvoltooidheid geleef. Maar daar was hoop. Toe die mens geval het, het God hom 'n gedagtenis, 'n prentjie as jy wil, gegee van wat Hy eendag na Sy skepping sal herstel. Dit is die sabbat genoem. Die woord *sabbat* beteken letterlik rus. Die sewende dag van die week is aan die mens gegee as 'n sabbatdag. Die vereiste van die sabbat is, soos jy kan voorstel, om geen werk te doen nie; geen gesweet of pynvolle inspanning is toegelaat nie. Dit is 'n dag waarop die mens moet stop, sy gesin geniet en God aanbid. Al die voorsiening vir die sabbat moes voltooi wees voor die sabbat begin het. Selfs die sabbatete moes die vorige aand voorberei word. Dit was 'n dag van rus met volle voorsiening en elke detail van moontlike behoefte moes reeds na omgesien wees. Die mens kon stop en aan iets anders dink as oorlewing.

Die sabbatdag was net dit – ’n dag. Maar die mens het sedertdien oor ’n lewe van rus gedroom. Die mens se soeke na rykdom is ’n simptoom van sy begeerte om vry te wees van die pynlike inspanning en sweet wat hom sy hele lewe lank gevange hou. Rykdom lok ons met die moontlike ontsnapping na ’n plek van rus – ’n plek waar ons kan fokus op dit wat ons regtig wil doen, om doelgerigte lewens te leef in plaas van oorlewing.

Vandag word die sabbat, die sewende dag, of jy dit nou op Saterdag of Sondag vier, nie in ons kultuur as hoog geag nie. Ja, die meeste mense wat kerk toe gaan, doen dit Sondagoggend. Tog, as ’n mens na die kultuur as geheel kyk, sal jy dit nie van enige ander werkdag kan skei nie. Toe ek ’n kind was, het alles op Sondag toegemaak. Jy kon nie op Sondag gaan inkopies doen nie; jy kon nie eers gas koop op Sondag nie. My pa moes seker maak hy het Saterdagaand gas gekoop sodat daar genoeg was vir Sondag. As jy my ken, sal jy weet ek geniet dit op te jag, maar as jagter is ek nie op ’n Sondag toegelaat om te jag nie. Dit was onwettig. Mense het hulle beste klere op Sondag aangetrek en groot familie-etes gehou. Maar vandag het dit natuurlik alles verander. Maar die ware prentjie van die sabbat het nie.

Maar maak nie saak hoe goed jy vir die sabbat voorberei het of hoe wonderlik die familie-ete was nie, Maandag was op pad. Die frase “Maandagoggend-depressie” is vandat ek kan onthou sinoniem met die woord *gevreesde*. “Ek moet gaan werk” en “terug na die soutmyne” is frases wat gebruik word om Maandagoggend te beskryf. En as jy stop en daaroor dink, klink dit amper soos slawerny. Maar dank die Here dit is Vrydag! Die naweek en die sabbat bied tot vandag toe ’n kort rusplek aan die meeste mense. Maar dit is van korte duur en die Maandagoggend verkeersknoop wag.

Maar wat as daar regtig ’n manier was om in ewigdurende sabbat te leef? Hoe fantasties sou dit wees as daar ’n manier was om ’n lewe te leef wat vry van vrees, vol voorsiening, vol doelgerigtheid is en om in ’n plek van rus te leef! Ek en Drenda het ’n lewe van foltering, vrees, siekte en onsekerheid geleef tot ons uitgevind het sabbatsrus is wel ’n opsie vir ons lewens. Ek is ernstig!

*Daar bly dus ’n sabbatsrus oor vir die volk van God; want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne. Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie.*
– Hebreërs 4:9–11, 1953-vertaling

**HOE FANTASTIES SOU DIT WEES AS DAAR ’N MANIER WAS OM ’N LEWE TE LEEF WAT VRY VAN VREES, VOL VOORSIENING, VOL DOELGERIGTHEID IS EN OM IN ’N PLEK VAN RUS TE LEEF!**

Vriend, dit is die Nuwe Testament. Daar is vandag ’n sabbatsrus vir die mense van God beskikbaar. Hierdie vers impliseer dat ons in God se rus kan ingaan en rus van ons werk. Onthou wat ons pas geleer het: God se rus sê alles is heel, voltooid en voorsiening is geredelik beskikbaar. Daar is vryheid van die oorlewingsmentaliteit, vryheid daarvan om deur armoede gevange geneem te word, en vryheid van siekte en siektes. Daar is ander opsies! Die sabbat is nie net Ou Testamentiese inligting nie, dit is ook vir vandag. Maar voor jy dink ek praat daarvan om weer onder die Ou Testamentiese wettisme en rituele te leef, ek doen nie. In stede daarvan wil ek hierdie sabbatsrus waarvan die Hebreërs

praat, ondersoek. Want, soos ek en Drenda uitgevind het, lê daar 'n baie belangrike sleutel hierin tot hoe die koninkryk van God funksioneer en in ons lewens voorsien, soos God dit bedoel het.

## SKOKNUUS: DIE SABBAT IS NIE MEER 'N DAG NIE!

Ek hoop hierdie stelling het jou aandag getrek. Daar is 'n groot bespreking in die Liggaam van Christus oor hoe die sabbat gevier moet word: Saterdag, Sondag, of dit begin teen sononder op Vrydagaand tot sononder op Saterdagaand. Hele denominasies is gebou rondom hulle interpretasie van die sabbat. Voor jy hierdie boek uit afkeer neergooi en dink ek is 'n ketter, wees asseblief vir 'n oomblik geduldig met my en kom ons kyk na Kolossense 2:16–17.

*Moet dus nie toelaat dat enigiemand julle veroordeel oor wat julle eet of drink, of oor die vier van sekere feesdae of die Nuwemaanfees of Sabbatte nie. Al hierdie dinge is net 'n skaduwee van wat sou kom. Die ware werklikheid is Christus!*
– Kolossense 2:16–17, NLV

Let goed op dit wat Paulus sê. Die sabbatdag was 'n skadu van die dinge wat sou kom; die ware werklikheid word in Christus gevind. Die sabbatdag was 'n skaduwee, dit is nie die werklikheid nie. As Christus die werklikheid is, dan is die sabbatdag 'n skadu van wie Hy is en wat Hy gedoen het. Kom ek stel dit so: Daar is geen krag in die sabbatdag om die aardse vloekstelsel wat Adam in die aardse ryk ingebring het, weg te neem of verander nie. As jy dit godsdienstig eer, op sigself het dit geen krag om jou vryheid te gee nie. Maar dit

is ’n skadu, ’n prentjie, van wat jy in Christus sal vind.

Toe ek in graad 1 was, het my onderwyser ons silhoeëttekeninge van ons koppe van die kant af laat teken. Hulle het ’n projektor geneem en ons voor dit laat sit, en dit het ’n skadu van ons koppe op ’n wit papier weerkaats. Hulle het toe die buitelyne van ons skadus geteken en ons silhoeëtte geskep. Ons het die uitgeknip en dit huis toe geneem om vir ons ma’s op Moedersdag te gee. Die skaduwee het effens soos ek gelyk, maar het nie my wese, my karakter of persoonlikheid vasgevang nie. Maar dit het bietjie inligting oor my gegee.

Die sabbat het dieselfde gedoen. Sy skaduwee het gesê moenie werk nie, geen pynlike inspanning en sweet nie. Dit was egter net ’n skaduwee, nie die werklike ding nie. Maar dit het na Jesus Christus gewys wat ons vrygemaak het van die vloek van die wet en die aardse vloekstelsel, en ons weer as seuns en dogters van God en burgers van die groot koninkryk opgerig het! Weereens, dit was ’n prentjie van dit wat Jesus eendag aan ons sou terugbring. Maar, soos Hebreërs sê, gaan ons hierdie rus in deur geloof. Onthou, geloof word vereis om dit vir die hemel wettig te maak om jurisdiksie hier in die aardse ryk te hê. Jesus het aan die kruis uitgeroep: “Dit is volbring!” net soos God aan die einde van die sesde dag gesê het dit is voltooi.

Die sabbat is vir die meeste mense vandag ’n godsdienstige dag. Mense kyk na die sabbat as God se dag, ’n dag wat ons vir God skuld om kerk toe te gaan, goed vir God te doen en ander godsdienstige dinge. Jesus moes sy dissipels, wat dieselfde ingesteldheid gehad het, korrigeer.

*“Die Sabbat is daar ter wille van die mens –*
*nie die mens ter wille van die Sabbat nie.”*
– Markus 2:27, NLV

Die sabbat is vir die mens gemaak, nie die mens vir die sabbat nie. Het jy geweet baie mense voel skuldig as hulle kerk mis? Hoekom sal hulle skuldig voel om kerk te mis as hulle in werklikheid die kerk is? Ek sê nie ons moet glad nie bymekaarkom om te aanbid nie, maar die ingesteldheid dui aan hulle het 'n verkeerde idee van die sabbat.

Ek weet jy is dalk steeds verward, so kom ek gaan bietjie dieper en kyk na iets wat Jesus in Johannes 11 gesê het.

*Toe Jesus daar aankom, het Hy uitgevind dat Lasarus al vier dae in die graf was. Betanië was naby Jerusalem, ongeveer drie kilometer daarvandaan. Baie van die Jode het by Marta en Maria opgedaag om hulle meegevoel oor hulle broer te betuig. Toe Marta hoor dat Jesus op pad is, het sy Hom gaan ontmoet. Maria het egter in die huis bly sit.*
*Marta het vir Jesus gesê: "Here, as U maar net hier was, sou my broer nie gesterf het nie. Maar selfs nou nog weet ek dat God aan U sal gee wat U Hom ook al vra."*
*Jesus sê vir haar: "Jou broer sal weer opstaan."*
*Marta het dadelik reageer: "Ek weet dat hy weer sal opstaan met die opstanding op die laaste dag."*
*Jesus het vir haar gesê: "<u>Ek is die opstanding</u> en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterf hy ook. Elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterf nie. Glo jy dit, Marta?"*
*Sy sê vir Hom: "Ja, Here, ek is vas oortuig dat U die Messias is, die Seun van God, Hy wat na die wêreld toe sou kom."*
– Johannes 11:17–27, NLV

Jesus het gesê hy was die opstanding; dit was nie net 'n dag nie. Die sabbat was en is 'n skaduwee van wat Jesus aan die kruis vir ons

gedoen het. Jesus is die ware sabbat en in Hom vind ons toegang tot die koninkryk van God en alles wat dit het. Daarom kan ons rus!

So, kom ons keer nou terug na ons Nuwe Testamentiese Skrifgedeelte in Hebreërs.

*Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God; want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne. Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie.*

– Hebreërs 4:9–11, 1953-vertaling

Die skadu van die sabbatdag sê jy word verbied om inspanning en sweet te gebruik vir dit wat jy op die sabbatdag nodig het, maar dit gee ons net 'n glimp van dit wat Jesus gedoen het, om ons vry te maak van die aardse vloekstelsel van inspanning en sweet om te oorleef. Met ander woorde, wat dit voorgestel het, het 'n realiteit in Christus geword. Om die waarheid te sê, die eerste boodskap wat Jesus gepreek het, was gerig op die sabbatdag. In Jesaja 61 vind ons die woorde van Sy eerste preek wat Hy in Lukas 4 gepreek het.

*Die Gees van die oppermagtige Here het op my gekom. Die Here het my gesalf om goeie nuus te bring vir arm mense.*

– Jesaja 61:1, NLV

Deur te sê daar is 'n uitweg uit armoede, het Hy gesê daar was 'n uitweg uit die aardse vloekstelsel van pynlike inspanning en sweet. Dit was hierdie slawerny om voorsiening te vind wat die mens gevange gehou het en nie in staat om rus te vind nie. Maar die sabbatdag was nie

die enigste prentjie wag God aan Sy mense gegee het van wat eendag herstel sou word nie. Daar was ook die sabbatsjaar!

*"Aan die einde van elke sewende jaar moet jy skuld afskryf. Dit is hoe dit gedoen moet word: Krediteure moet lenings aan mede-Israeliete afskryf. Hulle mag nie betaling van hulle bure of familie eis nie, want die HERE se tyd van kwytskelding het aangebreek. Hierdie kwytskelding van skuld geld slegs vir julle mede-Israeliete en nie vir die vreemdelinge wat onder julle woon nie. Daar behoort niemand by jou te wees wat arm is nie, want die HERE sal jou voorspoedig maak in die land wat Hy aan jou as 'n besondere erfdeel gee. Jy sal seën ontvang as jy die opdragte van die HERE jou God wat ek vandag vir jou gee, noukeurig gehoorsaam. Die HERE jou God sal jou seën soos Hy belowe het. Jy sal aan baie nasies geld uitleen, maar nooit self hoef te leen nie. Jy sal oor baie nasies heers, maar hulle sal nie oor jou heers nie!*

– Deuteronomium 15:1–6, NLV

Let op dat hulle alle skuld elke sewe jaar moes kanselleer. Weereens sien ons hoe God die nommer sewe gebruik om te wys alles is voltooi. Daar is geen tekort nie; Hy het alles wat die mens nodig het, voorsien. Tog, as iemand Sy wysheid sou bevraagteken dat Hy hulle aansê om skuld te vergewe, het Hy bygevoeg: "**Daar behoort niemand by jou te wees wat arm is nie, want die HERE sal jou voorspoedig maak in die land wat Hy aan jou as 'n besondere erfdeel gee. Jy sal seën ontvang** . . ." Hy het voortgegaan en gesê hulle sou so geseënd wees dat hulle geld sou uitleen en nie leners sou wees nie. Weereens sien ons hier dat die aardse vloekstelsel van pynlike inspanning en sweet nietig verklaar

word deur ’n nuwe wet van lewe wat ons uit die vloek van die wet van sonde en dood uit lig.

Net soos op die sabbatdag, kon hulle nie vir ’n hele jaar pynlike inspanning en sweet doen nie; dus was hulle nie toegelaat om te saai op hulle lande nie. Maar toe het dinge ’n bietjie meer langdradig geraak. Hulle moes nie net enige skuld wat iemand hulle geskuld het, vergewe nie, maar hulle is ook nie toegelaat om te saai nie. Op hierdie punt sal iemand dalk sê: “Hey, ek kan een dag oorleef met dit wat in die yskas is, maar om ’n hele jaar te oorleef sonder om te werk, is bietjie moeiliker.”

Die skadu vertel ons weereens om ons skuld te vergewe. Hy het vir hulle gesê hulle sou nie skuld hoef te gebruik nie want hulle sou soveel hê dat hulle die uitlener sou wees en nie die lener nie. Skuld is ’n stelsel wat op ongenoegsaamheid gebaseer is, maar God gaan genoeg voorsien dat skuld nie langer nodig sou wees nie. Die skaduwee sê: “Jy mag nie saai nie,” en verwys na ’n nuwe manier van leef buite die aardse vloek-stelsel. Nou, hierdie alles word in Jesus Christus gevind.

Maar wag, daar is meer – die grootste prentjie nog om vir God se mense te wys wat sou kom. Dit word die Jubeljaar genoem.

## HOOFSTUK 7

# DIT IS ONMOONTLIK!

Wat jy nou gaan lees is merkwaardig. Nee, laat ek dit herformuleer. Jy gaan eintlik dink dit is heeltemal onmoontlik. Ek praat van die Jubeljaar, die grootste prentjie van wat Jesus vir ons finansies wil doen en wat in die Ou Testament staan, tog weet min mense daarvan of hulle verstaan nie wat dit is nie. Ons het reeds van die sabbatdag gepraat en die sabbatsjaar, waarvan albei skadus is van wat ons in Christus het, maar nou kom ons by die groot geleentheid, die Jubeljaar.

Net die naam klink soos 'n viering, is dit nie? Maar in die finansiële ryk het die meeste mense – en wanneer ek sê meeste mense, sluit dit ongelukkig ook die Christene in – nie veel om te vier nie. Soos ek gedeel het, ek is al 36 jaar aktief in die finansiële veld. Ek het in daardie tyd verskeie maatskappye besit en vir tien, indien nie honderde nie, duisende mense in hulle persoonlike finansies gewerk. Daarom weet ek wat daarbuite is. En ek weet wat is gewoonlik agter die blink, nuwe motor of pragtige groot huis. Dit is gewoonlik baie skuld en stres. Ek praat nie sleg daarvan om 'n mooi kar of groot huis te besit nie. Dit kos net baie geld om vandag te leef.

En die aardse vloekstelsel is 'n oorlewingstelsel wat gewoonlik te kort gaan skiet om mense vry te maak. Glo my, van al die duisende en duisende mense wat ek ontmoet het, is die meeste nie slegte mense nie.

Hulle het die beste gedoen wat hulle op hulle eie kon doen, hulle het nie van God se koninkryk geweet of wat ek in hierdie boek deel nie. Jy weet natuurlik dat ek en Drenda het self die leefstyl van finansiële stress geleef totdat ons geleer het oor die sabbatsrus. Ná jy vir so lank so geleef het, besef jy nie hoeveel disfunksie jy verdra en dink dis normaal nie.

Verskeie jare gelede het God met my gedeel oor my klein denke en my laat weet dat ek veronderstel is om die Jubeljaar, die partytjie, te geniet, maar ek het nie. Ja, ek was uit die skuld uit; ja, ek het uitsonderlike dinge sien gebeur; en ja, ek was gelukkig en tevrede. Maar ek het opgehou droom en God het dit geweet, en Hy wou hê ek moet weer begin strek, om my te laat aanhou skep en droom. Ek het ’n bietjie tam geraak, gelukkig maar tam.

Soos ek gesê het, ek besit ’n finansiële dienstemaatskappy, en ek word elke jaar deur een van my verskaffers genooi na ’n geleentheid om die vorige jaar se sukses te vier. Die mense wat dit gewoonlik bywoon het, was ongeveer 250 van die topassosiate en uitvoerende beamptes. Dit was ’n ten volle betaalde reis na wonderlike plekke, maar vir die paar wat toppresteerders was, was daar spesiale erkenning en bonustjeks. Omdat ek besig was om ’n groot kerk te pastor, TV-programme gedoen het en my eie besigheid gehad het, het ek altyd gevoel ek het net bloot nie die tyd om die produksie te lewer wat nodig was om die toperkenningsvlak te bereik nie.

Maar een spesifieke jaar, terwyl ek in die byeenkoms gesit en kyk het hoe die top 10 assosiate erkenning ontvang en hulle \$100 000-tjeks ontvang, was ek oortuig. Ek het gedink: “Wag so bietjie! Ek behoort ook op daardie verhoog te wees om erkenning te kry. Ek is ’n kind van God en die Heilige Gees is my Raadgewer. Ek behoort daar te wees om die goedheid van God te deel en te demonstreer!” Daarom het ek en

Drenda net daar en dan besluit dat ons die volgende jaar op daardie verhoog sou wees. Hoe? Ons het geen idee gehad nie.

Vir die vorige 10 jaar het ek omtrent $3 tot $4 miljoen per jaar gedoen by net hierdie een maatskappy, maar die produksie wat vereis word om in die top 10 te wees, was ongeveer $11 miljoen. Ek het geen idee gehad hoe ek daardie vlak sou bereik nie en ek het nie eers geweet of dit moontlik sou wees met my skedule nie. Een ding wat ek wel geleer het, is dat ek dit nie in my eie krag kon doen nie. Daarom het ek en Drenda gebid en ons doelwit gestel, 'n finansiële saad gesaai, of geloof vrygestel en dit voltooid verklaar.

Om 'n lang storie kort te maak, het God in Januarie van die volgende jaar, terwyl die nuwe jaar net begin het, vir my in 'n droom gewys hoe om my doelwit te bereik. Hy het my presies gewys wat om te doen; en solank as ek gedoen het wat Hy vir my gewys het, sou ek dit bereik. Weet jy dat ons daardie $11 miljoen-doelwit daardie jaar net-net behaal het? Dit was so wonderlik om by die volgende konvensie op daardie verhoog te wees saam met die toptien in die maatskappy en daardie $100 000 bonus te ontvang. Weet jy hoe goed het dit gevoel? Dit was 'n groot partytjie. Nie net het ons ons doelwit met die bonus behaal nie, maar ons inkomste het ook met honderde duisende dollar daardie jaar geklim. Klink vir my soos 'n partytjie!

**JY BESEF NIE HOEVEEL DISFUNKSIE JY VERDRA EN DINK DIS NORMAAL NIE.**

Daarom, wanneer ek praat van 'n Ou Testamentiese gebeurtenis soos die Jubeljaar, moenie aan die slaap raak en dink hierdie is vervelige goed nie, want dit is nie. Onthou, die lewe word beter met 'n partytjie, so kom ons kyk na die grootste geleentheid/partytjie wat Israel gevier het en leer hoe om jou eie te hê.

## Die Jubeljaar

*Jy moet ook sewe jaarweke tel, sewe maal sewe jaar, sodat die dae van die sewe jaarweke vir jou negen-en-veertig jaar is. Dan moet jy in die sewende maand, op die tiende van die maand, 'n basuingeklank laat deurgaan; op die versoendag moet julle die basuin deur julle hele land laat gaan. En julle moet die vyftigste jaar heilig en 'n vrylating in die land uitroep aan al sy bewoners. Dit moet vir julle 'n jubeljaar wees; dan moet julle elkeen na sy besitting en elkeen na sy geslag teruggaan. 'n Jubeljaar moet dit, die vyftigste jaar, vir julle wees. Julle mag nie saai nie, ook nie afoes wat dan opslaan of die druiwe van die onbesnoeide wingerdstok dan afsny nie. Want dit is 'n jubeljaar, dit moet vir julle heilig wees: van die land af moet julle die opbrings daarvan eet. In hierdie jubeljaar moet julle elkeen na sy besitting teruggaan.*

– Levitikus 25:8–13, 1953-vertaling

Soos ek begin om die Jubeljaar te bespreek, laat ek bietjie voorbereidingswerk doen wat jy reeds moes gesien het. Die Jubeljaar het elke 50 jaar plaasgevind, en dit het direk ná 'n sabbatsjaar, die 49ste jaar gebeur. Ek dink jy kan reeds 'n groot probleem sien, nie waar nie? Tydens die sabbatsjaar is die Israeliete nie toegelaat om te saai nie. Die jubeljaar wat daarop volg het dieselfde vereiste gehad om nie te plant nie. So, in wese, het Israel vir twee opeenvolgende jare nie 'n oes gehad nie, en dan moes hulle in die derde jaar wag vir die gewasse om ryp te word en geoes te word voor hulle hul kosvoorraad kon aanvul. Dit kon 'n ernstige probleem wees vir iemand wat lief is vir kos of 'n lewe gemaak het uit graanverkope. Toe Moses die instruksies oor die Jubeljaar oorgedra het, kan jy jou indink hoeveel verwarring dit veroorsaak het?

Die gedagte daaraan om drie jaar af te hê is natuurlik ’n wonderlike idee, maar iemand moes daarvoor betaal. Die eerste ding wat hulle Moses gevra het, was: “Hoe is dit moontlik?”

*“Julle kan miskien vra: ‘Wat sal ons gedurende die sewende jaar eet, aangesien ons in daardie jaar niks mag plant of oes nie?’ Die antwoord is: ‘Ek sal my seën oor julle gebied stuur in die sesde jaar sodat die land ’n baie goeie oes oplewer, genoeg om julle vir drie jaar lank te onderhou. Wanneer julle weer saad plant in die agtste jaar, sal julle nog steeds van die opbrengs van die vorige jaar eet. Julle sal nog steeds van die ou oes kan eet totdat die nuwe oes eers in die negende jaar kom.’”*

– Levitikus 25:20–22, NLV

God het hulle met ’n wonderbaarlike antwoord geantwoord, en ons gaan baie tyd spandeer hieraan in die oorblywende gedeelte van hierdie boek. Hy het gesê Hy gaan ’n seëning in die sesde jaar stuur sodat dit genoeg lewer om drie jaar te hou totdat die nuwe oes inkom ná die Jubeljaar. Daar is ’n parallel hier met die dae van die skepping. Die Bybel sê God was klaar op die sesde dag van die Skepping en hy het gerus. Alhoewel Hy gerus het, was Hy nie moeg nie. Hy was klaar. Alles wat die mens benodig het, was geskep en aan hom beskikbaar.

God het nou vir Israel ’n prentjie gewys van meer as genoeg, wat in sterk kontras staan met die aardse vloekstelsel van pynvolle inspanning en sweet. Hy wou gehad het hulle moes Hom sien as hulle voorsiener en om te verstaan Hy voorsien met ’n magtige voorsiening. Weereens, alhoewel hierdie ’n prentjie was van God se voorsiening in hulle dag, was dit nie totdat Jesus gekom het wat ons sien wat die skaduwee ons gewys het nie. In die natuurlike was daar geen manier om daardie drie jaar

sonder ’n oes te oorleef nie. Net so, in die natuurlike, en onder die aardse vloekstelsel, is daar geen manier om finansieel te wen sonder dat ons ons dae en nagte spandeer sonder sweet nie. Jy kan bloot nie vinnig genoeg hardloop om dit gedoen te kry nie. Probeer drie jaar by jou huidige werk afvat terwyl jy uitstaande verpligtinge het, en jy het die perfekte resep vir bankrotskap. Maar God wys vir hulle ’n prentjie van ’n nuwe pad, een waar Hy vir Sy mense voorsien, net soos daar vir Adam voorsien is deur alles wat God vir hom tydens die Skepping voorberei het.

Daar is nog twee dinge wat die Jubeljaar ons wys wat ons moet sien. Weer sien ons die grond wat rus, geen inspanning of sweet tydens hierdie vyftigste jaar nie. Jy sal ook sien dat al die grond aan die oorspronklike eienaar teruggegee moes word. Toe Israel deur die Jordaanrivier getrek het, is daar vir elke familie genoeg grond gegee wat hulle sou besit en waar hulle kos en inkomste kon produseer wat hulle nodig gehad het om te oorleef. In wese was die grond hulle welvaart. Daar het hulle gewasse geplant en hulle lewende hawe grootgemaak. Daarom, om al die grond terug te gee aan die oorspronklike eienaar, was om die vermoë om welvaart te hê, terug te gee.

Weereens, dit is ’n skadu van dit wat Jesus vir ons gedoen het. Die skaduwee sê dat welvaart teruggegee moes word aan die burgers van die volk Israel. Die realiteit sê vir ons dieselfde, dat ons welvaart ook aan ons teruggegee is, dat die erfenis van God se koninkryk weer ons s’n is.

**WANNEER JY LEER WAT DIE SABBAT EINTLIK VIR ONS WYS, KAN GROOT VERANDERING IN JOU FINANSIËLE LEWE PLAASVIND.**

Daar is ’n derde ding wat die Jubeljaar ons wys, en dit is dat al die slawe vrygemaak moes word en aan

hulle families terugbesorg moes word. Dit is groot. Weereens, die skadu sê jy is nie langer ’n slaaf nie, maar ’n seun of dogter. Die realiteit in Christus sê jy is nie langer ’n slaaf nie, maar ’n seun of dogter in God se huis met die volle reg tot die nalatenskap en die voorspoed in die huis.

Dink dus na oor wat jy pas geleer het. Jesus het vir ons teruggegee wat Adam verloor het. Jesus het ons vry gemaak van slawerny, en ons seuns en dogters van God gemaak. Hy het ons vry gemaak van die aardse vloekstelsel, wat God toegelaat het om die werk van ons hande op ’n magtige manier te seën. Alhoewel Jesus vir al hierdie dinge betaal het, moet ons steeds weet hoe om hierdie voordele in ons lewens hier in die aardse ryk aan te wend. Dit is waar so baie Christene dit mis. Hulle weet nie die koninkryk funksioneer deur wette nie, hulle ken nie hulle wetlike regte as seuns en dogters en burgers nie, hulle glo God kies na willekeur wie Hy wil seën. Daarom bestudeer hulle nie die wette van die koninkryk, wat die sleutels bevat wat toelaat dat hulle dit wat die Bybel sê hulle s’n is, geniet en implementeer nie. Ek sê vir jou, wanneer jy leer wat die sabbat eintlik vir ons wys, kan groot verandering in jou finansiële lewe plaasvind.

’n Man in my kerk het gehoor hoe ek leer oor geloof en hoe die koninkryk van God funksioneer. Sy vrou en kinders het hierdie wette saam as ’n gesin bestudeer. Toe die nuwe jaar nader gekom het, het hulle besluit hulle sou hulle wetlike reg begin toepas en glo dat hulle hul twee verhuringseindomme, wat hulle daardie jaar aangeskaf het, sou afbetaal. As ek reg onthou, dink ek die bedrag wat hulle nodig gehad het om albei huise af te betaal, $400 000 was. Hulle het gebid en ’n betekenisvolle bedrag gesaai vir hierdie doelwit om albei huise in daardie jaar klaar te betaal. Dit was ’n groot uitdaging vir hulle, maar hierdie man het gewerk in ’n veld waar die moontlikheid bestaan het om genoeg kliënte

en/of groot kliëntkontrakte te vind wat so ’n moontlikheid kon befonds. Die gesin het almal saam gebid en saamgestem dat dit sou gebeur. Die gesin het elke week hulle doelwit hersien en ook die Skrifgedeeltes hersien wat hulle die wetlike grond gegee het om op te staan om so ’n oes te verwag. Die man het, natuurlik, geweet hy moes sy deel doen.

Wel, soos die jaar voortgegaan het, was daar ’n paar groot kontrakte wat ’n moontlikheid geword het, maar soos met alle groot korporasies, word multimiljoendollar-transaksies nie vinnig verwerklik nie. Ongeveer halfpad deur die jaar het hierdie man ’n groot transaksie vir sy maatskappy opgespoor en vasgemaak, so groot dat dit vir omtrent 40% van sy maatskappy se produksie vir die jaar verantwoordelik was. Hy kon een van die eiendomme met daardie kommissietjek afbetaal. Teen die einde van die jaar het ’n ander korporasie aangedui dat hulle vir seker kontrakte vir die multimiljoendollar-kontrak wat my vriend hulle aangebied het, sou teken. Maar die datum vir die vasmaak van die transaksie het aanhou skuif. Die papierwerk sou voorberei word, dan sou die datum skuif en die papierwerk moes oorgedoen word, en dan skuif die datum weer. Dit was nou laat herfs en daar is vir my vriend gesê dat die bestuurspan waarmee hy gewerk het, verander is en dat ’n nuwe span sou oorneem.

My vriend was teen die grond; hy het geweet wat dit beteken. Die inkomende bestuurspan was nie bewus van die hangende kontrak nie. Die kontrak was dus ongeldig. Hy sou die proses weer van voor af moes begin met die nuwe span. Toe hy die nuwe bestuurspan ontmoet, het dit gelyk of hulle gunstig na sy maatskappy se voorstelle luister. Ná hulle dit laat November hersien het, het hulle gesê hulle wil voortgaan. Maar weereens is die papierwerk vertraag en herskryf, tot twee dae voor die nuwe jaar. My vriend het ’n oproep ontvang dat hulle wil ontmoet en die papierwerk teken, en dat hulle kontant sou betaal as hy

hulle daardie dag kon ontmoet en die ooreenkoms teken. My vriend het genoeg kommissie op daardie transaksie verdien om sy en sy gesin se doelwit in geloof om albei huise daardie jaar af te betaal, te bereik.

Dit is net omdat hy die koninkrykbeginsels bestudeer het wat hom toegelaat of geïnspireer het om so ’n groot doelwit te stel, want hy het nog nooit tevore sulke groot rekeninge ingebring of soveel geld verdien om aan te dui dat so ’n doelwit moontlik kon wees nie. Hy het my vertel hulle het ’n groot partytjie gehou om daardie oorwinning te vier!

Nog ’n “dit het regtig gebeur”-storie het met een van my kinders gebeur. My kinders het, natuurlik, vir lank gesien hoe die koninkryk in ons lewens funksioneer. Hulle het die beginsels wat ek bespreek, toegepas en gesien hoe God wonderlike dinge doen. Alhoewel hulle in hulle twintigs is, is al hulle motors betaal; en meeste van hulle se huise is ook betaal of amper klaar betaal. My oudste seun, Tim, wou ’n huis kontant koop. Hy het sy saad gesaai, en God vertrou vir ’n goeie transaksie op ’n huis in sy prysklas. Hy is ook baie handig in konstruksie, en daarom was hy nie bang om ’n huis te koop wat verbeterings nodig gehad het nie.

Hy het tyd spandeer om na huise te soek, maar kon nie die perfekte een vind nie. Maar eendag, terwyl hy rondgery het, het hy hierdie huis gesien wat hy nog nooit voorheen gesien het nie en wat te koop was. Dit was ’n huis wat deur die bank teruggeneem is, en hy het gesien die huis het ’n bietjie werk nodig, maar dit het perfek gelyk. Hy het die eiendomsagent gebel en gehoor wat die prys is. Hy kon sy ore nie glo nie – $37 000! “Maar hoe kan dit wees?” het hy gedink.

Die agent het navorsing oor die huis gedoen en ’n wonderlike verhaal vertel. Die huis was wel deur die bank teruggeneem, maar dit was 6 maande tevore vir $110 000 gelys. Dit was die bank se prys, maar die huis was ’n paar jaar tevore eintlik vir $160 000 verkoop. Blykbaar

het niemand in die 6 maande wat dit in die mark was, in die huis belanggestel nie. Die bank het die prys 'n paar keer verlaag en nie geweet hoekom niemand in die huis belangstel nie. Maar ná Tim en die agent bietjie dieper gedelf het, het hulle gesien hoekom daar geen belangstelling in die huis was nie. Die adres wat gelys was, was in 'n heel ander stad met 'n ander adres en selfs die foonnommer wat jy moes bel om navraag te doen, was verkeerd. Niemand het dus geweet die huis was daar nie! Die huis, wat in 'n klein straatjie op die platteland geleë was, was in 'n doodloopstraat met geen verkeer nie. Die prys is heeltyd verlaag tot Tim dit op 'n dag raakgesien het. Merkwaardig. Ek het vir Tim gesê die huis is weggesteek net vir hom! Hy het dit oorgeverf en 'n paar goed aan die huis gedoen en dit vir $160 000 verkoop.

My dogter Amy is die aanbiddingsleier by Faith Life Church. Sy en Jason het 'n groter huis benodig omdat hulle gesin van vier na vyf gegroei het. Daardie somer van 2017 hier in Ohio was die huispryse baie hoog en die huise wat gelys was, het gewoonlik binne 'n week verkoop. Hulle hoop om 'n huis te vind wat groot genoeg was en in die prysklas van $250 000 tot $300 000, met tussen 2 en 4 hektaar grond daarom, en 'n wenslysie van die moontlikheid van water kon net nie gevind word nie. Veeplase in die gebied op 0.5 hektaar het daardie somer vir $200 000 verkoop. Ná hulle na baie huise gekyk het, het hulle opgehou en begin bid. Hulle het 'n saad gesaai vir leiding, het hulle vir die Here gevra: "Ons is bloot te besig om so rond te kyk. U weet waar ons huis is, en ons vra dat U dit vir ons op die regte tyd sal wys. Ons gaan nie meer aanlyn soek nie, en ook nie met ons eiendomsagent oor die huis praat nie."

Maar een aand het iets interessant gebeur. Hulle dogter, wat daardie tyd vier jaar oud was, het toe hulle by hulle huis aankom, gesê: "Mamma, dit is tyd om te trek."

"Wat bedoel jy?" het Amy gevra.

"Dit is tyd om te trek na die huis met die groot trappe wat na my kamer toe gaan," het die vierjarige gesê.

"Watter huis? Het jy gedroom?" het Amy gevra.

Haar dogter het gesê ja, sy het. Daardie aand ná Amy die twee kinders in die bed gesit het, het sy steeds aan die gesprek gedink en vir Jason gesê hulle moet miskien aanlyn kyk.

Ja, daar was 'n teruggeneemde huis wat pas gelys was, 'n tweeverdieping huis met 4 hektaar en 'n meer voor die huis. Die prys was egter $26 000 meer as die $300 000-prysklas waarvoor hulle gesaai het. Hulle het geredeneer dat hulle 'n laer aanbod kan insit en die eiendomsagent geskakel. Die agent sou die volgende dag na Florida vertrek maar kon die huis vir hulle wys as hulle dit die volgende oggend teen 9:00 vm kon doen. Jason en Amy het gesê hulle sou haar by die eiendom ontmoet.

Die agent was laat daardie oggend, maar die huis was perfek. Die grootte van die huis, die 4 hektaar grond en die meer aan die voorkant, alles het perfek gelyk. Die bonus was dat daar 'n woud reg rondom die eiendom was; dit was asemrowend. Toe hulle by die huis instap, het hulle dogter 'n gilletjie gegee en teen die groot spiraaltrap oopgehardloop, reguit na haar kamer toe. Om 'n lang storie kort te maak, het Jason en Amy gesê hulle wil 'n aanbod maak. Toe die agent die huis se detail nagegaan het, het sy gesien dat alle aanbiedinge teen die middag in moes wees. Dit was minder as 'n uur later. As hulle vierjarige hulle nie van die droom vertel het nie en hulle nie daardie aand aanlyn gekyk het nie, sou die huis reeds verkoop gewees het.

Hulle het die vraprys van $326 000 aangebied en dit is aan hulle toegestaan. Hulle was só opgewonde. Tydens die inspeksie het die inspekteur gesê dat alhoewel die dak redelik goed was, dit in ongeveer

vyf jaar vervang sou moes word. Jason het ’n idee gehad. Hy het besluit om die bank te vra vir ’n laer prys as gevolg van die dak wat werk nodig gehad het. Die agent het hulle aangeraai om nie eers te vra nie, want die huis was "voetstoots" aangebied en sy het nog nooit gesien ’n bank verlaag die prys as gevolg van defekte in die huis nie. Maar Jason en Amy het in hulle gees gevoel om ’n brief te skryf en die bank te vra vir ’n verlaging. Jy raai reg, die bank het die huis vir hulle gegee vir $296 000, minder as die $300 000 waarvoor hulle die Here vertrou het om te spandeer. God het die huis gebring net soos hulle Hom gevra het om te doen. Toe hulle die waardeerder vra wat hy dink die huis is werd, het hy geantwoord: "$500 000." My vriend, dit is die dubbele deel!

Soos jy kan sien, my kinders geniet almal die koninkryk se manier van lewe. Om die waarheid te sê, my jongste, Kirsten, het pas hierdie jaar kontant vir haar eerste huis betaal – op die rype ouderdom van 20! Hoe? Hulle almal weet hoe om dit te doen op die koninkryk-manier!

HOOFSTUK 8

# DIE DUBBELE DEEL

Nou wil ek 'n bietjie dieper delf in hoe die sabbatsrus eintlik werk en hoe dit vir jou eie lewe moontlik is om daaruit te put. Ek wil teruggaan na ons storie van die Jubeljaar en kyk na ons teks. Daar vind ons God se antwoord aan die mense toe hulle vra hoe hulle vir drie jaar moes leef met geen oes nie. Goeie vraag!

*"Julle kan miskien vra: 'Wat sal ons gedurende die sewende jaar eet, aangesien ons in daardie jaar niks mag plant of oes nie?' Die antwoord is: 'Ek sal my seën oor julle gebied stuur in die sesde jaar sodat die land 'n baie goeie oes oplewer, genoeg om julle vir drie jaar lank te onderhou. Wanneer julle weer saad plant in die agtste jaar, sal julle nog steeds van die opbrengs van die vorige jaar eet. Julle sal nog steeds van die ou oes kan eet totdat die nuwe oes eers in die negende jaar kom.'"*

– Levitikus 25:20–22, NLV

Ons sien in hierdie teks dat die Jubeljaar, asook die sabbatsjaar wat dit vooraf gaan, albei moontlik was as gevolg van die groot oes wat in die sesde jaar plaasgevind het, in hierdie geval die 48ste jaar (vanaf die vorige Jubeljaar). Sonder daardie groot oes, sou die sabbatsrus nie moontlik wees nie. Kom ons kyk na 'n ander Skrifgedeelte wat ek glo dit verder sal verduidelik.

*Hulle het dit vroeg elke oggend bymekaargemaak, volgens elkeen se behoefte, maar net as die son begin bak, het dit weggesmelt. Op die sesde dag het hulle 'n dubbele porsie opgetel, vier liter vir elkeen. Toe al die leiers van die volk dit vir Moses kom vertel, sê hy vir hulle: "Dit is soos die Here gesê het: Môre is 'n rusdag, 'n gewyde sabbat van die Here. Maak alles gaar, bak wat julle wil bak, en kook wat julle wil kook, en wat oorbly nadat julle geëet het, moet julle wegsit en bewaar vir môre."*
*Hulle het dit weggesit tot die volgende oggend soos Moses beveel het, en dit het nie sleg geword of miet gekry nie. Toe het Moses gesê: "Eet dit nou vandag, want vandag is dit die sabbat van die Here. In die veld gaan julle niks kry nie. Ses dae moet julle dit bymekaarmaak, maar op die sewende dag, die sabbat, sal daar niks wees nie."*
*Tog het daar op die sewende dag van die mense uitgegaan om bymekaar te maak, maar hulle het niks gekry nie. Die Here sê toe vir Moses: "Hoe lank gaan julle nog weier om my bevele en opdragte te gehoorsaam? <u>Ek het vir julle die sabbat gegee en daarom gee Ek vir julle op die sesde dag genoeg kos vir twee dae</u>. Elkeen moet bly waar hy is en niemand mag op die sewende dag sy woonplek verlaat nie."*
*Die volk het op die sewende dag gerus.*
– Eksodus 16:21–30 (die manna), 1983-vertaling

Hierdie gedeelte praat natuurlik van die manna wat elke dag uit die hemel geval het om die mense te voer en beskryf hoe dit nie op die sewende dag, die sabbat, sal verskyn nie. Hulle kon dit nie van dag tot dag spaar nie, want dit het baie gou sleg geraak. Hulle kon dit net op die sesde dag bymekaarmaak en oornag hou sonder dat dit sou muf. Ons vind 'n interessante synota oor hoe die manna elke dag baie gou sou sleg word in **Deuteronomium 8:16**.

*. . . en wat jou in die woestyn manna laat eet het, iets wat jou voorvaders nie geken het nie. Hy het jou laat swaarkry om jou op die proef te stel en om agterna weer aan jou goed te doen. (1983-vertaling)*

God het die volk geleer om elke dag na Hom te kyk vir hulle kos, maar ook vir alles anders in hulle lewens. God het geweet hulle was op pad na iets baie groter as net ’n behoefte aan kos; hulle sou binnekort ommuurde stede en reuse van aangesig tot aangesig moes aanskou. Hulle onwankelbare afhanklikheid op Hom in daardie soort situasies was die verskil tussen lewe en dood.

Kom ons gaan terug na **Eksodus 16:29**. Hier kan jy duidelik sien dat die sabbatsrus net moontlik was as gevolg van die dubbele deel wat op die sesde dag aan hulle gegee is.

*“Ek het vir julle die sabbat gegee en daarom gee Ek vir julle op die sesde dag genoeg kos vir twee dae. Elkeen moet bly waar hy is en niemand mag op die sewende dag sy woonplek verlaat nie.” (1983-vertaling)*

Sien jy dit? Die sabbatsrus is net moontlik deur die dubbele deel. Dit is so belangrik dat ek jou gaan vra om dit neer te skryf.

## DIE SABBATSRUS IS ONMOONTLIK SONDER DIE DUBBELE DEEL!

Kom ek plaas dit in ’n ander konteks. Tensy jy meer as genoeg het, sal jy nooit rus hê van die hardloop en sweet van die aardse vloekstelsel nie. Soos ek en Drenda mense oral vertel: “As jy nie die geld-ding

herstel nie, sal jy nooit jou lotsbestemming ontdek nie!" Hoekom? Want sonder meer as genoeg sal jy nie opsies hê nie en jy sal vir jou hele lewe 'n slaaf van oorlewing wees.

Onthou toe ons in die vorige hoofstuk in Deuteronomium 28:11–13 gelees het van die voordele van die seëning van Abraham? Daar het ons duidelik gesien dat 'n lewe van oorlewing nie jou lotsbestemming is nie! Net ingeval jy vergeet het, kom ons kyk nog 'n keer daarna.

*Op die grond wat die Here aan jou voorvaders met 'n eed beloof het om aan jou te gee, sal die Here aan jou ryke oorvloed skenk met die vrug van jou liggaam, die vrug van jou diere en die vrug van jou grond. Die Here sal vir jou sy goeie skatkamer, die hemel, oopmaak om die reën van jou land op tyd vir jou te gee en al jou handewerk te seën. Jy sal aan baie nasies uitleen, maar jy sal self nie hoef te leen nie. Die Here sal jou die kop maak, nie die stert nie. Jy sal net na bo beweeg, nie na onder nie, as jy gehoorsaam is aan die gebooie van die Here jou God wat ek jou vandag opdra om noukeurig na te kom.*

– Deuteronomium 28:11–13, 2020-vertaling

Armoede, oorlewing en bankrotskap is nie jou lotsbestemming nie. Jy is die uitlener en nie die lener nie, die kop en nie die stert nie! Hierdie oorvloed is hoe die koninkryk lyk. Dit is die sabbatsrus, meer as genoeg, die dubbele deel!

Ek weet wat jy dink: "Sjoe, dit sal so wonderlik wees, Gary, maar my lewe lyk glad nie nou so nie." Dit is goed so, ons kyk nie terug nie, maar ons kyk na wat God sê en verwag wat die koninkryk oor ons sê. Sonder die behoorlike prentjie, en as ons nie weet hoe ons lewens veronderstel om te wees nie, sal ons val vir die skelmstreke en valstrikke en die per-

verse denke van die aardse vloekstelsel. Geloof is om in ooreenkoms te wees met dit wat God sê, nie met ons omstandighede nie.

Voor ek deel oor hoe God my en Drenda geleer het oor die dubbele deel, wil ek 'n verhaal met jou deel wat ek glo die beste verhaal van die dubbele deel in die Nuwe Testament is.

**GELOOF IS OM IN OOREENKOMS TE WEES MET DIT WAT GOD SÊ, NIE MET ONS OMSTANDIGHEDE NIE.**

Die verhaal wat ek met jou wil deel is een wat jy al baie kere gehoor het, maar nie in die konteks van die dubbele deel of met die begrip van die koninkryk wat jy nou het nie. Ons vind die verhaal in Lukas 15, die verhaal van die verlore seun. Weereens, wees geduldig met my. Ek weet jy het dit al gelees, maar kom ons gaan saam daardeur met vars insig.

*Verder het Jesus gesê: "Daar was 'n man wat twee seuns gehad het. Die jongste het vir sy pa gesê: 'Pa, gee my die deel van die besittings wat my toekom.' Hy het toe die goed tussen hulle verdeel. "Nie lank daarna nie het die jongste seun alles tot geld gemaak en van die ouerhuis af na 'n ver land toe vertrek. Daar het hy sy geld verkwis deur losbandig te lewe. Nadat hy alles deurgebring het, het daar 'n kwaai hongersnood in daardie land gekom, en ook hy het begin gebrek ly. Hy het toe sommer by een van die mense van daardie land gaan bly, en dié het hom na sy plaas toe gestuur om varke op te pas. Daar het hy gewens hy kon sy honger stil met die peule wat die varke eet, maar niemand het hom daarvan gegee nie. "Toe kom hy tot inkeer en sê: 'My pa het wie weet hoeveel dagloners, en hulle het almal oorgenoeg kos, en hier vergaan ek van die honger. Ek sal dadelik na my pa toe teruggaan en vir hom sê: Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig! Ek is nie meer werd om Pa se seun*

*genoem te word nie. Behandel my soos een van Pa se dagloners.'*
*En hy het sonder versuim na sy pa toe teruggegaan.*
*"Toe hy nog ver aankom, het sy pa hom al gesien en hom innig jammer gekry. Hy hardloop hom tegemoet, omhels hom en soen hom. Toe sê die seun vir hom: 'Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig. Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie.'*
*Maar sy pa roep sy werksmense: 'Maak gou! Bring klere, die beste, en trek dit vir hom aan; sit vir hom 'n ring aan sy vinger en trek vir hom skoene aan! En bring die vetgemaakte kalf, slag hom, en laat ons eet en feesvier! Hierdie seun van my was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ek het hom teruggekry.' Toe het hulle begin feesvier.*
*"Sy oudste seun was nog in die veld. Toe hy terugkom en naby die huis was, hoor hy die musiek en die singery. Hy roep toe een van die bediendes nader en vra hom wat aan die gang is. Die bediende antwoord: 'U broer het gekom, en u pa het die vetgemaakte kalf geslag omdat hy hom behoue en gesond teruggekry het.'*
*"Toe het die oudste seun kwaad geword en hy wou nie in die huis ingaan nie. Sy pa gaan toe uit en praat mooi met hom; maar hy antwoord: 'Kyk, al die jare werk ek soos 'n slaaf vir Pa. Nog nooit het ek 'n opdrag van Pa verontagsaam nie, en vir my het Pa nog nooit eers 'n bokkie gegee sodat ek saam met my vriende kan feesvier nie. Maar nou dat hierdie seun van Pa, wat Pa se goed met prostitute deurgebring het, terugkom, het Pa vir hom die vetgemaakte kalf geslag!'*
*"Toe sê die pa vir hom: 'Kind, jy is altyd by my, en alles wat ek het, is ook joune. Maar ons kan tog nie anders as om fees te vier en bly te wees nie, want hierdie broer van jou was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ons het hom teruggekry.'"*

– Lukas 15:11–32, 1983-vertaling

In hierdie verhaal sien ons dat die jonger seun die huis verlaat met sy deel van die boedel. Dit is ’n belangrike detail van die verhaal want dit verwys na sy deel van die erfenis. Maak dus ’n nota dat hierdie jonger seun reeds sy deel van sy erfporsie ontvang het; hy het geen verdere eis op die boedel nie.

*Die jongste het vir sy pa gesê: ‘Pa, gee my die deel van die besittings wat my toekom.’ Hy het toe die goed tussen hulle verdeel.*

Volgende vertel die storie ons waarheen hierdie jong seun gegaan het – na ’n ver land. Dit is belangrik dat jy verstaan dat die jong man sy vader se huis verlaat het. Dit impliseer dat hy sy voorsiening, sy beskerming en die wette van die land waar sy vader se huis was, agtergelaat het. Hy het na ’n ver land gegaan, een met ander wette en ’n ander manier van lewe. Ek is seker hierdie jong seun het nie ’n idee gehad wat hy doen nie. Hy het die voordele van ’n seun geniet toe hy in sy vader se huis gewoon het. Alles wat sy vader besit het, was aan hom beskikbaar terwyl hy daar gewoon het. Maar vir die een of ander rede het hy gevoel daar is iets wat hy misloop, dat daar ’n geleentheid is waarvan hy beroof word en wat op ’n ander plek is.

As jy dit nog nie uitgewerk het nie, vertel Jesus in realiteit hier vir ons die verhaal van die mens, die verhaal van Adam. Adam is die jonger seun van die verhaal wat sy Vader se huis verlaat. Adam is die een wat gevoel het hy het ’n beter toekoms iewers anders as om God, sy Vader, verder te dien. Ek weet wat jy dink: “Wel, as Adam die jonger seun is, wie is die ouer seun wat gebly het in die verhaal?” Ek sal daardie vraag aan die einde van hierdie bespreking antwoord, maar vir nou, onthou net Adam is die jonger seun wat weggegaan het.

Alhoewel hulle alles gehad het, is Adam en Eva mislei om te glo daar is iewers anders meer as om in hulle Vader se huis te bly. Toe Adam teen sy Vader se huis gerebelleer het en gekies het om weg te gaan, het hy onder ’n nuwe regering, ’n nuwe koninkryk met nuwe wette van funksionering gekom. Die Bybel noem dit die koninkryk van die duisternis, wat deur die duiwel regeer word. Aan die begin het alles wonderlik gelyk. Solank as wat die geld gehou het, was dit een groot partytjie! Maar teen die tyd dat hy besef het dit was ’n fout, was dit te laat. Toe, met sy erfenis wat uitgemors was, vind hy homself verlore. Sy gedagtes, wat eens so vol visie was, het gefokus op die daaglikse taak om te oorleef. Daar is geen môre nie. Dit sou altyd vandag wees, en vandag hou geen beloftes in nie.

*Nie lank daarna nie het die jongste seun alles tot geld gemaak en van die ouerhuis af na ’n ver land toe vertrek. Daar het hy sy geld verkwis deur losbandig te lewe.*

Die jonger seun bevind homself nou in ’n koninkryk wat geheel en al bankrot is, ’n koninkryk wat in ’n ewigdurende toestand van erge hongersnood is. Die seun probeer om dit wat hy sien, te verwerk – mense sterf van die honger. Omdat hy uit ’n huis van oorvloed kom, sukkel hy om dit te verstaan. Maar die hongerpyne in sy maag herinner hom daaraan dat dit wat hy sien, ’n werklikheid is. Hy moet nou op straat bedel om te kan oorleef. In hierdie koninkryk van duisternis, lewer die aarde net dorings en distels, en pynlike inspanning en sweet moet toegepas word om iets te kan produseer. Die seun smeek dat iemand hom help, sy behoefte is groot. Maar almal is in dieselfde bootjie. Niemand gaan vir hom veel gee nie want hulle almal ervaar dieselfde hongersnood as hy.

Hier gebeur ’n bepalende oomblik vir die jong seun, ’n skuif wat beide my en jou en die hele mensdom beïnvloed. Vir die eerste keer in sy hele bestaan smeek die jonger seun om as dienskneg, ’n huurling betaal te word. Hy doen fisieke arbeid. Dit is ’n totale perversie van sy ware identiteit en van wie hy werklik is. Hy is nie langer die seun van ’n invloedryke man van eer en rykdom nie, hy is die opsigter, of die slagter, of die eiendomsagent, of die posman, en die lys gaan aan en aan. Hy is nou bekend vir wat hy doen en nie vir wie hy is nie! Hy het sy identiteit verloor! Om sy verlies aan identiteit nog verder te versterk, sê Jesus dat hy so desperaat geraak het dat hy ’n werk geneem het waar hy varke voer. Varke word as onrein deur die Jode beskou, en Jesus vertel die skare dat hierdie jonger seun nou so desperaat geword het dat hy enige sin van sy doel heeltemal verloor het. Hy leef nou ’n lewe van skaamte en skande. Die koninklike afkoms was nou net ’n veraf herinnering.

*Hy het toe sommer by een van die mense van daardie land gaan bly, en dié het hom na sy plaas toe gestuur om varke op te pas. Daar het hy gewens hy kon sy honger stil met die peule wat die varke eet, maar niemand het hom daarvan gegee nie.*

Ek hoop jy sien die parallel tussen die verhaal en die mensdom vandag. Wanneer twee mense ontmoet, wat sê hulle? “Wat doen jy vir ’n lewe?” of “Waar werk jy?” of “Wat doen jy?” Wanneer jy iemand vra wie hulle is, sal hulle gewoonlik sê wat hulle doen. Hoekom? Want in die aardse vloekstelsel het ons almal ons identiteit verloor, en ons is desperaat om dit weer te vind. Ons boots enigiemand na wat aandag trek en lyk of hulle belangrik is. Dit alles spruit uit Adam se besluit om sy Vader se huis te verlaat. In ons oorlewingsingesteldheid het ons

vergeet wie ons werklik is. Maar wees bemoedig, hierdie jong seun in ons verhaal het nie in die varkhok gebly nie; en soos ons die storie volg, hoop ek jy vind uit jy hoef ook nie daar te bly nie.

Die Bybel sê dat hierdie jong man op 'n dag tot sy sinne kom en sy vader se huis onthou het waar selfs die diensknegte meer het as wat hulle kan eet. Ek kan my voorstel hoe hy, in sy toestand van ekstreme honger, herinneringe gehad het aan al die wonderlike maaltye wat hy eens geniet het. My oom Harold was 'n radio-navigeerder op 'n B-17 tydens die Tweede Wêreldoorlog. Hy het uit 'n plaasgemeenskap gekom en sy familie was boere. Sy moeder het elke Sondag 'n groot maaltyd met gebraaide hoender, kapokaartappels, tuisgemaakte brood, groenbone en baie ander smaaklike groentes voorgesit. Daar was natuurlik altyd tuisgemaakte pastei of koek vir nagereg. Ek onthou eerstehands presies hoe fantasties daardie etes was, want sy moeder was my ouma.

My oom se vliegtuig is in die oorlog oor Duitsland afgeskiet en hy het baie maande in die Duitse gevangenekamp deurgebring. Daar was amper nie kos nie. Ek het my oom eendag gevra hoe hy daardie dae oorleef het, en hy het vir my gesê al waaraan hy kon dink was om terug te keer huis toe na sy ma se gebraaide hoender en kapokaartappels. Ek is seker hierdie jonger seun het 'n soortgelyke ervaring gehad en besef wat hy mis. Maar hy het geen verdere eis op die boedel gehad nie, aangesien hy reeds alles ontvang het wat sy vader se boedel hom skuld. Hy het 'n plan bedink. Hy sou huis toe gaan en sy vader smeek om hom as 'n dienskneg aan te stel. In sy kop was sy enigste opsie om te werk as 'n huurling.

*Toe kom hy tot inkeer en sê: "My pa het wie weet hoeveel dagloners, en hulle het almal oorgenoeg kos, en hier vergaan ek van die honger. Ek sal dadelik na my pa toe teruggaan en vir hom sê: Pa, ek het*

*teen God en teen Pa gesondig! Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie. Behandel my soos een van Pa se dagloners.”*
*En hy het sonder versuim na sy pa toe teruggegaan.*

Hy keer terug huis toe met sy plan om sy vader te smeek vir ’n kans om te werk in ruil vir ’n plek om te slaap en kos om te eet. Maar die Bybel vertel die wonderlike uitkoms van hierdie verhaal. Terwyl hy nader aan sy huis kom, sien sy vader hom oor ’n afstand en hardloop uit om hom met ’n groot omhelsing te verwelkom. Van hierdie punt af moet hierdie verhaal ’n verhaal van die Vader se liefde genoem word, want daardie vader het hom omhels, selfs al was hy vol varkmis. Deurdat hy dit gedoen het, het Jesus se Joodse gehoor geweet dat die omhelsing die vader geestelik onrein sou maak. Maar hierdie vader het gewillig onrein geword ter wille van sy seun. Hy gee dan opdrag dat die beste mantel wat hy het gebring word en plaas dit oor sy seun om sy vuilheid te bedek. Hy neem die seëlring wat sy eie gesag verteenwoordig en plaas dit op sy seun se vinger. Hy gee vir hom sandale om te dra, wat aandui hy het weer toegang tot die hele eiendom. Maar dit is die laaste item wat sy vader hom gee wat veroorsaak dat die ouer seun woedend is. Die vader gee opdrag dat die vetgemaakte kalf geslag en bedien moet word om sy seun se terugkoms te vier. Die jonger seun, alhoewel hy dit nie verdien nie, ontvang weer die posisie en voordele van ’n seun, word openlik as seun geëer en word heeltemal na sy vorige posisie as ’n seun in die huis herstel.

Nou wat het dit alles met die dubbele deel te doen? Alles. Jesus gebruik ’n verhaal van ’n jonger seun wat weggaan en terugkom want Sy gehoor, uit die Joodse kultuur, sou verstaan wat die storie impliseer en wat ek nou vir jou gaan vertel. In die Joodse kultuur ontvang die ouer seun outomaties ’n dubbele deel. As jy onthou, het die ouer seun nie

weggegaan nie, maar dit was die jonger seun wat weggegaan en teruggekeer het. Jy sal ook onthou dat, toe hy weggegaan het, hy sy wetlike gedeelte van die boedel saam met hom geneem het. Hy het nou geen verdere eis teen die boedel of enigiets daarin gehad nie. Maar toe die jonger seun teruggekeer het en sy vader hom as 'n seun herstel het en, spesifiek, vir hom 'n vetgemaakte kalf gegee het om sy terugkeer te vier, was die ouer seun woedend. In die ouer seun se gedagtes het daardie kalf aan hom behoort as sy deel van die boedel.

Hier is die punt. Alhoewel die jonger broer reeds sy deel van die boedel ontvang het, is hy herstel as 'n seun en het nou 'n tweede deel geniet. Dit sou beteken dat hy eintlik 'n dubbele deel van die boedel ontvang het. Uit die ouer broer se perspektief was dit nie regverdig nie, en in sy woede sê hy dit vir sy vader. Hy maak aanspraak daarom dat hy al die jare getrou vir hom gewerk het en dat sy jonger broer niks anders gedoen het as om die familie in die skande te steek nie. Waarom sou hy dan 'n dubbele porsie kry?

Was dit regverdig? Uit die perspektief van die aardse vloekstelsel van pynlike sweet en inspanning sal ons almal sê dit was nie. Ons sal waarskynlik aan die ouer broer, wat getrou gewerk het, se kant wees en onregverdigheid verklaar op grond van dit wat hy vir sy vader gedoen het.

Maar op watter basis oordeel ons wat regverdig is? Is dit nie die Vader wat oordeel en besluit aan wie Hy sy guns wil bewys nie? Die aardse vloekstelsel-opleiding wat ons almal gehad het sal impliseer dat as die vader die jonger seun nog 'n deel van die boedel gee, die ouer seun minder sal kry. Maar dit is nie die geval nie. Die vader is so ryk dat selfs sy diensknegte meer as genoeg het. Soveel te meer vir die seuns.

Die duiwel wil nie hê jy moet weet hoe groot ons God is of wie jy regtig is nie. Hy het van die begin af onophoudelik leuens oor ons

Vader versprei. Versekeringspolisse sê dat wanneer rampe plaasvind, dit ’n daad van God is. Godsienstige organisasies sê God is verheug oor ’n eed van armoede. Mense sê God doen slegte goed met goeie mense. Die duiwel sal jou verblind vir wie jy is en hoe groot jou Vader is sodat jy nie tot jou sinne sal kom en terugkeer na Hom met jou hele hart nie. Ek kan jou verseker dat wanneer jy na Hom toe draai, jy dieselfde ontvangs as die jong seun in die verhaal sal kry.

“Wie is die ouer seun?” vra jy. Kom ons sien of jy dit kan uitpluis.

*Sy oudste seun was nog in die veld. Toe hy terugkom en naby die huis was, hoor hy die musiek en die singery. Hy roep toe een van die bediendes nader en vra hom wat aan die gang is. Die bediende antwoord: “U broer het gekom, en u pa het die vetgemaakte kalf geslag omdat hy hom behoue en gesond teruggekry het.” Toe het die oudste seun kwaad geword en hy wou nie in die huis ingaan nie. Sy pa gaan toe uit en praat mooi met hom; maar hy antwoord: “Kyk, al die jare werk ek soos ’n slaaf vir Pa. Nog nooit het ek ’n opdrag van Pa verontagsaam nie, en vir my het Pa nog nooit eers ’n bokkie gegee sodat ek saam met my vriende kan feesvier nie. Maar nou dat hierdie seun van Pa, wat Pa se goed met prostitute deurgebring het, terugkom, het Pa vir hom die vetgemaakte kalf geslag!” Toe sê die pa vir hom: “Kind, jy is altyd by my, en alles wat ek het, is ook joune. Maar ons kan tog nie anders as om fees te vier en bly te wees nie, want hierdie broer van jou was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ons het hom teruggekry.”*

Die duiwel wil nie hê jy moet weet hoe groot ons God is of wie jy regtig is nie.

Die ouer seun sê dat in al hierdie jare wat hy getrou vir sy vader gewerk het, het sy vader nie een keer eers vir hom 'n jong bokkie gegee het om saam met sy vriende te kan feesvier nie. Kom ek interpreteer wat hy sê. "Pa, jy is onregverdig!" Maar let op wat die vader antwoord: "Kind, jy is altyd by my, EN ALLES WAT EK HET, is ook joune."

Stop!!!!

Kan jy nou uitwerk wie die ouer seun is? Die ouer seun was so besig om hom vir sy vader af te sloof, met 'n verkeerde persepsie van selfgeregverdigheid, dat hy nie sy vader se goedheid geniet het nie. Alles wat sy vader gehad het, was al die tyd syne ook.

Jy is reg, die ouer seun verteenwoordig die wet van die eerste verbond. Die eerste seun kon nooit die voordele van sy vader se huis geniet nie want hy was te besig om vir sy vader se goedkeuring te werk. Alhoewel die ouer seun die reg tot 'n dubbele deel gehad het, is dit net die jonger seun wat dit uiteindelik geniet het.

Jy is die jonger seun!

Jy het die dubbele deel. Jy is die seun wat ontvang word, nie gebaseer op wat jy doen nie maar gebaseer op wie jy in Christus is – 'n seun of dogter van God, wat 'n erfporsie geniet waarvoor jy nie gewerk het nie, maar vryelik van jou Vader ontvang.

HOOFSTUK 9

# MEER AS GENOEG!

Ek verstaan dat jy skepties mag wees oor die titel van hierdie hoofstuk, maar dit is waarheen jy op pad is – meer as genoeg. Nie omdat ek jou die nuutste, gewildste geldmaakskema wys nie, maar omdat dit, as kind van God, jou wetlike reg is om die goedheid en voorspoed van jou Vader se huis te geniet. Die konsep van die dubbele deel, om meer as genoeg te hê, mag dalk vir jou onmoontlik wees om nou te sien as jy dit vergelyk met waar jy jouself op hierdie oomblik in jou lewe sien. Maar dit is waar jy moet begin met jou reis na vryheid – in jou denke.

Tensy jou gedagtes met die Woord van God ooreenstem, sal jy nooit Sy voordele geniet nie. Daarom, lig jou oë op van dit wat jy om jou sien en plaas dit op wat God sê joune is in Sy koninkryk. Hou op argumenteer met dit wat God sê net omdat jy dit nie in jou lewe sien nie. In plaas daarvan, argumenteer met jou omstandighede met die Woord van God, glo dat hulle in lyn moet kom met alles wat God sê joune is. Ek is ’n doodgewone ou wat eenvoudig gedoen het wat ek nou vir jou sê om te doen. Glo wat God sê! God se Woord kan nie misluk nie en dit sal ’n verandering in alle omstandighede bring. Hieronder is byvoorbeeld ’n e-pos wat ek van ’n luisteraar ontvang het wat skepties was, sy het dit alles al voorheen gehoor, of het sy?

"Ek gaan probeer om 22 jaar van sukkel so kort as moontlik hier weer te gee. Ek en my man het albei grootgeword in Christelike gesinne en gereeld kerk bygewoon. Ons was selfs betrokke by die jeug, Sondagskool, ens. Toe ons getrou het, was ons eerste jaar finansieel goed . . . dit was meer as 22 jaar gelede. Van daar af is die "geld-ding" 'n konstante bron van pyn en sukkel, en my geloof het altyd gewankel want ek kon nie verstaan hoekom dit wat die Skrif sê is veronderstel om te gebeur, nie gebeur het nie. As God se Woord dan ewig en onverganklik is en Hy is dieselfde gister, vandag en vir ewig, wat is dan fout? Óf Hy was 'n martelaar, 'n leuenaar óf kranksinnig!

**DIE KONSEP VAN DIE DUBBELE DEEL, OM MEER AS GENOEG TE HÊ, MAG DALK VIR JOU ONMOONTLIK WEES OM NOU TE SIEN AS JY DIT VERGELYK MET WAAR JY JOUSELF OP HIERDIE OOMBLIK IN JOU LEWE SIEN. MAAR DIT IS WAAR JY MOET BEGIN MET JOU REIS NA VRYHEID – IN JOU DENKE.**

"Ons spring nou na 28 Januarie 2013 . . . Ek het vir my man gesê: "Óf God daag op óf ek stap weg." Ek was klaar met kerk en God. Toe ek eendag uitgegaan het om 'n paar goedjies te gaan doen, het my man uiteindelik op die Heilige Gees se aanhitsing ag gegee en 'n goeie vriendin van ons geskakel om te praat. Ná hy klaar was, het sy gesê sy het iets vir ons waarna ons moet luister – Gary Keesee. Sy het haar getuienis en wat met haar gebeur het, met ons gedeel. Toe ek by die huis kom het my man my vertel wat sy gesê het en dat hy dit die volgende dag sou gaan haal.

"Ek weet nie wat gebeur het nie (want ek het genoeg by pastors en leraars oor al die 'geestelike goed' gehoor), maar ek het haar gebel en

gevra of sy daardie aand beskikbaar was. Te midde van 'n sneeustorm het ek by haar uitgekom. Terwyl ek soontoe gery het, het ek vir God gesê: 'Ek hoop dit is nou die antwoord!'

"Ons het die volgende dag begin luister en ons was albei oorweldig. Alles het begin sin maak. Al daardie verse: geloof, om vas te hou aan jou belydenis. Al die stukke van die legkaart was uiteindelik in plek. Ons het 'n paar jaar tevore gehoor van die koninkryk, MAAR niemand het die moeite gedoen om die PROSES te leer nie . . . hoe om die 'DAAR IS DIT!' te kry nie. Jy het.

"Ons het dadelik dit wat ons geleer het, prakties begin toepas . . . ons het geld nodig gehad vir ons verbandpaaiement. Dit was Donderdag, en my man het 'n paar klein werkies by my ouers te huis gedoen . . . hulle het aangehou vra hoeveel hulle my man moes betaal (hulle het geweet ons sukkel). Ek het vir hulle gesê: 'Soveel soos wat julle wil betaal.' Dit was nie genoeg om die verband te betaal nie . . . MAAR dit was nog net Donderdag.

"Vrydag het ons 'n afspraak gemaak met die vriendin wat vir ons die CDs geleen het. Daar was 'n groot sneeustorm, maar ek en my man wou saam met haar sit en praat oor die koninkryk en hoe dit funksioneer.

"Voor ons daar weg is, wou sy bid, en sy het vir ons 'n tjek gegee . . . die Here het dit op haar hart gelê om in ons lewens te saai. Dit het ons albei platgeslaan. Ons het die tjek oopgemaak . . . en dit WAS MEER AS GENOEG om die verband en 'n paar ander kleiner rekenings te betaal!

"Ek het vir my man gesê dit is al wat ek nodig gehad het! Ek het 'n foto van die tjek geneem om my te herinner van Sy getrouheid. Wel, die vyand het nie gehou van wat hy sien nie en dadelik (en ek bedoel dádelik!!) ons saad probeer steel. Ons het besluit hierdie was die waarheid, en ons gaan nie enigiets spreek wat ons toekoms sou

verwoes nie. Die duiwel was genadeloos . . . maar ons het ons hakke ingeskop en ons skilde opgehou.

"(Maar voor ek voortgaan, het ek nodig dat jy verstaan ek was 'n hardkoppige Italianer was genoeg gehad het van die "voorspoedleringe" wat ek gehoor het . . . en my man het dit geweet. Die ware wonderwerk was dat ek dit uiteindelik verstaan het en vasgehou het daaraan . . . my man kyk partykeer na my en wonder wat op aarde het gebeur!)

"Ons het op 4 April ons geloof vrygestel en gesaai om dadelik 'n kontrak van $150 000 vir ons konstruksiemaatskappy te ontvang om ons agterstallige rekenings, belasting, ens. te kan betaal. Op 5 April het ons IN EEN DAG twee kontrakte van $450 000 in totaal ontvang!! Dit was ná net twee maande vandat ons begin het om koninkrykbeginsels toe te pas.

"Ons het ons kinders betrokke gekry en hulle het die 'daar is dit' gesien. Hulle het nou hulle eie lysies gemaak en uit hulle spaarvarkies gesaai vir dit wat hulle wil hê. Ons het in elke kamer Bybelverse en ons vyfjarige gaan na hulle toe en verklaar: 'Ek glo ek het dit ontvang.'

"Ons is so dankbaar dat ons nou meer geld het om te gee en dat ons een dag nader is daaraan om skuldvry te wees en om in staat te wees om ons Godgegewe opdragte uit te voer.

"Dankie, pastor Gary, dat jy die tyd geneem het om die e-posse wat ek gestuur het, te antwoord. Ons verstaan jou tyd is beperk en die feit dat jy die tyd geneem het om dit te doen, wys vir ons hoeveel jy hierdie fantastiese boodskap van God se koninkryk wil deel."

Ek ontvang elke dag e-posse soos hierdie. Mense soos ek en jy ontdek die waarheid oor wie ons in Christus is, leer hoe die koninkryk van God funksioneer en geniet die voordele daarvan. So, hoe het ek en Drenda die beginsel van die dubbele deel ontdek? Ek gaan vir jou in hierdie hoofstuk vertel en ek weet jy gaan hierdie stories bemoedigend vind.

Toe ek en Drenda die wette en beginsels van die koninkryk van God begin leer het, is ons lewens radikaal getransformeer van, soos ek in die eerste deel van die boek gesê het, 'n hand-tot-mond-lewe, paniekaanvalle, antidepressante, en ekstreme hopeloosheid na 'n lewe met 'n doel en voorsiening. Ons het oor en oor dinge sien gebeur wat ons laat stilstaan het en laat sê het: "Het jy dit gesien? Sjoe!" Ons het konstant gesien hoe die koninkryk van God funksioneer, net soos die Bybel gesê het en ons het vrae gevra: "Hoe of hoekom het dit gebeur?" of "Uit watter beginsel put ons hier?" Alhoewel ons meer as genoeg gehad het, het ons nie regtig die dubbele deel so duidelik gesien soos die stories wat ek nou met jou gaan deel nie. Ons het die dubbele deel geniet, maar ons het nie geweet om dit wat ons sien die dubbele deel te noem totdat God ons begrip daarvan verhoog het nie. Voor ek verduidelik hoe God ons gehelp het om die dubbele deel beter te verstaan, wil ek weer ons sleutelvers hersien. (Die woorde in hakies is my notas, nie deel van die ware vers nie.)

*Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God;*
*want wie in sy rus (geloof) ingegaan het, rus ook self van sy*
*werke (die aardse vloekstelsel van pynlike inspanning,*
*sweet en oorlewing) soos God van syne (want Hy was klaar).*
– Hebreërs 4:9–10, 1953-vertaling

Jy weet nou al dat hierdie sabbatsrus 'n belofte aan elke Nuwe Testamentiese gelowige in Christus is en nie net 'n Ou Testamentiese ding nie. Jy weet ook dat die sabbat nie moontlik is sonder om meer as genoeg te hê nie, of soos ons in Eksodus 16 gesien het, die dubbele deel nie. Moet asseblief nie dink dat as jy in die dubbele deel wandel, jy

in élke geval 'n massiewe kontantsurplus op hande sal hê wanneer God jou vra om op 'n projek te beweeg nie.

Daar was al tye in my lewe waar Jesus my gevra het om te beweeg op 'n projek en ek nie 'n sent in die bank gehad het nie. Ek het later besef God was nooit senuagtig oor die geld nie en geweet het waar dit vandaan sou kom. Hy het nie toegelaat dat dit manifesteer nie sodat die vyand dit nie sal probeer steel vóór dit eintlik nodig was. Kom ek gee hier 'n waarskuwing, maak slegs 'n besluit om vorentoe te beweeg in so 'n situasie as jy seker is jy het van die Heilige Gees gehoor om dit te doen. Weereens, tensy Jesus vir jou sê om vorentoe te beweeg op 'n projek sonder dat die fondse in plek is, moet nie beweeg nie. Wag vir God se tydsberekening en dat die voorsiening daar is.

Oor die algemeen word ons as gelowiges geroep om uit die finansiële oorvloed in ons lewens te leef. Ons is nie armlastiges nie, maar in staat om op elke geleentheid vryggewig te wees, net soos ons Vader is. Ek noem dit slegs omdat ek so baie e-posse ontvang waar mense net uitgespring het en God se tydsberekening gemis het. Luister, net omdat God vir jou iets wys, beteken nie dit is die tyd om daarop te reageer nie. Hy wys baiekeer vir jou iets om jou te lei en om jou voor te berei. In my ondervinding is tydsberekening net so belangrik as die feit dat ek dit in die eerste plek gehoor het.

Toe Jesus sy bediening in Sy tuisdorp begin het, ná hy in die Jordaanrivier deur Johannes die Doper gedoop is en ná 40 dae en nagte in die wildernis, het Hy na Sy plaaslike sinagoge gegaan en die boekrol van Jesaja geneem en van die sesde hoofstuk af begin lees. Hierdie gedeelte is in Lukas 4:18–21 aangeteken.

*"Die Gees van die Here is op My omdat Hy My aangestel het om die Goeie Nuus vir die armes aan te kondig. Hy het My gestuur om aan te kondig dat gevangenes vrygelaat sal word, dat blindes sal sien, dat onderdruktes bevry sal word van hulle verdrukkers, en dat die tyd van die Here se goedheid gekom het."*
*Hy het die boekrol opgerol, dit aan die amptenaar teruggegee en gaan sit. Almal in die sinagoge het stip na Hom gekyk. Toe sê Hy: "Hierdie Skrif is vandag bewaarheid onderwyl julle daarna geluister het!" (NLV)*

Hulle was natuurlik woedend vir Hom dat Hy geïmpliseer het Hy is die Een waarna hier verwys word. Maar let noukeurig op waar Jesus ophou lees het. Verse een tot twee van Jesaja 61 sê eintlik:

*Die Gees van die oppermagtige Here het op my gekom. Die Here het my gesalf om goeie nuus te bring vir arm mense. Hy het my gestuur om dié wat hartseer is, te troos, om vir die gevangenes vryheid aan te kondig, en vrylating vir dié in die tronk; om die genadejaar van die Here aan te kondig, die dag van afrekening vir ons God.*

Let op Jesus het in die middel van 'n sin gestop. Hy het nie die deel "die dag van afrekening vir ons God" gelees nie. Hoekom? Want Hy wou by die eerste deel van daardie sin, "die genadejaar van die Here" stop. Wat is die "genadejaar van die Here"? Die Jubeljaar! Jesus het basies verklaar dat alles wat die skaduwee van die sabbatdag, die sabbatsjaar en die Jubeljaar ons gewys het, nou vervul was en dat dit nou hier is, want Hy het gekom. Die hele hoofstuk van Jesaja 61 sê vir ons wat Jesus vir ons gedoen het. Wat die dubbele deel betref, kyk na verse sewe tot nege.

*In plaas van vernedering en minagting sal my volk 'n dubbele deel ontvang van voorspoed en ewige vreugde. "Want Ek, die Here, het geregtigheid lief. Ek haat diefstal en misdaad. Omdat Ek getrou is, sal Ek my volk beloon vir hulle lyding. Ek sluit 'n verbond met hulle wat vir altyd sal bestaan. Hulle afstammelinge sal bekend wees onder die volke, en hulle nakomelinge onder die nasies. Almal wat hulle sien, sal besef dat hulle 'n volk is wat die Here geseën het."*

– Jesaja 61:7–9, NLV

Ek verstaan vir seker wat dit beteken om skaamte te voel oor uitmergelende finansiële kwessies. Ek het so baie keer verneder en in die verleentheid gevoel oor ons finansiële probleme. Ek onthou een keer toe ons omtrent 20 van ons vriende na 'n ete in 'n plaaslike restaurant genooi het. Ek onthou nie die spesiale geleentheid wat ons gevier het nie, maar ek het aangebied om daarvoor te betaal. Ek onthou ek was die heeltyd tydens die ete baie gespanne want ek het regtig nie die geld gehad om vir die geleentheid te betaal nie. Die geld wat ek verwag het uit 'n finansiële transaksie, is vertraag. Die enigste kredietkaart wat ek gehad het wat nie gekanselleer was nie, was reeds op limiet en ek het nie geweet of dit nog een keer sou werk nie. Aan die einde van die ete is die transaksie natuurlik afgekeur. Ek moes nederig en met baie skaamte een van my gaste vra om vir die geleentheid te betaal.

O, ek het baie stories soos dié, maar ek is nie seker jy het genoeg sneesdoekies naby om na so iets te luister nie. Maar prys die Here, deur Jesus, sal almal wat ons sien moet erken ons is mense wat deur God geseën is!

Die dubbele deel is joune, Jesus is jou sabbatsrus en Hy is jou dubbele deel! As jy my vorige boeke gelees het, weet jy die Here het my baie deur jag van die koninkryk van God geleer. Om die waarheid te sê,

**NET OMDAT GOD VIR JOU IETS WYS, BETEKEN NIE DIT IS DIE TYD OM DAAROP TE REAGEER NIE. HY WYS BAIEKEER VIR JOU IETS OM JOU TE LEI EN OM JOU VOOR TE BEREI.**

was jag die manier wat God eerste gebruik het om my aandag te trek met die koninkryk. Ek het toe al ’n paar jaar bokke gejag sonder sukses. Alhoewel ek tyd en geld daarop spandeer het, het ek geen sukses of wildsvleis gehad nie. Om heeltemal eerlik te wees, ek het nooit eers ’n skoot gehad nie. Hierdie spesifieke jaar toe ek begin dink het oor die opkomende jagseisoen, het God met my gepraat en gesê: “Hoekom laat jy my nie toe om jou hierdie jaar in die jagseisoen te help nie?” Ek het natuurlik geen idee gehad wat dit behels nie, maar Hy het vir my gesê om ’n tjek te neem en “Vir my 1987-bok” in die memo-gedeelte te skryf, tesame met ’n spesifieke bedrag geld, en dit na die bediening te pos waarheen Hy gesê het ek dit moet stuur. Hy het ook vir my en Drenda gesê om ons hande op daardie tjek te lê en Markus 11:24 daaroor te bid.

**Markus 11:24** sê:

*Daarom verklaar Ek vir julle, alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang, mits julle God daarmee vertrou. (NLV)*

Om ’n lang storie kort te maak, het ek daardie jaar na ’n heeltemal onbekende eiendom gegaan en my bok binne 40 minute gehad. Ek en Drenda het hierdie stappe vir die laaste 30 jaar gevolg en ek het elke jaar sedert toe my bokke altyd binne 30 tot 40 minute geoes. Deur die jare het ek gesien hoe God wonderbaarlike goed doen in die tyd wat ek gejag het, en ek het ook baie lesse oor die wette van die koninkryk daardeur

geleer. (Al die vroeëre stories is almal in my boek, *Faith Hunt*, opgeteken.)

Ek verkies gewoonlik om hier in Ohio in die warm herfskleure te jag met pyl en boog eerder as om in die koue met 'n geweer te jag. Die beperking op die hoeveelheid bokke wat jy in Ohio mag jag is milddadig en in enige gegewe jaar is die limiet ses bokke per jaar. Ek het nog nooit nodig gehad om soveel bokke te skiet om my gesin te voed nie. My vrieskas is gewoonlik redelik vol met twee of drie bokke 'n jaar. Net sodat jy kan verstaan wat ek jou nou gaan vertel, moet jy weet dat terwyl ek al daardie gejag het, het ek nooit twee bokke uit dieselfde boom op dieselfde oggend of aand geskiet nie. Terloops, as jy nie 'n jagter is nie, ja, ons jaag met die boog vanaf 'n platform in 'n boom. Gewoonlik wanneer ek 'n bok geskiet het, verlaat ek die woud en kom op 'n ander dag terug en skiet weer een. Maar die Here wou my iets leer op hierdie spesifieke jag.

Dit was een van daardie perfekte herfsdae vir jag, met 'n bietjie wolke in die lug en 'n ligte motreëntjie wat die grond van tyd tot tyd nat maak. Dit was 'n Sondagaand, en ek was 'n bietjie moeg ná ek verskeie kerkdienste daardie oggend gelei het. Ek het uitgesien om in die woud te wees. Drenda was op pad om inkopies te gaan doen en ek en sy het saamgestem dat dit 'n wonderlike aand sou wees om 'n bietjie wildsvleis in die vrieskas te kry. Ek het my kamoefleerklere aangetrek en was besig om my jaggoed reg te kry toe sy uitgestap het kar toe. Ek het buite gekom net toe sy begin om die kar uit te trek. Sy het die kar aangeskakel, die venster afgerol en vir my gesê: "Dubbele deel." Ek weet nie hoekom sy dit gesê het nie, alhoewel sy my later vertel het sy het gehoor die Here sê dit op daardie oomblik vir haar en het gelei gevoel om dit vir my te sê.

Ons het daardie jaar vir drie bokke gesaai, en hierdie was die eerste dag uit vir daardie seisoen. Ek het haar vinnig gesoen en gesê ek stem saam, en het na die woud gestap. Ek jag op my eie grond, daarom was

ek bekend met die plek waarheen ek op pad was. Terwyl ek by die boom opgeklim het na die platform, het ek my bokhoring so paar keer geblaas. Binne 15 minute het 'n groot 8-punter ingehardloop gekom, ek het 'n 40-meter skoot geskiet, en my bok was plat. Dit was fantasties! Ek het afgeklim en in die bok se rigting begin stap, maar toe onthou ek wat Drenda gesê het – die dubbele deel – en het die bok net daar gelos en teruggeloop na die boom en weer opgeklim na die platform.

Ek het gedink dat met al die geraas wat ek gemaak het toe ek afgeklim, rondgeloop en teruggeklim het na die platform, om nie eers van die reuk te praat wat ek versprei het nie, my kanse skraal sou wees om nog 'n bok te skiet in die paar minute wat oor was van die lig om in te skiet. Maar binne 15 minute wat ek terug in die boom was, het 'n jong bokkie direk onder my boom geloop, en ek het hom met 'n perfekte skoot doodgeskiet. Sjoe, twee skote en twee bokke in 'n ry van dieselfde boom af. Ek het dit nog nooit voorheen gedoen nie. Dit het my aandag getrek en ek het geweet dit is die dubbele deel waarvan Drenda gepraat het.

Ek het vir die volgende vyf jaar dieselfde ervaring gehad. Elke keer wat ek gaan boogjag het, sou ek binne minute twee bokke uit dieselfde boom uit skiet. Ek het geweet dit is nie normaal nie, en ek het begin nadink oor die dubbele deel, en besef dat God weereens vir my nog 'n les oor Sy koninkryk geleer het.

Ek het ook nog altyd van gewere gehou, en natuurlik, is ek baie lief om te jag. Ek het my eie versameling gewere wat ek vir jagdoeleindes gebruik en ek was heel tevrede met die gewere wat ek besit het. Ek en Drenda het 25 hektaar grond en omtrent 10 hektaar woud en nog sowat 6 hektaar moeras. Die moeras kan in die herfs of baie droog of vol water wees, afhangende hoe nat die somer was.

In hierdie spesifieke jaar was die somer redelik nat en daarom was die moeras vol water soos die herfs eend-seisoen begin het. Daar was elke jaar eende wat na die moeras gekom het as daar water was, maar ek het nooit eintlik enige aandag aan hulle geskenk nie. Maar hierdie jaar, met die water wat so hoog was, was daar groot swerms wat na die moeras gekom het, en ek kon dit nie weerstaan nie. Alhoewel ek hulle nooit voorheen gejag het nie, het ek gedink om af te gaan na die moeras en eendejag te probeer. Wel, dit was wonderlik. Daar was oral eende en ons het daardie jaar 'n paar eend-maaltye gehad.

Terwyl ek die eende daardie jaar gejag het, het ek agtergekom die eende was net buite my jaggeweer se trefafstand. Ek het my normale jaggeweer, wat ek gewoonlik vir hase en fisante gebruik het, ingespan. Maar soos die eende net buite die geweer se trefafstand beweeg het, het ek onthou dat ek gehoor het van 'n nuwer soort jaggeweer wat spesifiek vir eendejag ontwerp is. Hulle was gekamoefleer en in staat om die nuwe patrone wat vir eendejag geskik was, te skiet en ook 'n patrone met meer lading kon neem, wat vir langer skote toegelaat het. Ek onthou dat ek gedink het ek moet een of ander tyd daarna gaan kyk.

Wel, dit het net so gebeur dat ek 'n maand ná die jagseisoen by 'n plaaslike sportgoederewinkel was toe ek 'n rak met gewere vir watervoëls raaksien. Ek het vir 'n tydjie gekyk, maar met 'n prysetiket van $2 000 en die feit dat ek nie die geweer vir die volgende 10 maande wanneer die eendeseisoen begin het, nodig sou kry nie, het my laat besluit om eerder te wag voor ek koop. Maar sonder om te dink het ek gesê: "Here, ek wil graag daardie een hê." Ek het nie weer daaraan gedink toe ek by die winkel uit stap nie, maar 'n paar weke later het ek by 'n korporatiewe verkoopsvergadering gepraat, nie 'n kerkbyeenkoms nie, 'n korporatiewe verkoopsvergadering. Die HUB het my aan die

einde van my voorlegging bedank en gesê: “Ons wil jou graag met ’n geskenk bedank dat jy ons vanaand toegespreek het.” Ek was geskok toe hy die presiese haelgeweer wat ek twee weke tevore in die sportwinkel gesien het, uithaal. My woorde “Here, ek wil graag daardie een hê,” en die feit dat ek in die verlede gewere weggegee het, het die oes gebring.

In die eerste boek in hierdie reeks, *Jou Finansiële Rewolusie: Die krag van getrouheid*, praat ek van die beginsel wat veroorsaak het dat die geweer opdaag. Ek noem dit die sekel-beginsel, en dit word in Markus 4:26–29 gevind. Ek stel voor jy kry ’n kopie van die boek as jy dit nog nie gelees het nie. Die geweer wat opdaag het, is inderdaad merkwaardig, maar dit is nie die werklike storie waarop ek wil fokus nie. Maar dit het die storie wat ek jou wil vertel, geïnspireer.

Ná die geweer opgedaag het, het ek besef ek het daardie oes in beweging gebring toe ek op ’n dag vir ’n oomblik nagedink het oor die ander gewere wat ek graag sou wou besit. Ek het per slot van rekening dosyne gewere gesaai, en ek het gedink ek wil met die wette van die koninkryk eksperimenteer. Die enigste geweer wat ek nie in my versameling gehad het nie, was die die “oor-en-onder”-haelgeweer. Hulle is pragtige haelgewere, en gewoonlik nie goedkoop nie. Daarom het ek gesê: “Here, ek wil graag een van die “oor-en-onder”-haelgewere hê!”

Omtrent ’n maand later het ek ’n oproep van ’n vennoot van die bediening ontvang, en hy het gesê hy wou vir my ’n haelgeweer koop, ’n “oor-en-onder” een. Ek was opgewonde en hy het gesê hy sou dit pos. Wel, ’n paar dae later het ek twee pragtige “oor-en-onder”-jaggewere in die pos ontvang! Let op, ek het twéé haelgewere ontvang. “Sjoe!” het ek gedink. Ek het die vennoot geskakel en bedank vir die pragtige haelgewere wat hy gestuur het. ’n Paar dae later het hy nog twee gestuur. Toe ek hom weer bel om hom te bedank, het hy gesê: “Ek was so

beïndruk dat jy my gebel het om my persoonlik te bedank, ek wou vir jou nog twee stuur." Ek was so oorweldig met die geskenke, maar ek het 'n patroon hier begin sien. Elke keer twee haelgewere? Klink soos die dubbele deel.

Omtrent twee maande gelede het ek een oggend by 'n kerk gepreek en ek sou daardie aand in dieselfde stad by 'n ander kerk preek. Ná die oggenddiens stap 'n man na my toe en sê: "Ek gaan vir jou 'n pragtige Browning semi-outomatiese haelgeweer wat ek besit, stuur." Ek was weereens opgewonde. Snaaks genoeg, in die aanddiens by die ander kerk het 'n ander man na my toe gestap en gesê: "Ek het 'n splinternuwe jaggeweer gekoop. Dit is nog in die boks waarin ek dit gekoop het en ek wil dit vir jou gee." Dit was 'n pragtige, Marlin 30/30 teleskoopgeweer, 'n geweer wat ek nog altyd bewonder het, maar nog nooit besit het nie. Weereens, ek was verras, maar ek het die patroon begin sien – die dubbele deel.

Dieselfde ding het net 'n paar weke daarna gebeur – twee haelgewere is op dieselfde dag vir my gegee. Wel, al wat ek kan sê, ek is 'n man wat met wonderlike haelgewere geseën is. Maar soos elke storie wat ek vertel, vra ek altyd: "Hoe het dit gebeur?" Ek het jou natuurlik vertel dat ek al baie gewere in die verlede gesaai het, maar nooit gesê "Here, ek wil graag daardie een hê" nie tot daardie keer nie. Hier is dit weer die sekel-beginsel wat jy moet weet. Maar behalwe die sekel-beginsel het ek uit die dubbele deel geput op 'n baie duidelike en voor die hand liggende manier en ek wou presies weet hoe ek dit gedoen het. Ek glo die Here het my gewys dat so baie van ons hierdie baie belangrike aspek van oes in die koninkryk gemis het, en ek gaan in die volgende hoofstuk tyd spandeer aan daardie onderwerp. Maar voor ek dit doen, moet ek eers met jou deel hoe die res van daardie jaar afgeloop het.

Ná ek die haelgeweer deur die pos ontvang het, het hierdie storie plaasgevind – en dit is een van die wonderbaarlikste stories wat gebeur het om te sien hoe die dubbele deel op 'n duidelike, voor die handliggende, geen vrae gevra nie, opdaag. Hierdie storie het te doen met my voertuie, spesifiek my pêrelwit Cadillac Escalade waarvan ek so paar hoofstukke gelede vertel het. Soos ek vroeër in die boek gesê het, het ek en Drenda nie veel belangstelling in karre nie. Ons bestuur hulle gewoonlik tot hulle ophou ry of nie meer goed lyk nie.

Weereens, vir hierdie storie, moet ek noem dat ek en Drenda voorheen verskeie karre weggegee het en nie regtig 'n duidelike eis op ons geloof geplaas oor wat ons uit daardie skenkings wou oes nie. Maar as jy daardie storie onthou, toe ons daardie gehuurde Escalade tydens ons konferensie bestuur en gesê het: "Ons hou hiervan; ons dink ons moet so een kry," het ons nie regtig verwag iemand moet ons net bel en sê hulle wil vir ons een koop nie. Maar dit is natuurlik wat gebeur het. En ons het ook nie vir enigiemand gesê ons wil een hê nie. Daarom, soos ek vertel het, het die pêrelwit, kort weergawe Escalade opgedaag en is en was dit wonderbaarlik. Ek hou baie van die kar.

Maar daar is 'n wonderliker synota tot daardie storie wat hierdie afgelope somer gebeur het. Ons het hierdie Escalade al vir omtrent 'n jaar en 'n half gery teen hierdie tyd en ek het een dag opgelet dat die "check engine"-liggie aangekom het. "Nie te ernstig nie," het ek gedink maar ek wou daarna laat kyk en het dit na 'n handelaar geneem. Hulle het gesê dit is nie regtig 'n probleem nie. Die sensor het 'n klein bietjie olie in die uitlaatpyp

**EK JAAG DIE KONING EN SY KONINKRYK NA, MAAR IN DIE KONINKRYK VIND EK MEER AS GENOEG, DIE DUBBELE DEEL!**

opgetel, maar dit sou nie ’n probleem veroorsaak nie. Die enjin sou solank hou as wat ek die kar wou ry. Ek het hulle gevra hoekom dit die olie sou optel. My Escalade het ’n markvervangingsuitlaatpyp op gehad en hulle het gedink dit was die rede dat die sensor dit opgetel het. Hulle het weer gesê die enjin self was 100% en dat dit lank sou hou.

Op ’n dag, in ’n informele gesprek met die man wat vir my die voertuig gegee het, het ek die sensorlig-kwessie genoem. Hy het gesê: “Ja, ek het al by ’n paar ander GMC-voertuie gesien.” “Om die waarheid te sê,” het hy gesê, “is dit baie algemeen in die ouer modelle.” Hy het voortgegaan en gesê dit sal nie die kar op enige manier beïnvloed nie en dat ek die kar nog vir die volgende 10 jaar sonder ’n probleem sou ry.

Hy het geweet ek en Drenda het pas ’n huis in Florida gekoop. Die volgende oomblik het hy gesê: “Kom ek sê jou wat. Ry jy hierdie een na Florida en gebruik dit daar, en ek sal vir jou ’n ander een koop om hier in Ohio te ry.” Ek was verstom. Ja, ek het nou twee pêrelwit, kort weergawe Escalades wat op elke manier perfek is, behalwe die sensorliggie wat elke nou en dan aankom in die eerste een. Hulle is albei perfek op elke manier! Weereens was dit een van daardie “Het jy dit gesien?”-oomblikke. Ek en Drenda moet onsself elke keer knyp wanneer ons een van daardie pragtige motors ry. Ons het nie vir een van daardie voertuie betaal nie. Maar in hierdie geval het ons geweet dit is die dubbele deel.

My vriend, ek vertel jou nie hierdie stories om te spog nie. Ek is geseënd! Ek geniet die dubbele deel, wat is dat ek meer as genoeg het, soos jy weet. Ek het ’n brandkluis vol gewere, wat meer as genoeg is. Ek het twee identiese Escalades waarvoor ek nie betaal het nie. Ek dink jy sal saamstem dit is meer as genoeg! En dit is nie dat ek jou aanmoedig om na materiële dinge te soek nie. Ek doen dit nie. Ek hou nie vas aan goed nie

en ek aanbid nie goed of jaag dit na nie. Ek jaag die Koning en Sy koninkryk na, maar in die koninkryk vind ek meer as genoeg, die dubbele deel!

Maar wag, ek is nog nie klaar met my getuienis van die Here se goedheid en die dubbele deel nie.

My vrou wou vir die afgelope 20 jaar 'n strandhuis gehad het. Nee, kom ek stel dit anders. Sy wou nog altyd een hê! Sy is baie lief vir die see! In elk geval, sy hou al vir jare see-eiendomme dop. In die verlede, as daar 'n goeie transaksie op 'n huis was wat sy wou gehad het, was ons geld vas in bedieningsprojekte en ons het gewag. Wel, hierdie jaar was ek eendag in die kelder besig om te bid terwyl ek my oefenfiets gery het. Eweskielik het die Here baie duidelik en sterk gepraat: "Sê vir Drenda om na Florida te gaan, na die dorp waar sy begeer om 'n huis te hê, en sê vir haar om hierdie week haar see-eiendom te koop." Sjoe, hierdie week? Daar was 'n sterk dringendheid in my gees toe ek dit hoor. Ek het vir Drenda vertel wat die Here vir my gesê het, en ons het 'n vriend van ons gekontak wat in daardie stad woon om te sien of sy vir Drenda vir 'n paar dae sou rondry om na huise te kyk. Sy het gesê sy doen dit met graagte.

Drenda het aanlyn gegaan en 'n lys van ongeveer 25 huise gemaak waarna sy wou kyk.Toe sy daar aankom, het sy die lys verminder na 5 wat 'n moontlikheid was en daar was een waaroor sy absoluut gaande was. Op daardie punt het ek afgevlieg en by haar aangesluit en sy het vir my die 5 huise waarvan sy gehou het en die een waaroor sy gaande was, gewys. Ons het die opsies verminder na 2 – die een waaroor sy gaande was en die ander een wat mooi was, maar nie so mooi soos die een waaroor sy gaande was nie. Ek moet erken, toe ek die een sien waaroor sy gaande was, het ek geweet dit is Drenda se smaak, en ons het 'n aanbod op die huis ingesit. Die eienaar het ons aanbod aanvaar en ons het 'n kontrak aangegaan om ons nuwe huis te koop.

’n Paar weke daarna, toe ons in ons huis in Ohio was en net gerus het, het Drenda haar asem ingetrek en gesê: “Dit is my huis!”

“Ek weet,” het ek gesê, “Dit is jou huis. God het vir my gesê ek moet vir jou jou strandhuis koop daardie week toe ek jou see toe gestuur het.”

“Nee,” het sy gesê, “Jy verstaan nie; dit is my huis daardie.” Sy het verduidelik dat sy al vir ’n paar jaar na huise in daardie area gekyk het, en op ’n dag het sy ’n foto van die huis wat ons pas gekoop het in ’n agentskap se advertensie gesien. Toe sy dit sien, was sy gaande daaroor. Sy het van alles gehou, die Spaans-Mediterreense argitektuur, die vloerplan, die ligging, alles. Sy onthou hoe sy haar vinger daarop geplaas en gesê het: “Here, ek wil daardie huis hê!” Maar sy het geweet die huis was te duur en ons het reeds ons kontant tot ander projekte verbind, en daarom het aangehou soek na huise in ons prysklas op daardie tydstip. Maar daar was geen ander huis wat haar aandag getrek het nie, en ons het nooit ’n aanbod ingesit op een nie. Ons het net nie vrede gehad oor ’n huis nie.

Jy moet ook weet dat ons twee jaar vroeër ’n saad gesaai het vir ’n strandhuis in hierdie dorp. In daardie stadium was ons belydenis dat ons ’n strandhuis in hierdie dorp het, ons het dit reeds, en ons het dit ontvang die dag toe ons daarvoor gesaai het. Ek kan die presiese plek en oomblik onthou het toe ons hande geneem het en in ooreenstemming gekom het vir Drenda se strandhuis. Maar noudat ons ’n kontrak gesluit het, het Drenda skielik die prentjie wat sy twee jaar tevore gesien het onthou, en sy het besef dis dieselfde huis, haar huis!

Ná ons die geskiedenis van die huis nagevors het, het ons uitgevind die eienaar het inderdaad die huis ’n paar jaar tevore in die mark gesit, maar dit het nie verkoop nie en hy het dit uit die mark gehaal. Dit was toe dat Drenda die prentjie van die huis gesien het in die advertensie.

Maar die eienaar het besluit om dit weer in die mark te sit en dit verduidelik waarom ek ’n skielike dringendheid gehad het om Drenda see toe te stuur met die opdrag: “Jy moet hierdie week ’n huis koop.” Sy sal vir jou vertel dit is nie hoe ek normaalweg geld spandeer nie. Tydsberekening is alles. Hierdie keer was daar nie enige geld betrokke in ander projekte nie en dit was beskikbaar vir die huis. Ek is seker daar het baie mense na die huis gekyk en dit was die rede vir die dringendheid. Die wonderlikste is dat die prys nie opgegaan het van die prys wat twee jaar tevore gelys is toe sy dit die eerste keer gesien het nie. Ek glo God het dit vir haar uitgehou!

Maar hier is die dubbele deel gedeelte van die storie. Terwyl ons huis onder kontrak was en ons gewag het dat dit registreer, het ons ’n oproep van Drenda se moeder ontvang. Hulle het die vorige 32 jaar ’n huis in Kanada besit. Ons was oor die jare ’n hele paar keer daar en het baie van die huis en die ligging gehou. Die huis was op ’n eiland reg op die water. Om die waarheid te sê, die see is omtrent 10 meter van die agterste dek af. Drenda se ouers was besig om ouer te raak en hulle het besluit hulle sien nie meer kans vir die onderhoud en uitgawes van ’n huis wat so ver weg was nie. Hulle het na ons toe gekom en ons gevra of ons enigsins geïnteresseerd sou wees om dit te koop. Ek het nee gesê. Dit was ’n 31-uur rit van Ohio af en alhoewel ek lief was vir die plek, kon ek bloot nie sien hoe dit iets sou wees wat ek dikwels sou by uitkom nie as gevolg van die afstand nie. Hulle het toe die huis by ’n eiendomsagent gelys, maar ná twee jaar was daar geen koper wat belang gestel het nie.

**MOENIE DINK DIE DUBBELE DEEL IS BEPERK DAARTOE OM TWEE VAN IETS TE HÊ NIE. IN WERKLIKHEID IS DIE DUBBELE DEEL EENVOUDIG OM MEER AS GENOEG TE HÊ.**

So, nou toe ons wag dat ons strandhuis registreer, het hulle gebel en verduidelik dat hulle probeer het om die huis te verkoop, maar sonder sukses en hulle was bereid om die prys in die helfte te sny as ons dit wou koop en in die familie hou. Toe ek daaroor dink, het ek besef my kinders het ook daar grootgeword, en dit wás 'n pragtige plek. Ek en Drenda het daaroor gebid en gesê ons sou dit neem. Ons het net genoeg kontant beskikbaar gehad om die plek te koop. Behalwe dit het ons die vorige jaar 'n vliegtuig vir my maatskappy gekoop, wat ons toegelaat het om daar te kom in 5 ure, in plaas van die 31 wat dit met die kar sou neem. Dit het baie meer prakties gemaak.

Ná albei huise in ons naam geregistreer is, het ek eendag in my kantoor gesit. Dit het my skielik getref: "Wag so bietjie, dit is die dubbele deel!" My vrou het vir jare gedroom oor 'n strandhuis. Nou, in twee maande, het sy 'n huis in die suidelike deel van die VSA besit, wat warm in die winter was, maar té warm in die somer. Maar die huis in Kanada was die perfekte temperatuur in die somer, maar te koud in die winter. Ons het besef dat sy nou 'n huis vir albei seisoene gehad het. Verstommend. Ons het definitief gesê "Het jy dit gesien?" toe daardie twee plekke geregistreer was. Ek dink jy sal saamstem dit lyk en ruik na die dubbele deel! Fantasties!

Ek het verskeie voorbeelde gebruik van hoe God twee van iets na my en Drenda gebring het, wat ek glo God het gebruik om ons duidelik sien hoe die dubbele deel funksioneer. Maar ek wil seker maak jy dink nie die dubbele deel is beperk tot twee van iets nie. In werklikheid is die dubbele deel eenvoudig dat jy meer as genoeg het. God het hierdie duidelike voorbeelde van twee van iets gebruik om my aandag te vestig op die dubbele deel. Maak nie saak wat dit is nie, as dit oorvloedig verskaf word, is dit die dubbele deel. Ek hoop jy begryp die realiteit

van die dubbele deel en die sabbatsrus. Die lewe is so wonderlik in die koninkryk! Soos ek hierdie hoofstuk skryf, sit ek in ons huis in Kanada en kyk deur die venster na die see. Daar is seemeeue en eende wat vyf meter van die huis af op die strand speel. Daar is vrede, geen gesukkel, dit is klaar betaal en dit is ’n seëning. Ek voer my opdrag uit om die goeie nuus van my Vader se koninkryk te deel, ’n seun in Sy huis, ’n burger van Sy groot koninkryk, en ek geniet die dubbele deel!

Ek en Drenda kan so baie stories vertel van hoe die koninkryk van God en die wette wat dit bestuur ’n impak op ons lewens gehad het, asook die duisende mense wat ons e-pos en van hulle stories verstel. Soos ek gedeel het, jy kan al hierdie dinge in die Bybel lees, maar dit is so opwindend om te sien hoe die Bybel voor ons oë afspeel.

Ek wil net ’n synota hier invoeg. Dit is regtig ’n groot dobbelspel aan my kant om vir mense te vertel hoe God my en Drenda geseën het en die reis wat ons moes deurgaan. Mense neem dit baiekeer verkeerd op. Hulle dink partykeer ons is trots of ons spog. Of hulle dink ons het hulle tiendes of offergawes geneem en dit op onsself gespandeer. Verstaan asseblief dat ek en Drenda geen geld uit ons TV-uitsending neem nie, ons ontvang geen geld uit die verkoop van ons hulpbronne nie. Ja, ons ontvang ’n salaris, natuurlik, by die kerk waar ons bedien. Maar ons besit besighede en het nog altyd, en God seën dit. Ek wil net seker maak jy ken ons harte wanneer ons ons persoonlike stories deel. Ek het gevoel ek moet julle vertel wat ons werklik sien gebeur het, en wat God ons oor daardie gebeure geleer het. Die resultate wat ek met julle deel is nie Gary en Drenda Keesee se resultate nie; ons is nie só goed nie! Nee, wat ons gesien het en nou geniet is die resultaat van ons Vader en Sy koninkryk in ons lewens. Ons deel hierdie stories want ons wil hê jy moet dit snap! Hey, ons het uit niks gekom nie, en die enigste rede

hoekom ek hierdie boek skryf, is vir jou! Ek wil hê jy moet weet hoe dit werk sodat jy kan verstaan en ook kan ontvang wat God vir jou het.

Verstaan dat ek armoede met 'n passie haat. Daardie nege jaar van lewe in konstante stres en vrees was hel op aarde, letterlik! Ek hoop jy sal onthou dat die sabbatsrus is joune en ook myne! In die volgende hoofstuk gaan ek jou help verstaan hoe om uit die sabbatsrus te put.

Nog 'n synota tot hierdie hoofstuk. Toe ek die vorige sin neergeskryf het, het my sekretaresse by my kantoor ingekom en gesê daar het 'n boks vir my aangekom. Ek was verras om dit oop te maak en twee baie mooi haelgewere daarin te vind. Sjoe, dit was bemoedigend! Dit was asof die Here die "Amen" geplaas het op dit wat ek pas gesê het.

Ná hierdie boek drukkers toe is en ek die eerste vrag boeke ontvang het, was ek opgewonde om hierdie beginsels vir die eerste keer by ons Atlanta Revolution-konferensie te leer. Ek was ook opgewonde om my nuwe boek by my te hê om vir die mense beskikbaar te maak. Ek was reeds op pad na die saal om te preek toe my sekretaresse my laat weet het daar is 'n oproep vir my van die man wat my eerste stel gewere vir my gegee het en hy wou graag dadelik met my praat. Ek het hom vinnig gebel. Hy was so opgewonde toe hy verduidelik het dat hy pas by die UPS-kantoor was en nog twee gewere vir my gepos het! Behalwe dit het hy ook vir Drenda 'n geweer gestuur, en omdat hy weet sy jag nie, het hy vir haar $1 500 in honderddollarnote gestuur. Ek was geskok. Ek het gevoel dit is weer God wat bevestig wat ek doen en op 'n manier vir my sê om aan te hou. Mense moet hierdie goed weet – God wil hê jy moet dit weet! In elk geval, toe ek tuis kom, was ek opgewonde om die boks oop te maak. Ek en Drenda het die twee mooiste bypassende Browning "oor-en-onder"-haelgewere ontvang wat ek nog ooit gesien het! Albei gewere was splinternuut. Ek het ook 'n Browning goue

semi-outomatiese 20-boor en dan, natuurlik het Drenda haar $1 500 gehad. Dubbele deel!

Jy wonder dalk hoekom ek so baie gewere het. Wel, ek moet erken ek het nou heelwat baie mooi haelgewere, en glad nie goedkoop nie, en ek het dieselfde vraag gevra. God het vir my gesê Hy het so baie duur en pragtige haelgewere gestuur om my te laat sien net hoe eindeloos sy hulpbronne was, dat Sy voorsiening ver bo my verwagting is en so ver bo oorlewing. Ek begryp dit! Ek sien dit!

## HOOFSTUK 10

# DIE GEHEIMENIS VAN DIE DUBBELE DEEL

Ek het nou die sabbatsrus gedek en hoe dit moontlik is deur die dubbele deel. Die vraag wat nou in jou gedagtes moet wees, is: "Hoe put ek uit die dubbele deel?" Wel, ek is bly jy het gevra! Om die antwoord op hierdie vraag te kry, kom ons gaan terug na die verhaal waar Jesus 5 000 mans met vyf brode en twee visse gevoer het.

*Toe dit al baie laat was, het Jesus se dissipels vir Hom kom sê: "Dit is 'n afgeleë plek hierdie en dit is al baie laat. Stuur die mense terug sodat hulle op die plase in die omtrek en in die dorpies vir hulle iets te ete kan koop."*
*Maar Hy sê vir hulle: "Gee julle vir hulle iets om te eet."*
*Hulle antwoord Hom: "Moet ons met twee honderd mense se dagloon brood gaan koop om vir hulle iets te ete te gee?"*
*Hy vra vir hulle: "Hoeveel brood het julle? Gaan kyk."*
*Nadat hulle gaan kyk het, sê hulle: "Vyf, en twee visse."*
*Hy het hulle opdrag gegee om al die mense klompies-klompies op die groen gras te laat sit om te eet. Die mense het in groepe van honderd en in groepe van vyftig gaan sit. Toe het Hy die vyf brode en die twee visse geneem, na die hemel opgekyk en die*

*seën gevra. Daarna het Hy die brood gebreek en dit vir sy dissipels gegee om aan die mense voor te sit. Hy het ook die twee visse onder hulle almal verdeel. Al die mense het geëet en genoeg gekry. Hulle het nog twaalf mandjies vol bymekaargemaak van die stukke brood en die vis. Van dié wat van die brood geëet het, was net die mans vyf duisend.*

– Markus 6:35–44, 1983-vertaling

Ons het vroeër oor hierdie verhaal gepraat, maar daar is 'n paar groot leidrade hier oor die dubbele deel. In die verhaal het Jesus die brood en vis bonatuurlik vermenigvuldig, en die mense het almal geëet totdat hulle versadig was. Ek neem aan daar was ongeveer 20 000 mense, vroue en kinders ingesluit; en dit was vir seker 'n Goddelike ding dat so baie mense van vyf brode en twee vissies gevoed is. En daarvoor kan ons die koninkryk en hoe dit funksioneer, eer. Maar die feit dat die mense gevoed is, is nie die volle prentjie van wat daar gebeur het nie, en as jy daar stop, sal jy die dubbele deel mis. Kom ons delf 'n bietjie verder.

**DAAR IS 'N BETER MANIER OM TE LEEF AS NET OM TE MIK OM VERSADIG TE WEES. JY KAN NIE VEEL BOU MET 'N INGESTELDHEID VAN NET VERSADIG WEES NIE. VISIE IS STEEDS BEPERK OP DIE VERSADIG-VLAK VAN NET FOKUS OP VANDAG.**

*Al die mense het geëet en genoeg gekry. Hulle het nog twaalf mandjies vol bymekaargemaak van die stukke brood en die vis. Van dié wat van die brood geëet het, was net die mans vyf duisend.*

Wat vertel dit ons? Dat nadat almal versadig was, nog 12 mandjies vol brood- en visstukke opgetel is. Die definisie van die dubbele deel is om meer as genoeg te hê. Genoeg is om versadig te wees, maar die 12 mandjies wat oorgebly het nadat die mense versadig was, is die dubbele deel, die meer as genoeg. Laat daardie verskil asseblief vir 'n rukkie in jou gedagtes insink. Ek wil hê jy moet 'n duidelike prentjie in jou gedagtes kry van versadig versus die dubbele porsie. Ek het nie baie tyd hier om in diepte in te gaan oor hoe Jesus die krag van die koninkryk in daardie situasie ingebring het om die eerste deel van die verhaal uit te voer nie – 5 000 mense wat versadig is. Maar jy kan die volle verduideliking in my eerste boek in hierdie reeks, *Die Finansiële Rewolusie: Die krag van getrouheid*, vind.

In plaas daarvan wil ek op die dubbele deel fokus, die oorvloed, en hoe dit in hierdie verhaal gebeur het. Ja, dit is 'n wonderlike verhaal – 20 000 mense wat gevoed is, sjoe! Maar daar is meer in die koninkryk as om net versadig te wees, alhoewel jy definitief versadig moet word voor jy na die oorvloed kan gaan. Om versadig te wees, is wonderlik, maar wat van môre? Wat ek probeer sê is dat as jou doel is om net versadig te wees, wat gebeur as jy weer honger word? Baie Christene verkeer in 'n toestand van versadig wees, maar mis die dubbele deel. Dit is die dubbele deel wat die sabbatsrus van God bring. Om versadig te wees, is net 'n tydelike oplossing. Dit los nie die voorsieningsprobleem op nie. Om te weet jy gaan weer honger word, selfs al is jy nie nou honger nie, maak steeds die deur na vrees oop en veroorsaak dat jy hardloop en werk met 'n oorlewingsmentaliteit. Nee, daar is 'n beter manier om te leef as om net te mik om versadig te wees. Jy kan nie veel bou met 'n ingesteldheid van net versadig wees nie. Visie is steeds beperk op die versadig-vlak wat net fokus op vandag. As jy net 'n doelwit

het om versadig te wees, is dit steeds ’n doelwit van oorlewing in die aardse vloekstelsel van pynlike inspanning en sweet.

## Versadig eet vir vandag; die dubbele deel bou ’n môre!

Kom ek gee jou ’n voorbeeld van hoe die kultuur en meeste van die kerk dink. Vra enigeen hoe hulle finansieel doen, en jy gaan baie antwoorde kry, moontlik nie baie goeies nie. Maar as jy enige goeie een kry, iemand wat sê. “Dit gaan uitstekend!” vra hulle, “So hoe lank is jou huis al betaal?” Hulle sal moontlik na jou staar en sê: “Wel, my huis is nog nie betaal nie. Ek het net bedoel ons betaal ons rekeninge en het so bietjie geld in die bank.”

“Wonderlik,” sê jy, “julle doen regtig goed. Sê my, het jy meer as $10 000 in die bank?” Natuurlik sal niemand dit vra nie, veronderstel ek, maar as jy dit doen en hulle antwoord, sal hulle sê: “Nee, maar ons het $800. Ek is ernstig, hierdie mense dink hulle doen finansieel wonderlik want hulle het ’n mooi kar, ’n groot huis en ’n paar dollar in die bank. Hulle leef die versadig-leefstyl. Maar daar is meer! Hoe klink dit dat jou huis afbetaal is, met $100 000 in die bank, of $500 000 in die bank? Dit sal die meer-as-genoeg-prentjie vir die meeste mense wees. Versadig is goed en noodsaaklik, maar om 12 mandjies brood en vis in die spens te hê, is meer as genoeg, en daar is vrede!

Ek het eendag met ’n kliënt gesit en was besig om sy finansies met hom te bespreek. Soos ek deur sy skuld gewerk het, het ek opglet dat hy sowat $40 000 se kredietkaartskuld gehad. En soos ek deur sy bates gewerk het, het ek opgelet hy het sowat $40 000 in sy tjekrekening gehad. “Joe,” het ek gesê, “jy hoef nie hieroor te dink nie. Jy het die kontant om jou drie kredietkaarte heeltemal klaar te betaal. Die

rentekoers op jou kredietkaartskuld is 18% en jou tjekrekening se rentekoers is 1%. Betaal die kredietkaarte met die kontant af!" Maar weet jy wat? Joe het gesê hy wil dit nie doen nie. Ek was verward en het hom gevra hoekom. Hy het gesê dat die kontant in sy tjekrekening hom veilig laat voel en finansieel ryker. Ek het net na hom gestaar. "Wat bedoel jy dit laat jou ryk voel? Dit is 'n illusie. Alhoewel jy die $40 000 in jou tjekrekening het, het jy nie regtig $40 000 nie, want jy skuld die kredietkaartmaatskappye $40 000. Jou persepsie is vals en jy betaal baie geld om daardie persepsie te glo."

Ons het vir sowat 'n uur gepraat en hy kon nooit verstaan hoekom hy dit moet oorweeg om ten minste die meeste van die inhoud van sy tjekrekening teen die skuld moet afbetaal nie, en hy het my herinner hoe hard hy daarvoor gewerk het. Ek na nog 'n uur opgegee en huis toe gegaan. O, ek weet dit voel goed as die staat in die pos kom en dit wys $40 000 in die bank. Maar om 'n ware prentjie te kry van waar hy was, moes hy die kredietkaartrekening ook oopmaak.

Versadig is wonderlik, maar dit kan jou na 'n valse sin van sekuriteit lei. Jy moet eers in die pad af kyk en weet dat dit wat jy pas ingeneem het, nie in staat sal wees om vir jou te voorsien vir dit wat jy oor 'n paar uur nodig sal kry nie. Jy gaan weer honger wees. As jy net soek na 'n vinnige oplossing, die vinnige satisfaksie van voorsiening, gaan jy die enigste ding mis wat eintlik jou lewe kan verander – die dubbele deel.

Ons het almal in die aardse vloekstelsel van pynlike inspanning en sweet grootgeword, ons het gedroom van een ding – om te stop! Ek het dit in 'n vorige hoofstuk genoem. Ons het nie gedroom van meer werk of 'n ander geleentheid nie want, om reguit te wees, ons is alreeds oorweldig deur die lewe en hou maar net uit tot die volgende vakansie. Jy sien, slawe droom nie van meer werk nie. Slawe droom van een ding

– Vrydagaand, nie Maandagoggend nie. Hoekom? Want slawe droom van net een ding – om te stop. Luister, die oorweldigende en "kannie-wag-om-te-stop-nie"-ingesteldheid gaan jou nooit êrens bring nie. Selfs al kom 'n engel by jou kamer in en vertel jou van 'n idee van God, sal jou ingesteldheid jou steeds terughou. Skryf dit neer.

## JY MOET VERBY DIE VERSADIG KYK OM DIE DUBBELE DEEL VAS TE VANG!

Hierdie stelling is die sleutel tot die dubbele porsie. Ek weet dit maak nie nou baie sin nie, maar dit sal. Om jou te wys wat ek bedoel, wil ek nog een keer na die verhaal van die 5 000 mense wat gevoer is, kyk in die boek Johannes, in plaas van die boek Markus. In Johannes se perspektief van die verhaal vind ons dieselfde storie maar met 'n paar details wat ons nie in Markus s'n vind nie.

*Toe het Jesus die brode geneem, en nadat Hy die seëngebed uitgespreek het, het Hy dit laat uitdeel aan dié wat daar gesit het, en ook van die visse laat uitdeel, soveel as hulle wou hê. En toe almal versadig was, sê Hy vir sy dissipels: "Maak die brokstukke bymekaar wat oorgebly het, sodat niks vermors word nie."*
– Johannes 6:11–12, 2020-vertaling

In hierdie weergawe van die verhaal, sien ons dit was Jesus wat hulle aangesê het om die stukke, of fragmente, bymekaar te maak sodat niks vermors word nie. Ek wil hê jy moet hierdie verstaan. Hy moes hulle aansê om dit te doen, want hulle het nie die geleentheid gesien nie. Plaas jouself in hulle skoene. Hy is versadig en tevrede, en al wat jy

wil doen is om te gaan lê en 'n slapie te vang. As gevolg van jou aardse vloek-opleiding en jou slawerny-mentaliteit, wanneer jy versadig is, is dit tyd om te stop. Jy sien, die slaaf-mentaliteit werk net wanneer hy moet, en wanneer dit nie hoef te werk nie, wanneer hy tevrede is, stop hy. Jesus moes hulle aansê om dit wat reg voor hulle oë was, bymekaar te maak. Die fragmente was reg rondom hulle op die grond, tog het hulle geen poging aangewend om dit op te tel nie. Maar dan, in hulle gedagtes, wat was die fragmente in elk geval werd en moet dit nie net vir die voëls gelos word nie?

Jesus het probeer om hulle iets te leer, iets baie belangrik. Jesus gee kommentaar ná hy hulle aangesê het om die stukke op te tel – sodat niks vermors word nie. Maar wat beteken dit. Almal is versadig, almal is tevrede, en niemand wil nog brood en vis hê nie, ten minste nie nou nie. Maar hier is die probleem – daar is geen sabbatsrus sonder dat jy meer bymekaar maak as wat jy nodig het nie. Toe die Israeliete die manna op die sesde dag bymekaargemaak het, het hulle opdrag gekry om meer as wat hulle nodig gehad het, op te tel. Daardie meer bymekaarmaak was wat hulle nodig gehad het op daardie dag, en was hulle voorsiening vir die sewende dag, die dag van rus. Jesus het sy dissipels geleer om verby die versadig en tevrede te kyk en die volle voorsiening van die koninkryk te sien. Weereens, jy kan nie op versadig en tevrede bou nie, maar jy kan bou met die dubbele deel. Versadig het vandag se brood opgeëet, maar die 12 mandjies wat oorgebly het, gee jou opsies vir môre.

Hier is die sleutelbeginsel wat ek wil hê jy moet sien.

Alhoewel die dissipels nie die fragmente raakgesien het totdat Jesus dit uitgewys het nie, **het God reeds vir hulle die sabbatsrus gegee**, die dubbele deel. Hulle het dit bloot nie gesien nie. Die koninkryk het

reeds die kos voorsien, die brood en vis vermenigvuldig, en al daardie mense gevoer – maar die koninkryk voorsien altyd die dubbele deel. God gaan nooit net die versadig voorsien nie; **Hy sal altyd meer as genoeg voorsien**. Die probleem is dat jy dit dalk nie raaksien nie!

*"Gee, en aan julle sal gegee word – 'n goeie maat, saamgepers, ingeskud en tot oorlopens toe vol, sal in julle skoot val. Want met die maat waarmee julle meet, sal vir julle afgemeet word."*
– Lukas 6:38, 2020-vertaling

"Gee, en aan julle sal gegee word – 'n goeie maat, saamgepers, ingeskud . . ." Maar dit is nie waar hierdie vers stop nie. Jou goeie maat, saamgepers en ingeskud, is jou voorsiening vir die dag. Maar die vers sê verder "tot oorlopens toe vol". Die tot oorlopens toe vol is die dubbele deel. God gee altyd die dubbele deel, nooit net genoeg nie!! Maar as jy nie bewus is daarvan nie, dat die graan oorloop nie, kan jy dit net so op die grond laat val want jy is geheel en al gefokus op die versadig-porsie wat voor jou is en nie bereid om die oorloop te vang nie. Wanneer dit gebeur, sal jy nie die dubbele deel kan vang en geniet nie. Maar as jy besef hoe die koninkryk funksioneer, weet van die volle voorsiening en dit verwag, sal jy bereid wees om op te tree en alles te vang wat God voorsien.

Kom ek gee jou nog 'n voorbeeld.

*"Meneer," het Simon geantwoord, "ons het die hele nag hard gewerk en het niks gevang nie. Maar as u so sê, sal ons weer probeer." En hierdie keer was hulle nette so vol dat dit begin skeur het! Hulle het hul maats in die ander skuit geroep om te kom help en gou was albei skuite so vol vis dat dit amper gesink het. Toe Simon Petrus besef wat*

*gebeur het, val hy op sy knieë voor Jesus en sê: "Here, gaan asseblief weg van my af – ek is 'n te groot sondaar." Want hy was verbyster deur die groot visvangs, net soos die ander by hom. Sy kollegas, Jakobus en Johannes, die seuns van Sebedeus, was net so verbaas.*

– Lukas 5:5–10, NLV

Dit is 'n gedeelte van die storie wat ons vroeër gelees het. Petrus het twee bote gehad wat amper gesink het van die vis uit die koninkryk. Dit was die teenoorgestelde van sy begrip van visvang en dit het hom verbaas. Maar wat sal die volgende keer gebeur wanneer Jesus sê: "Hey, Petrus, gaan uit na diep waters toe en jy sal soveel vis as wat jy wil hê, kan vang"? Dink jy hy gaan net twee bote uitneem? Ek twyfel. Hy sal soveel bote bymekaarmaak as wat hy by sy vriende kan leen. Hoekom? Want hy sal 'n ander verwagting en kennis hê van hoe die koninkryk werk.

Die punt van hierdie hele bespreking is om seker te maak jy verstaan dat jy nie al die voorsiening sien wat God stuur nie. Daardie voorsiening sal natuurlik nie altyd in die vorm van dollarnote wees nie. Maar dit sal in die vorm van idees, Goddelike afsprake en leiding deur die Heilige Gees wees. As ons nie voorbereid is met behoorlike begrip van die dubbele deel nie, sal ons verby dit loop as gevolg van ons aardse vloek-opleiding.

In die verhaal waar die brood vermenigvuldig is, probeer Jesus Sy dissipels leer hoe die koninkryk funksioneer, wat om te verwag, en wat om vooruit te sien. As gevolg van hulle slawe-mentaliteit het hulle nie die potensiaal van die brood wat rongelê het, gesien nie. Hy moes hulle leer om te kyk: "Wat sien julle? Kyk! Julle sien nie alles wat God vir julle voorberei het nie."

Ek wil jou vir 'n oomblik herinner aan Exodus 16 want daar is nog een ding wat ek wil uitwys.

*Hulle het dit elke oggend bymekaargemaak, elkeen soveel as wat hy kon eet; maar as die son warm word, het dit weggesmelt. Op die sesde dag het hulle twee keer soveel brood bymekaargemaak, twee omer vir elkeen. Al die leiers van die volksvergadering het gekom en dit vir Moses vertel. Hy sê toe vir hulle: "Dit is wat die Here gesê het, 'Môre is dit 'n buitengewone Sabbat, 'n heilige Sabbat tot eer van die Here. Wat julle wil bak, moet julle bak, en wat julle wil kook, moet julle kook. Alles wat te veel is, moet julle veilig bêre tot die oggend.'"*
*Hulle het dit weggesit tot die oggend soos Moses beveel het. Dit het nie gestink nie en daar was nie maaiers in nie. Moses het gesê: "Eet dit vandag, want vandag is 'n Sabbat ter ere van die Here. Vandag sal julle dit nie in die veld kry nie. Vir ses dae moet julle dit bymekaarmaak, maar op die sewende dag, op 'n Sabbat, sal daar nie wees nie."*
*Op die sewende dag het van die mense uitgegaan om bymekaar te maak, maar hulle het niks gekry nie. Die Here sê toe vir Moses: "Hoe lank gaan julle weier om my gebooie en wette na te kom? Julle moet insien dat die Here vir julle die Sabbat gegee het – daarom gee Hy op die sesde dag twee dae se brood. Elkeen moet bly waar hy is; niemand mag op die sewende dag sy blyplek verlaat nie." Die volk het toe op die sewende dag gerus.*
– Eksodus 16:21–30 (die manna), 2020-vertaling

Soos ons gesê het, die dubble deel is wat die sabbatsrus moontlik maak. Maar, verstommend genoeg, alhoewel God reeds die dubbele deel op die sesde dag voorsien het, het baie van hulle op die sabbat uitgegaan om daarvoor te soek, maar hulle het niks gekry nie. Dit is nie

dat God nie getrou was om dit te voorsien nie. Hulle het dit bloot nie gesien nie want hulle het nie die volle begrip van die dubbele deel wat op die sesde dag voorsien is, gehad nie. Hulle het soos gewoonlik net vir een dag bymekaargemaak. Noudat hulle op die sewende dag honger is, vind hulle niks nie. Miskien, uit hulle perspektief, het God hulle gefaal. Maar God het nie gefaal nie; hulle was bloot nie bewus van die dubbele deel-beginsel nie. As hulle dit geweet het, het hulle anders beplan.

Hoeveel mense vandag dwaal rond om te probeer vind wat hulle nodig het, en besef nie God het dit reeds gestuur nie? Ek dink dit is baie interessant in hierdie Skrifgedeelte dat God eintlik kwaad is omdat hulle nie genoeg bymekaargemaak het nie!! Ek wonder hoe dit in ons kerke gepreek sal word.

*God wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan julle saad gee en dit laat groei en julle vrygewigheid 'n ryk oes laat oplewer. Hy maak julle altyd in alles ryk genoeg om by elke geleentheid vrygewig te kan wees.*
– 2 Korintiërs 9:10–11, 1983-vertaling

Paulus is baie eenvoudig hier wanneer hy die koninkryk van God se uitwerking verduidelik – dit maak jou in alle opsigte ryk sodat jy by elke geleentheid vrygewig kan wees. My vriend, dit vereis die dubbele deel. Jy kan nie by elke geleentheid vrygewig wees sonder die meer as genoeg nie.

Ek het in 'n vorige hoofstuk met jou gedeel hoe my besigheid van 'n produksievlak van 3 tot 4 miljoen dollar per jaar by een verskaffer tot 11 miljoen dollar per jaar gestyg het. Al hierdie toename het in net een jaar plaasgevind. Ek het jou ook vertel hoe dit gebeur het, dat God

vir my in die nag 'n droom gegee het en gesê het hoe om dit te doen. Maar nou moet ek jou vertel wat Hy vir my gesê het, want nou sal dit vir jou sin maak. In my droom het hy my eenvoudig drie woorde gegee. Dit is reg, net drie woorde. Daardie drie woorde het my inkomste daardie jaar met honderde duisende dollar verhoog sonder dat ek meer bemarking of advertensie moes doen as wat ek reeds gedoen het nie. Ek het niks in my maatskappy se funksionering verander nie, behalwe myself. Daardie drie woorde het my die instruksie gegee oor hoe ek persoonlik iets doen, en daardie verandering het my besigheid en my inkomste vervierdubbel. "Wat is die drie woorde?" vra jy. Eenvoudig – gryp die dag!

Ja, gryp die dag. "Net dit? Daardie drie woorde het dit alles gedoen?" Jip, dit het. Sodra jy verstaan dat God ALTYD die dubbele deel met sy voorsiening stuur, sal jy verstaan wat Hy vir my gesê het.

My maatskappy, soos alle verkoopmaatskappye, maak sy wins deur mense te help. Hoe beter 'n maatskappy is om mense te help, hoe meer geld sal hulle maak. Alhoewel dit waar is, is dit ook waar dat baie verkoopmaatskappye nie hulle kliënte se behoeftes vervul nie deurdat hulle nie opvolg nie, swak kliëntediens en om nuwe kliënte vir die maatskappy te werf.

In ons geval was ons verskriklik besig en alhoewel dit 'n goeie ding was, het ons partykeer nie die vinnigste reaksietyd wat ek graag vir ons kliënte wil hê, verskaf nie. Vir my persoonlik, ek werk met ons beleggingskliënte en ek geniet dit. Maar as gevolg van my skedule, wanneer 'n potensiële beleggingskliënt skakel en dit persoonlik aan my oorhandig word om op te volg, kry ek partykeer nie kans om hulle binne 24 uur terug te skakel nie. My bedoeling is goed, maar ek kry dit bloot nie gedoen nie.

Soos jy weet, wanneer mense vrae vra, is dit die maatskappy wat die antwoorde verskaf wat hulle besigheid sal kry. Partykeer wanneer jy nie 'n potensiële kliënt opvolg om hulle persoonlike beleggingsbehoeftes te bespreek nie, kan dit te laat wees. Hulle kon iemand anders geskakel het wat beskikbaar was om hulle vrae te antwoord. Daar is baie wat verkeerd kan gaan, maar die oplossing is om daar te wees met die antwoorde wanneer mense wil weet.

**DIE HERE HET MY VERTEL DAT DIE OORVLOED, DIE SABBATSRUS, REEDS DAAR WAS, HY HET DIT REEDS VOORSIEN. EK HET DIT BLOOT NIE RAAKGESIEN NIE!**

Daarom, toe die Here vir my daardie drie woorde gegee het, het ek geweet wat dit beteken. Ek moes anders na dinge kyk om op daardie verhoog te kon klim, in die top 10 en om die $100 000 bonus te ontvang. Ek moes die dag gryp! Daarom het ek 'n verandering gemaak in hoe ek dinge doen. Ek het 'n reël gemaak dat, indien iemand skakel vir beleggingsadvies, ek hulle dadelik sou besoek. My kliënte is regoor die land en hierdie verbintenis was een wat moeilik sou wees om te kan doen. Maar ek was ernstig daaroor. Ek het my maatskappybestuurder geskakel en hom vertel wat God gesê het, en hom opdrag gegee om al my verteenwoordigers te sê hulle moet dieselfde ingesteldheid hê om elke geleentheid wat hom voordoen, te gryp. Toe die jaar verby was, het ons die meer as 11 miljoen gehad wat vereis word om in die top 10 van daardie verskaffer te wees. Maar meer as dit, ons het ook addisionele besigheid in die miljoene vir ons ander verskaffers ingebring.

Hier is die oomblik van openbaring. Ons het niks anders gedoen nie, maar eenvoudig vinnig gereageer wanneer 'n kliënt met ons wou praat. Jy sien, die Here het vir my gesê die oorvloed, die sabbatsrus,

was reeds daar, Hy het dit reeds voorsien. Ék het dit nie raakgesien nie!

Hier is dus die dubbele deel koninkrykwet van hoe om die dubbele deel toe te pas. Die dubbele deel is altyd daar. God voorsien op die dubbele deel-vlak.

## GOD STUUR NOOIT VOORSIENING NET VIR VANDAG NIE. HY STUUR ALTYD DIE DUBBELE DEEL SAAM!

Weereens, ons probleem is dat ons nie die dubbele deel raaksien nie.

**Maar die groter probleem is dat ons nie eers weet om daarvoor te soek nie!**

Ek hou van wat Jesus gesê het: ". . . sodat niks vermors word nie." God het alles gestuur en Hy wil hê jy moet dit kry. Hy was ontsteld dat die mense op die sewende dag na die manna gaan soek het nadat Hy dit reeds gestuur het. Hy het Moses herinner dat Hy dit op die sesde dag gestuur het sodat hulle dit kon bymekaarmaak en die sabbatsrus geniet. Hy het basies vir hulle gesê: "Die sabbat is nie vir my nie, dit is vir julle. Dit is hoekom ek vir julle die dubbele deel gestuur het." Jy kan amper hoor hoe Jesus dieselfde sê. "Ouens, tel daardie brokstukke op, maak dit alles bymekaar. God het dit vir julle gestuur om op te tel sodat julle die dubbele deel kan geniet en rus vind."

In die storie waar Jesus die 5 000 met die vyf brode en twee visse gevoer het, het die dissipels nie die fragmente gesien nie. Hulle het nie eers daarna gesoek nie. Maar Jesus het vir hulle gesê om dit op te tel, en die oes is nie gemis nie. Vandag moet die Heilige Gees ons help

om verby die versadig te kyk en om die dubbele deel vas te vang. Hy sal dinge wat ons nie kan sien nie, uitwys as ons Hom daarna vra. Die sleutel wat ek hoop jy sover geleer het, is dat die dubbele deel reeds aan jou gegee het; jy moet dit net vasvang.

Omdat die dubbele deel die ENIGSTE ontsnapping uit die aardse vloekstelsel van pynlike inspanning en sweet is, haat die duiwel dit. O, hy gaan probeer om Christene te oortuig dat as hulle hul rekeninge betaal, twee werke het om by te hou, hulle eintlik goed doen. Maar ’n Christen wat geld het om die koninkryk van God te ondersteun en vry van finansiële vrees en bekommernis leef – nou dít is iemand wat hy wil stop. Die duiwel se bedoeling is om jou vir die res van jou lewe bankrot te hou en om jou te verslaaf aan ’n armsalige lewensstyl van oorlewing waar jy geen invloed het nie. Dit is waarom dit wat ek jou nou gaan vertel baie belangrik is vir jou om te verstaan.

## Die dubbele deel is versteek!

Oukei, dit is tyd om die dissipels ’n kans te gee. Daar is ’n rede hoekom hulle nie die oorvloed gesien het nie. Wel, natuurlik en soos ons gesê het, hulle het nie gekyk nie, maar daar was ook ’n ander faktor. Jy tel nie gewoonlik die afval op nie! Ek bedoel, in hulle gedagtes, was die brood- en visstukke wat rondgelê het, net afval.

Waarom was die muntstuk wat Petrus nodig gehad het om sy belasting te betaal in die vis se mond? Wie gaan ooit daar kyk daarvoor? Wie sou kon dink dat twee bote vol professionele vissermanne wat heelnag visgevang het en niks gekry het nie, die grootste vangs van hulle lewens sou vang op die woord van ’n rabbi? Wie sou kon dink dat die vrou in 2 Konings 4 wat geen geld gehad het nie, niks in haar huis behalwe

’n klein bietjie olie, en op die punt om bankrotskap te verklaar, sal op een of ander manier soveel olie hê dat dit al haar skuld afbetaal en haar toelaat om skuldvry te leef? Niemand sou nie. Wie sou kon dink dat Gary Keesee, wat die tweede laagste punte in die klas gehad het toe hy gegradueer het, vandag ’n miljoenêr sou wees en elke dag met duisende mense regoor die wêreld praat? Niemand nie! In al hierdie stories het God die onverwagte gebruik om die situasies om te keer.

As die oorvloed, die dubbele deel duidelik was, net daar in die oopte gesit het, sou die duiwel dit gesien het en probeer het om dit te onderskep en te steel. Dit is hoekom God nie Sy skatte openlik openbaar nie. Hulle is weggesteek. Die duiwel haat dit as jy versadig is en die voorsiening geniet, maar hy haat dit nog meer as jy oorstap in die oorvloed en die sabbatsrus.

**DIE DUIWEL SE BEDOELING IS OM JOU VIR DIE RES VAN JOU LEWE BANKROT TE HOU EN OM JOU TE VERSLAAF AAN ’N ARMSALIGE LEWENSSTYL VAN OORLEWING WAAR JY GEEN INVLOED HET NIE.**

Kom ek wys jou iets wat jy moet verstaan oor hoe God in die aardse ryk werk.

*Nee, die wysheid waarvan ons praat, is die diepsinnige wysheid van God wat voorheen geheim gehou is, wat God van ewigheid af daargestel het sodat ons die heerlikheid kan ontvang. Maar die heersers van hierdie wêreld het dit nie begryp nie. As hulle dit wel begryp het, sou hulle nooit ons Here aan wie die heerlikheid behoort, gekruisig het nie.*

– 1 Korintiërs 2:7–8, NLV

Hierdie verse wys ons duidelik dat indien die duiwel geweet het wat God se plan was, hy van taktiek sou verander! Dit is hoekom God in die geheim moet werk. Die duiwel sal op enigiets duidelik reageer. Jou oorvloedige voorsiening kan ook nie duidelik gemaak word nie tot op die oomblik wat jy dit vasvang of oes om dieselfde rede. Ek het 'n gesegde wat ek al vir jare gebruik. God se skatte is weggesteek, nie van jou nie, maar vir jou.

**Versteek *van* jou is *vir* jou!**

Baie mense sê vir my hulle wens God wil nie wag tot op die laaste minuut om Sy antwoorde te bring nie. Maar my vriend, God is nie senuagtig nie. Hy weet wanneer is die rekening betaalbaar, en dit is tot jou voordeel dat God nie Sy hand te vroeg wys nie, om te keer dat die duiwel dit onderskep.

> *Ek gee vir jou skatte wat weggesteek is in die donker, rykdomme opgesluit in geheime plekke. Ek doen dit sodat jy kan erken dat Ek die* HERE *is, die God van Israel, wat jou by jou naam roep.*
> – Jesaja 45:3, NLV

Rykdomme opgesluit in geheime plekke? Hierdie is beter as die beste Hollywood-fliekmanuskrip. Kom ek gee jou 'n voorbeeld hoe God my gehelp het om die dubbele deel in my besigheidslewe vas te vang. Jare gelede het ek gesit en kyk na my wins-en-verliesstaat vir die jaar vir my finansiële dienstemaatskappy. Alhoewel ek tevrede was – ek was uit die skuld uit en het geld in die bank gehad – het ek geweet daar is meer. Ek het so baie projekte in die koninkryk gesien wat ek wou befonds, soveel om te doen, en dit het alles geld gekos.

Soos ek daaroor gebid het, het die Here met my gedeel oor die term *fragmente*. Ek het nie dadelik geweet wat Hy sê nie, maar hoe langer ek daaroor gebid en geluister het, het ek dit begryp. Fragmente soos wat ons in die storie gelees het, word misgekyk. Hulle waarde word beskou as waardeloos – of as gevolg van die energie wat dit sal neem om dit vas te vang wat gesien word as nie die moeite werd nie, óf hulle waarde is op ’n outydse waardestelsel gebaseer. Wat ook moontlik is, ’n verkeerde en beperkte persepsie van hulle potensiale gebruik beperk hulle begrip van hulle moontlike waardetoename uit dit wat hulle huidige persepsie is.

Jy het seker al gehoor dat mense sê: “Dit is net die manier waarop ons dit nog altyd gedoen het.” Wel, ek kan vir jou sê die dubbele deel sal moontlik nie op daardie manier kom nie.

Soos ek na die data gekyk het, het God my oë geopen vir die baie fragmente wat ek op die tafel los en wat ek moet optel. Een van die prioriteite wat ons met elke kliënte doen, is om ’n volledige dataprofiel op hulle te doen om te sien watter bates hulle het en ook hulle skuldverpligtinge. Ons doen dan ’n analise om vir enige geld te soek wat ons kan herposisioneer om skuld uit te wis. Ons lys natuurlik hulle huidige verbandstatus en die rentekoers, en dit sluit die terme van die lening in op die datavorm. In daardie stadium het ons ook ons kliënte geadviseer om ’n kredietlyn teen hulle huis se ekwiteit te verkry om die kredietkaartskuld wat hoë rente hef, klaar te betaal en dus hulle netto rentekoers van ’n tipiese 21% na 6% (op daardie tydstip) te verminder. Die geld wat hulle net op hierdie skuif gespaar het, het die gemiddelde gesin $500 tot $600 per maand in kontantvloei gespaar. Toe hierdie situasie homself voordoen, sou ons ons kliënte terugstuur na hulle eie banke toe om die konsolidasielening aan te gaan.

Terwyl ek my data bestudeer het, het die Heilige Gees hierdie verbandkwessie aan my uitgewys. “Hoekom hanteer jy nie die saak rondom die verband nie?” Toe ek daaroor nadink, het dit sin gemaak; ons het reeds hulle data; en dit was ons wat in die eerste plek voorgestel het dat hulle hulle skuld herfinansier.

Om hierdie kant van die besigheid te hanteer, het dit beteken ek moes ’n hele nuwe kant van die besigheid leer, lisensie- en opleidingsklasse deurkom en vele meer. Ek het bloot nie die tyd gehad om dit te doen nie. Maar soos ek aanhou bid het daaroor, het die Here my aangepor om iemand anders aan te stel om die verbandmaatskappy op te stel en te bestuur, wat ek gedoen het. Die feit dat ons self die verbandwerk hanteer het, het net in die eerste jaar ’n addisionele $160 000 se netto inkomste ingebring. Dit is geld wat ek nooit sou gehad het as ek nie toegelaat het dat die Heilige Gees ’n fragment uitwys wat ek nooit raakgesien het nie.

Ek het nog baie meer items wat fragmente was, so vasgevang soos wat die Heilige Gees dit vir my uitgewys het. Een fragment wat ek nie raakgesien het nie – as gevolg van vooropgestelde idees waarvan ek gehoor het of geleer het by ander mense dat dit nie die moeite werd was om te ondersoek nie – het so ’n groot sukses vir ons geword. Toe ek uiteindelik gaan sit en kyk daarna, het ek besef al die inligting wat ek oor hierdie produkarea gehoor het, was verkeerd en dit was, om die waarheid te sê, ’n uitstekende pasmaat vir ons maatskappy. Daardie fragment het in werklikheid meer inkomste gegenereer as my kern besigheidsmodel, en miljoene dollar ingebring. Dit was letterlik ’n multimiljoendollar-fragment!

Kom ek maak dit duidelik vir jou. Die dubbele porsie word vasgevang deur openbaring! Openbaring is eenvoudig iets wat die Heilige Gees

jou wys wat jy nie op jou eie sou geweet het nie. Dus openbaar die Heilige Gees of hy open jou oë vir iets wat jy nie uit jouself uit kan weet nie. Dit word openbaringskennis genoem.

## Openbaring is die sleutel tot die dubbele deel!

Mense vra my dan: "Hoe hoor ek die Heilige Gees? Hoe hoor ek hoe om hierdie versteekte idees en geleenthede vas te vang?" Baie goeie vrae. Ek het nie die tyd om in hierdie boek in-diepte te bespreek hoe om God se stem te hoor nie. Daarom gaan ek jou verwys na 'n ander boek wat ek geskryf het, *The Baptism of the Holy Spirit*. Jy kan dit deur Amazon of op ons webtuiste koop. In daardie boek sal jy meer inligting kry oor hoe die Heilige Gees werk om God se versteekte planne aan ons te openbaar, sodat ons hier in die aardse ryk voorspoedig kan wees, reg onder die duiwel se neus; en daar is niks wat hy daaraan kan doen nie. Maar om jou in die regte rigting te druk, kom ons kyk na **1 Korintiërs 14:2**.

*Want hy wat in 'n taal spreek, spreek nie tot mense nie, maar tot God; want niemand verstaan dit nie, maar deur die Gees spreek hy verborgenhede. (1953-vertaling)*

**Verse 4** sê:

*Iemand wat in tale praat, word self geestelik opgebou. (NLV)*

Ons almal het 'n behoefte daaraan om geestelike opgebou te word. Ek het dit nodig en jy ook. Wanneer die Bybel hier praat van spreek in tale, of soos Paulus dit stel, bid in die Gees, wil ek jou bemoedig – maak

nie saak wat jy oor hierdie funksie van die Heilige Gees gehoor het nie, veral wanneer iemand jou vertel dat dit weggeval het saam met die apostels of dat dit van die duiwel is – lees jou Bybel! Om in die Gees te bid is eenvoudig die Heilige Gees wat deur jou in die aardse ryk bid om Sy wil tot uitvoer te bring sonder dat die duiwel weet wat aangaan. Om in die Gees te bid is ’n belangrike sleutel om openbaring van die hemel te ontvang en ek wil jou aanmoedig om na te vors wat ek gesê het. En as jy nog vrae het, kry my boek en ek weet dit sal jou help om meer insig in hierdie wonderlike funksie van die Heilige Gees se funksionering in ons lewens te kry.

Ek wil hierdie boek afsluit met twee Bybelverse wat hierdie hoofstuk opsom.

*En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk, aan Hom die heerlikheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid! Amen.*
– Efesiërs 3:20–21, 1953-vertaling

Jy kan nooit vir iets vra waaraan jy nog nooit gedink het nie. Ek besit tans twee vliegtuie, ’n kleiner een wat ek vir pret vlieg en my besigheidsvliegtuig wat na enige plek in die land vlieg waar heen ek gaan. Toe ek oorweeg het om ’n vliegtuig vir besigheidsdoeleindes te koop, was ek geskok oor die prys. Vliegtuie is nie goedkoop nie! Ek het besin en gedink: “Ek kan sonder ’n vliegtuig vir besigheid klaarkom. Dit is baie geld.” Maar ek het weekliks met kommersiële lugrederye gevlieg, en een maand het ek 23 keer gevlieg. Dit was uitmergelend. Ja, ek kan sê ek het die voorsiening gehad. Al my vlugte was betaal; daar was nie probleme met die geld om daarvoor te betaal nie. Maar my lugredery-reise was

enigiets behalwe gemaklik. Vlugte was gekanselleer of laat en dit was ’n gemors. Dit was nie die sabbatsrus wat ek nodig gehad het nie.

Ek het uiteindelik erken dat ek besig was om God hier te beperk. Hy is die God van die dubbele deel. Ek is jammer om te moet sê, ek en Drenda het vir ’n jaar uitgestel om ’n vliegtuig te koop. God het uiteindelik ons aandag op daardie vliegtuig gekry en vir ons gesê Hy het toe al twee jaar probeer om daardie vliegtuig by ons uit te kry! Ons het bely en ons besluit geneem. Ons het ons saad vir die presiese besigheidsvliegtuig wat ons wou hê en nodig gehad het, gesaai; en toe ons dit doen, het ons dit binne twee maande gehad. In daardie tyd het God vir my insig en guns gegee met ’n paar besigheidstransaksies, en die geld was daar toe ek dit nodig gehad het.

Ja, God is die God van die dubbele deel. Het dit ’n verskil gemaak? Wel die verskil in my lewe as ek vergelyk hoe dit voel om my eie vliegtuig te vlieg teenoor ’n kommersiële vlug, is dit soos om te vergelyk hoe dit voel om fiets of ’n kar te ry na ’n afspraak wat 50 kilometer van jou af is. Regtig! En God het vir twee jaar probeer om daardie vliegtuig vir my te kry terwyl ek net gestaar het na die versadig en blind gebly het vir die dubbele deel wat God reeds vir my voorsien het. Ek moes dit net raaksien.

Jy bestuur dalk ’n kar wat dringend herstel moet word en bid dat dit aanskakel wanneer jy inklim. Hou op kyk na die leë bankrekening en hou op om oorlewingsbesluite gebaseer daarop, te neem. In plaas daarvan, laat die God van die dubbele deel vir jou die fragmente wys, die versteekte dinge wat jy moet weet om vry te wees en die vrede en rus van die sabbatsrus te geniet. Hy sal vir jou die plan gee en jou wys hoe om dit te doen as jy Hom net vra. Soos Jesus gesê het: “. . . sodat niks vermors word nie.” Die dubbele deel is reeds aan jou voorsien!

*Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God; want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne.*
– Hebreërs 4:9–10, 1953-vertaling

Ek vertrou dat hierdie boek ’n seëning vir jou en jou reis met die Here Jesus Christus was. Soos ek in die boek gesê het, is hierdie die tweede boek in die “Jou Finansiële Rewolusie”-reeks. Daar sal ’n totaal van vyf boeke wees, kyk dus uit vir die volgende boek op ons webtuiste. Oorweeg ook om ’n lid van Team Revolution, ons mentorskapprogram, te word. Jy kan meer inligting oor Team Revolution op ons webtuiste vind.

Gary en Drenda Keesee besit en bedryf Forward Financial Group in New Albany, Ohio, 1-(800)-815-0818.

Gary en Drenda Keesee is die pastors van Faith Life Church in New Albany, Ohio, in die VSA.

Vir meer hulpbronne deur Gary en Drenda Keesee, gaan na *Faith-LifeNow.com*, *GaryKeesee.com*, of *Drenda.com*.

# EINDNOTAS


**Hoofstuk 1**

1. Niall McCarthy, "Survey: 69% of Americans Have Less Than $1,000 in Savings," *Forbes*, 23 September 2016, *https://www.forbes.com/sites/niallmccarthy/2016/09/23/survey-69-of-americans-have-less-than-1000-in-savings-infographic/#30d27351ae67*.
2. Michael David Smith, "Packers' Books Show NFL teams Split $7.8 Billion in National Revenue," NBC Sports, *http:// profootballtalk.nbcsports.com/2017/07/12/packers-books-show-nfl-teams-split-7-8-billion-in-national-revenue/*.
3. Joe D'Allegro, "Super Bowl Billions: The Big Business Behind the Biggest Game of the Year," CNBC, 22 Januarie 2017, soos opgedateer 2 Februarie 2017, *https://www.cnbc.com/2017/01/20/super-bowl-billions-the-big-business-behind-the-big-game. html*.

**Hoofstuk 3**

4. "Becoming a Yes Mom," *http://www.babyzone.com*.
5. Michael Snyder, "Goodbye Middle Class: 51 Percent of all American Workers Make Less Than 30,000 Dollars A Year," "End of the American Dream," *Washington's Blog*, 21 Oktober 2015, *http://www.washingtonsblog.com/2015/10/goodbye-middle-class-51-percent-of-all-american-workers-make-less-than-30000-dollars-a-year.html/*.

Gaan na **FLNFree.com**
om meer leringe in jou taal af te laai!

Wil jy nog GRATIS
leerhulpbronne in jou taal aflaai?
Gaan na **FLNFree.com**

# JOU FINANSIËLE REWOLUSIE
## Die krag van rus

**Is jy moeg? Moeg vir die dolle gejaag na wind? Moeg daarvoor om te voel jy is vasgevang? Moeg van bekommernisse? Moeg daarvan om ongelukkig te wees? Jy hoef nie langer so te leef nie.**

Kom saam met Gary Keesee op hierdie wonderlike ontdekkingsreis en LEER ’N NUWE STELSEL – een wat jou lewe heeltemal sal rewolusioneer, nes dit syne verander het na nege lang jare van moeg wees en finansieel, fisiek en emosioneel uitgeput. Vind uit:

- Hoe alles vir Gary verander het – hoe hy gegaan het van heeltemal desperaat, finansieel en fisiek, na gesond en heel, kontant betaal het vir motors, sy huis sonder skuld gebou het, verskeie maatskappye begin het, en honderde duisende mense geleer het oor ’n Koninkryk-lewe . . . om ’n lewe van rus te leef.
- Hoe alles vir JOU ook kan verander – hoe JY ’n lewe van rus kan leef.

Selfs al is almal wat jy ken ook moeg en werk hulle hard om net te oorleef, hoef jy nie so te leef nie.

Wanneer jy die sleutelbeginsel van die Sabbatsrus verstaan, sal jy werklike resultate in jou lewe begin sien. Jy kan leef op ’n plek waar jou behoeftes vervul word; vry van die dolle gejaag; vry om jou doel en passie te vind en daarin voorspoedig te wees, waar jy nie net meer oorleef nie; en waar jy resultate aan die wêreld toon wat anders is as wat hulle gewoonlik sien. Moenie vasgevang bly nie. Moenie moeg wees nie.

Ontdek ’n nuwe manier van leef!



Gary Keesee is ’n skrywer, spreker, entrepreneur, finansiële deskundige en pastor. Hy het ’n passie om mense te help, spesifiek op die gebied van geloof, jou gesin en finansies. Gary en sy vrou, Drenda, het verskeie suksesvolle besighede geskep en is die stigters van Faith Life Now, wat twee televisieprogramme vervaardig – *Fixing the Money Thing* en *Drenda* – asook wêreldwye konferensies en praktiese hulpbronne. Die Keesees is ook die pastors van Faith Life Church naby Columbus, Ohio in die VSA.

GKM GARY KEESEE MINISTRIES
garykeesee.com